

BUITENGEWONE



EXTRAORDINARY

Staatskoerant

VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

THE UNION OF SOUTH AFRICA

Government Gazette

[Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.]

[Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

VOL. CLX.] PRYS 6d.

KAAPSTAD, 12 MEI 1950.
CAPE TOWN, 12TH MAY, 1950.

PRICE 6d. [No. 4384.

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER.

Onderstaande Goewermentskennisgewing word ter algemene inligting gepubliseer.

No. 1071.] [12 Mei 1950.

Hierby word bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om sy goedkeuring te heg aan onderstaande Wette, wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

	BLADSY
No. 16 van 1950: Wet op Appèlle na die Geheime Raad, 1950	2
No. 17 van 1950: Private Wet op die Randwater-raadstatute, 1950	4
No. 18 van 1950: Lugvaartwysigingswet, 1950	80
No. 19 van 1950: Private Wet op die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1950... ..	82
No. 20 van 1950: Bekragtigingswet insake Bevoegdhede van Administrateurs, 1950	104
No. 21 van 1950: Ontug-wysigingswet, 1950	106
No. 22 van 1950: Outeursreg-wysigingswet, 1950	108
No. 23 van 1950: Wet tot Reëling van Besproeiingsdistrik Olifantsnek, 1950	110
No. 24 van 1950: Wet tot Reëling van die Bewaringsdistrik Breederivier, 1950	118
No. 25 van 1950: Wysigingswet op die Ontwikkeling van die Visnywerheid, 1950	124

OFFICE OF THE PRIME MINISTER.

The following Government Notice is published for general information.

No. 1071.] [12th May, 1950.

It is hereby notified that His Excellency the Governor-General has been pleased to assent to the following Acts, which are hereby published for general information:—

	PAGE
No. 16 of 1950: Privy Council Appeals Act, 1950... ..	3
No. 17 of 1950: Rand Water Board Statutes (Private) Act, 1950	5
No. 18 of 1950: Aviation Amendment Act, 1950	81
No. 19 of 1950: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (Private) Act, 1950	83
No. 20 of 1950: Administrators' Powers (Validation) Act, 1950	105
No. 21 of 1950: Immorality Amendment Act, 1950	107
No. 22 of 1950: Copyright Amendment Act, 1950... ..	109
No. 23 of 1950: Olifantsnek Irrigation District Adjustment Act, 1950	111
No. 24 of 1950: Breede River Conservation District Adjustment Act, 1950	119
No. 25 of 1950: Fishing Industry Development Amendment Act, 1950	125

No. 16, 1950.]

WET

Tot wysiging van die „Zuid-Afrika Wet, 1909”, ten einde appèlle na die Geheime Raad af te skaf.

(Afrikaanse teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)
(Goedgekeur op 19 April 1950.)

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

Wysiging van artikel 106 van die „Zuid-Afrika Wet, 1909”.

1. Artikel *honderd-en-ses* van die „Zuid-Afrika Wet, 1909”, word hiermee herroep en deur die volgende artikel vervang:

„Geen appèl 106. Er zal geen appèl zijn naar de Koning-in-
naar Rade—

Koning-in- Rade—
Rade. (a) van een vonnis of order van de Afdeling van Appèl van het Hooggerechtshof van Zuid-Afrika gewezen bij een appèl van een hof in de Unie of het gebied Zuid-West Afrika; of
(b) van een vonnis of order van een ander hof in de Unie of gemeld gebied dan bedoelde Afdeling van Appèl.”.

Kort titel.

2. Hierdie Wet heet die Wet op Appèlle na die Geheime Raad, 1950.

No. 16, 1950.]

ACT

To amend the South Africa Act, 1909, so as to abolish appeals to the Privy Council.

*(Afrikaans text signed by the Governor-General.)
(Assented to 19th April, 1950.)*

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

1. Section *one hundred and six* of the South Africa Act, 1909, is hereby repealed and the following section substituted therefor:—
“No appeal to King-in-Council—
106. There shall be no appeal to the King-in-Council—

Amendment of section 106 of South Africa Act, 1909.

- (a) from any judgment or order of the Appellate Division of the Supreme Court of South Africa given on an appeal from any court in the Union or the territory of South-West Africa; or
- (b) from any judgment or order of any court in the Union or the said territory, other than such Appellate Division.”.

2. This Act shall be called the Privy Council Appeals Act, 1950. **Short title.**

No. 17, 1950.]

PRIVATE WET

Tot [konsolidering van die Randwaterraadstatute 1903-1949.

(Engelse teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)
(Goedgekeur op 1 Mei 1950.)

Aanhef.

NADEMAAL die Randwaterraad (hierna die raad genoem) kragtens die „Rand Water Board Incorporation Ordinance, 1903” (Transvaal), ingestel is vir die verskaffing van water binne die verskaffingsterrein soos in daardie Ordonnansie omskryf:

EN NADEMAAL die samestelling, bevoegdhede, regte en pligte van die raad van tyd tot tyd verander en aangevul is deur latere Ordonnansies en Wette van die Transvaalse Regering en deur latere Wette van die Unie-parlement wat almal, saam met voornoemde „Rand Water Board Incorporation Ordinance, 1903” (Transvaal), aangehaal word as die Randwaterraadstatute 1903-1949:

EN NADEMAAL dit dienstig is dat die Randwaterraadstatute 1903-1949 gekonsolideer moet word:

WORD DIT DERHALWE BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, soos volg:—

VOORAFGAANDE BEPALINGS.

Herroeping van wette.

1. Die wette in die Eerste Bylae genoem word hiermee herroep vir sover in die vierde kolom van daardie Bylae aangetoon, benewens soveel van enige ander wet as wat met die bepalinge van hierdie Wet strydig of onbestaanbaar mag wees.

Verklaring van uitdrukkinge.

2. (1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

- (i) „delgingsfonds” die fonds kragtens artikel *sewentig* van die Ordonnansie van 1904 gestig; (xxi)
- (ii) „eenvormige belasting” die belasting ooreenkomstig artikel *negen-en-veertig* gehef; (xxvii)
- (iii) „effekte” effekte deur die raad kragtens die bepalinge van hierdie Wet of enige vorige wet uitgegee; (xxv)
- (iv) „eienaar” met betrekking tot grond wat die raad mag verlang om te verkry of waarop of waaroor die raad mag verlang om ’n reg of servituut ingevolge die by hierdie Wet verleende bevoegdhede te verkry of uit te oefen, die eienaar van die grond of ander persoon wat geregtig is om so ’n reg of servituut te verleen of daaroor te beskik; (xix)
- (v) „gedeponeerde planne” die planne wat in verband met die Wet van 1914 ingevolge die Reglement van Orde van die Volksraad gedeponeer is, en by die toepassing van hierdie Wet word geag dat dié planne so gewysig is dat die studam en die waterpeil soos op dié planne aangetoon in so ’n mate verhoog is dat tweehonderd agt-en-tahtigmiljoen kubieke voet water meer dan die hoeveelheid in sub-artikel (1) van artikel *honderd vier-en-twintig* genoem agter die studam opgedam en bewaar kan word; (x)
- (vi) „houer van mynbrief” ’n persoon wie se naam in die staat vir daardie tydstep ingevolge die bepalinge van artikel *sewe-en-veertig* verstrekk, gemeld word as die houer van ’n kleimlisensie, mynpagbrief, mynhuur of ander mynbrief in die staat genoem; (xiii)
- (vii) „jaar” ’n tydperk van twaalf maande bereken vanaf die eerste dag van April in enige jaar; (xxx)
- (viii) „Minister”, „direkteur”, „oewereienaar”, „oewergrond”, „normale stroming” en „surplus-water”, waar dié uitdrukkinge in hierdie Wet voorkom, dieselfde as wat hulle volgens omskrywing in die „Besproeiings- en Waterbewarings Wet, 1912” (Wet No. 8 van 1912), beteken; (xvii)
- (ix) „myne” goudmyne; (xvi)
- (x) „onderneming” en omvat dit alle regte om water te neem, te verdeel en te verskaf, en alle ander regte, bevoegdhede, magtigings en voorregte, en alle sodanige

No. 17, 1950.]

PRIVATE ACT

To consolidate the Rand Water Board Statutes 1903-1949.

(English text signed by the Governor-General.)
(Assented to 1st May, 1950.)

WHEREAS the Rand Water Board (hereinafter referred to as the board) was constituted by the Rand Water Board Incorporation Ordinance, 1903 (Transvaal), to supply water within the limits of supply as defined in that Ordinance:

AND WHEREAS the constitution, powers, rights and duties of the board have from time to time been altered and added to by subsequent Ordinances and Acts of the Transvaal Government and by subsequent Acts of the Union Parliament, all of which, together with the aforesaid Rand Water Board Incorporation Ordinance, 1903 (Transvaal), are cited as the Rand Water Board Statutes 1903-1949:

AND WHEREAS it is expedient that the Rand Water Board Statutes 1903-1949 should be consolidated:

BE IT THEREFORE ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

PRELIMINARY.

1. The laws mentioned in the First Schedule are hereby repealed to the extent set out in the fourth column of that Schedule, together with so much of any other law as may be repugnant to or inconsistent with the provisions of this Act.

2. (1) In this Act, unless the context otherwise indicates—
- (i) "Act of 1914" means the Rand Water Board Supplementary Water Supply (Private) Act, 1914 (Act No. 18 of 1914); (xxix)
 - (ii) "auditor" means the person referred to in section *forty-seven*; (xii)
 - (iii) "barrage" means the barrage or dam constructed in accordance with the provisions of the Act of 1914; (xxi)
 - (iv) "betterment fund" means the fund established under section *three* of the Rand Water Board Statutes, 1903-1923, Amendment (Private) Act, 1931 (Act No. 5 of 1931); (xxiii)
 - (v) "bills" means bills issued by the board under the provisions of this Act; (xxx)
 - (vi) "board" means the Rand Water Board as established under section *two* of the Rand Water Board Incorporation Ordinance, 1903 (Ordinance No. 32 of 1903 (Transvaal)); (xiii)
 - (vii) "constituent authority" means the railway administration, any constituent local authority or the Transvaal Chamber of Mines; (xvii)
 - (viii) "constituent local authority" means a local authority as defined by section *two* of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939 (Transvaal)), which is entitled to appoint a member or members to the board; (xviii)
 - (ix) "consumer" means any person to whom water is supplied by the board; (xxiv)
 - (x) "deposited plans" means the plans deposited in connection with the Act of 1914 under the Standing Rules and Orders of the House of Assembly, and these plans shall, for the purposes of this Act, be deemed to have been so modified that the height of the barrage and of the water level shown on these plans is increased to such an extent that two hundred and eighty-eight million cubic feet of water in excess of that mentioned in sub-section (1) of section *one hundred and twenty-four* may be impounded and stored behind the barrage; (v)

- eiendom, roerend en onroerend, reserwefondse, beleggings, en alle ander belange en regte in, op en uit die eiendom, roerend en onroerend, en verpligtings en vorderingsregte met inbegrip van kontantsaldo's en boekskulde, en alle boeke, rekenings en dokumente wat daarop betrekking het; (xxvi)
- (xi) „Ordonnansie van 1904” die „Rand Water Board Extended Powers Ordinance, 1904” (Ordonnansie No. 48 van 1904 (Transvaal)); (xviii)
- (xii) „ouditeur” die persoon in artikel *sewe-en-veertig* bedoel; (ii)
- (xiii) „raad” die Randwaterraad soos ingestel kragtens artikel *twee* van die „Rand Water Board Incorporation Ordinance, 1903” (Ordonnansie No. 32 van 1903 (Transvaal)); (vi)
- (xiv) „registrator” die persoon deur die raad aangestel om die nominale register van effekte en die register van wissels ooreenkomstig onderskeidelik artikels *ag-en-sestig* en *sewe-en-negentig* te hou; (xxii)
- (xv) „rentefonds” die fonds kragtens artikel *sewentig* van die Ordonnansie van 1904 gestig; (xiv)
- (xvi) „reserwefonds” die fonds kragtens artikel *ses-en-vyftig* van die Ordonnansie van 1904 gestig; (xxiii)
- (xvii) „samestellende owerheid” die spoorwegadministrasie, 'n samestellende plaaslike bestuur of die Transvaalse Kamer van Mynwese; (vii)
- (xviii) „samestellende plaaslike bestuur” 'n plaaslike bestuur soos omskryf deur artikel *twee* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939 (Transvaal)), wat daarop geregtig is om 'n lid of lede in die raad aan te stel; (viii)
- (xix) „sekretaris” die persoon ooreenkomstig paragraaf (l) van artikel *vier-en-twintig* as sekretaris en tesourier van die raad aangestel of 'n persoon wat in sy plek optree; (xxiv)
- (xx) „spoorwegadministrasie” die owerheid belas met die beheer en bestuur van die spoorweë en hawens van die Unie soos ingestel kragtens die „Zuid-Afrika Wet, 1909”, of 'n wysiging daarvan; (xx)
- (xxi) „studam” die studam of dam ooreenkomstig die bepaling van die Wet van 1914 gebou; (iii)
- (xxii) „vaste koste” die koste in artikel *een-en-vyftig* omskryf; (xii)
- (xxiii) „verbeteringsfonds” die fonds kragtens artikel *drie* van die Rand Waterraad Statute, 1903-1923, Wysigings (Private) Wet, 1931 (Wet No. 5 van 1931), gestig; (iv)
- (xxiv) „verbruiker” 'n persoon aan wie water deur die raad verskaf word; (ix)
- (xxv) „verskaffingsterrein” die gebied begrens soos in die Tweede Bylae omskryf en soos van tyd tot tyd ooreenkomstig die bepaling van artikel *honderd-en-twaalf* uitgebrei of verander; (xv)
- (xxvi) „waardevermindering- en vernuwingsfonds” die fonds kragtens artikel *twee* van die Private Wet tot Wysiging van die Rand-Waterraadstatute 1903-1944, 1945 (Wet No. 10 van 1945), gestig; (xi)
- (xxvii) „waterfonds” die fonds kragtens artikel *vyf-en-vyftig* van die Ordonnansie van 1904 gestig; (xxviii)
- (xxviii) „wateronderneming” en omvat dit al die eiendom, regte, bevoegdhede, magtigings, voorregte, belange, verpligtings, boeke, rekenings en dokumente in die omskrywing van „onderneming” vervat vir sover dit in verband staan met die neem, verdeling en verskaffing van water as 'n bedryf; (xxix)
- (xxix) „Wet van 1914” die „Rand Waterraad Verdere Waterverschaffings (Private) Wet, 1914” (Wet No. 18 van 1914); (i)
- (xxx) „wissels” wissels deur die raad kragtens die bepaling van hierdie Wet uitgegee. (v)
- (2) In Hoofstuk VI, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—
- „bewaargebied van die raad se werke” die bewaargebied van die werke in die Agste Bylae omskryf.

- (xi) "depreciation and renewals fund" means the fund established under section *two* of the Rand Water Board Statutes 1903-1944 Amendment (Private) Act, 1945 (Act No. 10 of 1945); (xxvi)
 - (xii) "fixed charges" means the charges defined in section *fifty-one*; (xxii)
 - (xiii) "holder of mining title" means any person whose name appears in the statement for the time being rendered under the provisions of section *fifty-seven* as the holder of any claim licence, mynpacht brief, mining lease or other mining title included in such statement; (vi)
 - (xiv) "interest fund" means the fund established under section *seventy* of the Ordinance of 1904; (xv)
 - (xv) "limits of supply" means the area defined in the Second Schedule as extended or varied from time to time in accordance with the provisions of section *one hundred and twelve*; (xxv)
 - (xvi) "mines" means gold mines; (ix)
 - (xvii) "Minister", "director", "riparian owner", "riparian land", "normal flow" and "surplus water", where used in this Act, shall have the same meanings as those assigned by the Irrigation and Conservation of Waters Act, 1912 (Act No. 8 of 1912); (viii)
 - (xviii) "Ordinance of 1904" means the Rand Water Board Extended Powers Ordinance, 1904 (Ordinance No. 48 of 1904 (Transvaal)); (xi)
 - (xix) "owner" in relation to any land which the board may seek to acquire, or in or over which the board may seek to acquire or exercise any right or servitude under the powers conferred by this Act, means the owner of the land or other person entitled to grant or dispose of any such right or servitude; (iv)
 - (xx) "railway administration" means the authority for the control and management of the railways, ports and harbours of the Union as established under the South Africa Act, 1909, or any amendment thereof; (xx)
 - (xxi) "redemption fund" means the fund established under section *seventy* of the Ordinance of 1904; (i)
 - (xxii) "registrar" means the person appointed by the board to keep the nominal register of stock and the register of bills in terms of sections *sixty-eight* and *ninety-seven* respectively; (xiv)
 - (xxiii) "reserve fund" means the fund established under section *fifty-six* of the Ordinance of 1904; (xvi)
 - (xxiv) "secretary" means the person appointed in terms of paragraph (l) of section *twenty-four* as secretary and treasurer to the board or any person acting in his stead; (xix)
 - (xxv) "stock" means stock issued by the board under the provisions of this Act or any prior law; (iii)
 - (xxvi) "undertaking" means and includes all rights of taking, distributing and supplying water, and all other rights, powers, authorities and privileges, and all such property, movable and immovable, reserve funds, investments, and all other interests and rights in, to and out of the property, movable and immovable, and obligations and things in action including cash balances and book debts, and all books, accounts and documents relating thereto; (x)
 - (xxvii) "uniform rate" means the rate levied in terms of section *forty-nine*; (ii)
 - (xxviii) "water fund" means the fund established under section *fifty-five* of the Ordinance of 1904; (xxvii)
 - (xxix) "water undertaking" means and includes all the property, rights, powers, authorities, privileges, interests, obligations, books, accounts and documents contained in the definition of "undertaking", so far as the same are connected with the business of taking, distributing and supplying water; (xxviii)
 - (xxx) "year" means a period of twelve months calculated from the first day of April in any year. (vii)
- (2) In Chapter VI, unless the context otherwise indicates—
 "storage area of the board's works" means the storage area of the works described in the Eighth Schedule.

Indeling van
Wet.

3. Hierdie Wet is in sewe hoofstukke ingedeel wat onderskeidelik op die volgende onderwerpe betrekking het:

Hoofstuk I: Samestelling van raad (artikels vier tot veertien).

Hoofstuk II: Vergaderings en verrigtings (artikels vyftien tot drie-en-twintig).

Hoofstuk III: Bevoegdhede van raad (artikels vier-en-twintig tot twee-en-dertig).

Hoofstuk IV: Finansiële bepalings:

Deel 1: Reëling en beheer van finansies (artikels drie-en-dertig tot sewe-en-veertig).

Deel 2: Watertariewe (artikels agt-en-veertig tot vyftig).

Deel 3: Vaste koste (artikels een-en-vyftig tot een-en-sestig).

Deel 4: Leningsbevoegdhede (artikels twee-en-sestig tot vier-en-sestig).

Deel 5: Voorwaardes van uitgifte van effekte (artikels vyf-en-sestig tot ses-en-negentig).

Deel 6: Voorwaardes van uitgifte van wissels (artikel sewe-en-negentig).

Deel 7: Spesiale belastingsbevoegdhede (artikels agt-en-negentig tot honderd-en-nege).

Hoofstuk V: Algemene bepalings (artikels honderd-en-tien tot honderd twee-en-twintig).

Hoofstuk VI: Bevoegdheid om water in Vaalrivier op te dam en daarmee in verband staande sake (artikels honderd drie-en-twintig tot honderd vier-en-veertig).

Hoofstuk VII: Kort titel (artikel honderd vyf-en-vertig).

HOOFSTUK I.

SAMESTELLING VAN RAAD.

Raad het regspersoonlikheid.

4. Die raad, soos tevore as regspersoon ingestel, is 'n regspersoon met ewigdurende regsopvolging en 'n gemene seël en kan in sy hoedanigheid van regspersoon onder die naam Randwateraad as eiser en as verweerder in regte optree en, behoudens die bepalings van hierdie Wet of 'n wysiging daarvan, roerende of onroerende eiendom koop of andersins verkry, besit of vervreem en oor die algemeen alle dinge doen en handelinge verrig wat regspersone regtens mag doen en verrig.

Samestelling van raad.

5. Die raad bestaan uit vier-en-dertig lede waarvan een 'n voorsitter is wat deur die Goewerneur-generaal aangestel word en deur laasgenoemde van sy amp onthef kan word, sestien deur die Transvaalse Kamer van Mynwese aangestel word, een deur die spoorwegadministrasie aangestel word, vyf deur die Stadsraad van Johannesburg aangestel word, een deur die Stadsraad van Pretoria, en een deur elk van die volgende stadsrade: Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Krugersdorp, Nigel, Randfontein, Roodepoort-Maraisburg, Springs en Vereeniging.

Salaris van voorsitter.

6. Die raad betaal die voorsitter die salaris wat die Goewerneur-generaal van tyd tot tyd bepaal.

Verlof vir afwesigheid van voorsitter.

7. Die Goewerneur-generaal kan verlof vir afwesigheid aan die voorsitter van die raad verleen en iemand aanstel om gedurende die voorsitter se afwesigheid met verlof as voorsitter van die raad te ageer.

Adjunkvoorsitter van die raad.

8. Op 'n vergadering wat elke jaar in die maand Februarie gehou word, stel die raad een van die lede aan as adjunkvoorsitter vir die daaropvolgende jaar. Op alle vergaderings van die raad neem die voorsitter, of in sy afwesigheid die adjunkvoorsitter, of in die afwesigheid van die voorsitter sowel as die adjunkvoorsitter, 'n lid van die raad wat deur die aanwesige lede gekies word, die voorsitterstoel in.

Nuwe plaaslike besture word in sekere omstandighede samestellende plaaslike besture.

9. Wanneer 'n plaaslike bestuur hierna in die lewe geroep word waarvan die munisipaliteit gevorm is uitsluitend uit 'n gebied of gebiede wat onmiddellik voor die totstandkoming van daardie plaaslike bestuur deel uitgemaak het van die munisipaliteit of munisipaliteite van 'n samestellende plaaslike bestuur of besture, word so 'n nuwe plaaslike bestuur vanaf 'n deur die Administrateur van Transvaal voorgeskrewe datum 'n samestellende plaaslike bestuur vir die doeleindes van hierdie Wet, en daarop is die volgende bepalings in elke geval van toepassing en van krag:

3. This Act is divided into seven Chapters which relate to Division of Act the following subject matters respectively:

- Chapter I: Constitution of board (sections *four to fourteen*).
- Chapter II: Meetings and proceedings (sections *fifteen to twenty-three*).
- Chapter III: Powers of board (sections *twenty-four to thirty-two*).
- Chapter IV: Financial provisions:
 Part 1: Regulation and control of finance (sections *thirty-three to forty-seven*).
- Part 2: Charges for water (sections *forty-eight to fifty*).
- Part 3: Fixed charges (sections *fifty-one to sixty-one*).
- Part 4: Borrowing powers (sections *sixty-two to sixty-four*).
- Part 5: Conditions of issue of stock (sections *sixty-five to ninety-six*).
- Part 6: Conditions of issue of bills (section *ninety-seven*).
- Part 7: Special rating powers (sections *ninety-eight to one hundred and nine*).
- Chapter V: General (sections *one hundred and ten to one hundred and twenty-two*).
- Chapter VI: Power to impound water in Vaal River and matters incidental thereto (sections *one hundred and twenty-three to one hundred and forty-four*).
- Chapter VII: Short title (section *one hundred and forty-five*).

CHAPTER I.

CONSTITUTION OF BOARD.

4. The board as heretofore incorporated shall be a body Board a corporate with perpetual succession and a common seal, and corporate body. shall, in its corporate capacity under the name of Rand Water Board, be capable in law of suing and being sued, and, subject to the provisions of this Act or any amendment thereof, of purchasing or otherwise acquiring, holding or alienating property, movable or immovable, and generally of doing and performing all such acts and things as bodies corporate may by law do and perform.

5. The board shall consist of thirty-four members of whom Constitution of board. one shall be a chairman appointed and removable by the Governor-General, sixteen shall be appointed by the Transvaal Chamber of Mines, one shall be appointed by the railway administration, five shall be appointed by the City Council of Johannesburg, one by the City Council of Pretoria, and one by each of the following town councils: Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Krugersdorp, Nigel, Randfontein, Roodepoort-Maraisburg, Springs and Vereeniging.

6. The board shall pay to the chairman such salary as the Salary of chairman. Governor-General shall from time to time determine.

7. The chairman of the board may be granted leave of absence Leave of absence for chairman. by the Governor-General and it shall be lawful for the Governor-General to appoint some person to act as chairman of the board during the absence on leave of the chairman.

8. At a meeting to be held in the month of February in each year the board shall appoint one of the members to be deputy-chairman of the board. deputy-chairman for the ensuing year. At all meetings of the board the chairman, or in his absence the deputy-chairman, or in the absence of both the chairman and the deputy-chairman, some member of the board chosen by the members present shall preside.

9. Whenever a local authority shall hereafter be established, New local authorities to become constituent local authorities in certain circumstances. the municipality of which is constituted exclusively of an area or areas which immediately prior to such establishment formed part of the municipality or municipalities of a constituent local authority or authorities, such new local authority shall, from a date to be prescribed by the Administrator of the Transvaal, become a constituent local authority for the purposes of this Act, and thereupon the following provisions shall in each case apply and have effect:

- (a) Die stadsklerk van so 'n nuwe samestellende plaaslike bestuur moet die sekretaris so spoedig moontlik in kennis stel van die bedrag van die totale waardering van al die belasbare eiendom wat by die munisipaliteit ingesluit is, soos vasgestel by die jongste waardering van genoemde eiendom deur die samestellende plaaslike bestuur binne wie se regsgebied die eiendom op die datum van die jongste waardering geval het. Daarop word bedoelde bedrag beskou as die waardering van so 'n nuwe samestellende plaaslike bestuur aangegee ingevolge die bepalings van artikel *honderden-negentien*, en die onderskeie waarderings van belasbare eiendom binne enige munisipaliteit waaruit die munisipaliteit van so 'n nuwe samestellende plaaslike bestuur gevorm is, word dienooreenkomstig verminder.
- (b) By ontvangs van kennisgewing soos voormeld, word die ledetal van die raad met twee vermeerder, waarvan een deur so 'n nuwe samestellende plaaslike bestuur en een deur die Transvaalse Kamer van Mynwese aangestel word.
- (c) Die lede wat eerste kragtens hierdie artikel aangestel word, beklee hulle amp totdat 'n nuwe aanstelling van lede van die raad deur die samestellende owerhede ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet geskied.

Aanstelling
van raadslede.

10. (1) Met uitsondering van die voorsitter beklee die lede van die raad wat op die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet die amp van raadslid beklee, hulle amp tot die een-en-dertigste dag van Januarie 1951. Nie later dan die een-en-dertigste dag van Januarie 1951 nie en nie later dan die een-en-dertigste dag van Januarie in elke derde daaropvolgende jaar nie, stel elke samestellende owerheid die aantal lede wat hy ooreenkomstig hierdie Wet geregtig is om aan te stel, as lede van die raad aan, en verwittig hy voor of op daardie datum die sekretaris van sodanige aanstelling. Die lede wat aldus aangestel word, beklee hulle amp met ingang van die eerste dag van Februarie eersvolgend op hulle aanstelling tot die een-en-dertigste dag van Januarie drie jaar daarna: Met dien verstande dat indien 'n samestellende owerheid versuim om die sekretaris voor die eerste dag van Februarie te verwittig van die aanstelling van die lede wat hy geregtig is om aan te stel, daardie lede hulle amp beklee slegs vanaf die datum waarop die raad van hulle aanstelling verwittig is.

(2) 'n Lid van die raad hoef nie 'n lid van die samestellende owerheid wat hom aanstel te wees nie.

Toevallige
vakatures.

11. 'n Toevallige vakature in die raad wat weens dood, bedanking, onbevoegdheid of andersins ontstaan, word so spoedig as wat redelikerwys doenlik is nadat dit ontstaan het deur die samestellende owerheid wat deur die oorlede of uittredende lid verteenwoordig is, gevul; maar 'n lid wat aldus aangestel word, beklee sy amp slegs solank as wat die oorlede of uittredende lid die amp sou beklee het indien geen vakature ontstaan het nie.

Onbevoegdheid
vir lidmaatskap
van raad.

12. 'n Persoon word onbevoeg om as lid van die raad aangestel te word of aan te bly indien hy aan 'n misdadig skuldig bevind word en tot gevangenisstraf met dwangarbeid sonder die keuse van 'n boete of tot 'n groter straf veroordeel word, of insolvent of kranksinnig verklaar word.

Verlof vir
afwesigheid.

13. Verlof vir afwesigheid van die vergaderings van die raad vir 'n tydperk wat die raad goed ag, kan aan 'n lid van die raad verleen word. Die samestellende owerheid wat deur so 'n afwesige lid verteenwoordig word, kan 'n ander lid kragtens die bepalings van artikel *tien* aanstel om daardie samestellende owerheid te verteenwoordig en gedurende die tydperk waarvoor die raad afwesigheidsverlof mag verleen het, in die plek van die afwesige lid waar te neem.

Handelinge
van raad nie
ongeldig
gemaak nie.

14. 'n Handeling van die raad word nie ongeldig of onwettig gemaak nie slegs om rede van 'n vakature in die raad of 'n gebrek of onreëlmatigheid by die aanstelling of ten opsigte van die bevoegdheid van 'n lid van die raad.

HOOFSTUK II.

VERGADERINGS EN VERRIGTINGS.

Vergaderings
van die
raad.

15. (1) Vergaderings van die raad word op die tyd en plek gehou wat die raad van tyd tot tyd besluit en bepaal.

(2) Die voorsitter kan te eniger tyd 'n buitengewone vergadering byeenroep. Indien die voorsitter weier om 'n vergadering byeen te roep nadat 'n aanvraag daarom deur drie lede van die raad onderteken aan hom voorgelê is, kan enige drie lede van die raad onverwyld na so 'n weiering 'n vergadering byeenroep. Indien die voorsitter (sonder om aldus te weier)

- (a) As soon as possible the town clerk of such new constituent local authority shall notify the secretary of the amount of the total valuation of all the rateable property included within the municipality, as fixed at the last valuation of the said property by the constituent local authority under whose jurisdiction such property fell at the date of such last valuation. Thereupon the said amount shall be deemed to be the valuation of such new constituent local authority notified under the provisions of section *one hundred and nineteen*, and the respective valuations of rateable property within any municipality out of which the municipality of such new constituent local authority has been established shall be reduced accordingly.
- (b) Upon such notification as aforesaid being made, the number of members of the board shall be increased by two, of whom one shall be appointed by such new constituent local authority and one by the Transvaal Chamber of Mines.
- (c) The members first appointed under this section shall hold office until a new appointment of members of the board by the constituent authorities in accordance with the provisions of this Act.

10. (1) With the exception of the chairman, the members of the board holding office at the date of commencement of this Act shall continue to hold office until the thirty-first day of January, 1951. Not later than the thirty-first day of January, 1951, and not later than the thirty-first day of January in each third succeeding year thereafter, each constituent authority shall appoint as members of the board the number of members it is entitled to appoint in terms of this Act and shall notify the secretary of such appointment by that date. The members so appointed shall hold office with effect from the first day of February next succeeding their appointment until the thirty-first day of January three years thereafter: Provided that if a constituent authority fail to notify the secretary before the first day of February of the appointment of the members it is entitled to appoint, such members shall hold office only from the date on which the board is notified of their appointment.

Appointment of board members.

(2) Any member of the board need not be a member of the constituent authority appointing him.

11. Any casual vacancy in the board occurring by death, resignation, disqualification or otherwise shall be filled by the constituent authority represented by the vacating member as soon as reasonably practicable after the occurrence of the vacancy, but a member so appointed shall retain his office only so long as the vacating member would have retained the same if no vacancy had occurred.

Casual vacancies.

12. A person shall be disqualified for being appointed or remaining a member of the board if he is convicted of any crime and sentenced to imprisonment with hard labour without the option of a fine or to any greater punishment, or is adjudged insolvent, or is declared to be of unsound mind.

Disqualifications for membership of board.

13. Any member of the board may be granted leave of absence from the meetings of the board for such period as the board may deem fit, and the constituent authority represented by such absent member may appoint another member under the provisions of section *ten* to represent such constituent authority and to act in the place of the absent member during the period for which leave of absence may have been granted by the board.

Leave of absence.

14. No act of the board shall be rendered invalid or illegal by reason only of any vacancy in the board or of any defect or irregularity in the appointment or qualification of any member of the board.

Acts of board not to be invalidated.

CHAPTER II.

MEETINGS AND PROCEEDINGS.

15. (1) Meetings of the board shall be held at such time and place as the board from time to time may resolve and appoint.
- (2) The chairman may at any time call an extraordinary meeting. If the chairman refuses to call a meeting after a requisition for that purpose signed by three members of the board has been presented to him, any three members of the board may forthwith on that refusal call a meeting. If the

Meetings of the board.

nie binne sewe dae na voorlegging van so 'n aanvraag 'n vergadering byeenroep nie kan enige drie lede van die raad na afloop van die sewe dae 'n vergadering byeenroep.

Kennisgewing
van
vergaderings.

16. Kennis van 'n vergadering van die raad moet drie volle dae vooraf aan al die lede van die raad gegee word op die wyse en in die vorm wat die raad van tyd tot tyd bepaal. Die voorsitter kan in 'n geval van dringendheid gelas dat korter kennisgewing voldoende is om 'n vergadering van die raad te ontbied, en in so 'n geval moet die redes vir die dringendheid in die kennisgewing waarby die vergadering ontbied word genoem word. Die toevallige versuim om kennis van die in hierdie artikel gemelde aard aan enige van die lede van die raad te gee, maak nie 'n besluit wat op so 'n vergadering geneem word ongeldig nie.

Kworum.

17. Die kworum op alle vergaderings van die raad van tyd tot tyd is minstens een-derde van die aantal lede van die raad wat ooreenkomstig hierdie Wet aangestel kan word.

Waarde van
lede se
stemme.

18. Alle kwessies wat op 'n vergadering van die raad ontstaan, word beslis deur 'n oorwig van die waarde van die stemme deur die lede wat op die vergadering aanwesig is, met uitsondering van die voorsitter van die raad, uitgebring soos hierna uiteengesit. In geval die waarde van die stemme wat soos voormeld uitgebring word gelyk is, het die voorsitter van die raad 'n beslissende stem. Op 'n vergadering waarop die adjunk-voorsitter van die raad of 'n deur die aanwesige lede gekose voorsitter voorsit, het die adjunk-voorsitter of ander voorsitter soos voormeld 'n oorspronklike maar nie 'n tweede of beslissende stem nie. Elke lid van die raad is geregtig om een stem uit te bring, maar wanneer die voorsitter die stemme tel, reken hy—

- (a) elke stem uitgebring deur 'n lid wat 'n samestellende plaaslike bestuur behalwe die Stadsrade van Johannesburg en Pretoria verteenwoordig, teen 'n waarde gelyk aan die getal ponde ingevolge artikel *honderden-negentien* aangegee as die totale waardering van die belasbare eiendom binne die munisipaliteit van so 'n samestellende plaaslike bestuur;
- (b) elke stem uitgebring deur 'n lid wat die Stadsraad van Johannesburg verteenwoordig, teen 'n waarde gelyk aan 'n vyfde van die getal ponde soos voormeld aangegee as die totale waardering van die belasbare eiendom binne die munisipaliteit van Johannesburg;
- (c) die stem uitgebring deur die lid wat die Stadsraad van Pretoria verteenwoordig, teen 'n waarde gelyk aan tien persent van die getal ponde soos voormeld aangegee as die totale waardering van die belasbare eiendom binne die munisipaliteite van die samestellende plaaslike besture behalwe die Stadsraad van Pretoria;
- (d) elke stem uitgebring deur 'n lid wat die Transvaalse Kamer van Mynwese verteenwoordig, teen 'n waarde gelyk aan die getal verkry deur die totale waarde van die stemme wat deur die lede wat die samestellende plaaslike besture verteenwoordig, uitgebring sou kan word indien al die lede wat sulke besture geregtig is om aan te stel, aangestel was, aanwesig was en gestem het, te deel deur die getal verteenwoordigers wat sulke besture geregtig is om aan te stel;
- (e) die stem uitgebring deur die lid wat die spoorweg-administrasie verteenwoordig, teen 'n waarde gelyk aan vyf persent van die totale waarde van die stemme wat deur die lede wat die samestellende plaaslike besture en die Transvaalse Kamer van Mynwese verteenwoordig, uitgebring sou kan word indien al die lede wat dié samestellende owerhede geregtig is om aan te stel, aangestel was, aanwesig was en gestem het.

Met dien verstande dat in die geval van 'n besluit geneem op 'n vergadering van die raad waarop al die lede nie aanwesig is nie, indien lede wat aanwesig is en oor die besluit gestem het en wie se stemme 'n waarde het gelyk aan minstens 'n kwart van die totale waarde van die stemme ten opsigte van gemelde besluit uitgebring, op daardie vergadering versoek dat dié besluit aan 'n verdere vergadering van die raad voorgelê moet word wat binne sewe dae na die eersgenoemde vergadering gehou moet word, dit aldus weereens voorgelê word en die beslissing van die raad oor daardie besluit op so 'n verdere vergadering van krag is.

Lede se belang
by kontrakte
met die
raad.

19. 'n Lid van die raad mag òf vir homself òf as lid van 'n vennootskap, maatskappy of korporasie, mits hy eers aan die raad bekend maak dat hy belang het en sodanige bekend-

chairman (without so refusing) does not within seven days after such presentation call a meeting, any three members of the board may, on the expiration of those seven days, call a meeting.

16. Three clear days' notice of a meeting of the board shall be given to all the members of the board in such manner and form as the board may from time to time determine. The chairman may in any case of urgency direct that any less notice shall be sufficient for summoning a meeting of the board, in which case the reasons for such urgency shall be specified in the notice summoning the meeting. The accidental omission to give any such notice as is referred to in this section to any of the members of the board shall not invalidate any resolution passed at any such meeting.

Notice of meetings.

17. The quorum at all meetings of the board from time to time shall be not less than one-third of the number of members who can be appointed to the board in terms of this Act.

Quorum.

18. All questions arising at a meeting of the board shall be decided by a preponderance in the value of the votes cast by the members present at the meeting as hereinafter set forth, exclusive of the chairman of the board. In the case of an equality in the value of votes cast as aforesaid the chairman of the board shall have a casting vote. At any meeting presided over by the deputy-chairman of the board or by a chairman chosen by the members present, such deputy-chairman or other chairman as aforesaid shall have an original but not a second or casting vote. Every member of the board shall be entitled to cast one vote but in counting such votes the chairman shall reckon—

Value of members' votes

- (a) each vote cast by a member representing a constituent local authority other than the City Councils of Johannesburg and Pretoria at a value equal to the number of pounds notified under section *one hundred and nineteen* as the total valuation of the rateable property within the municipality of such constituent local authority;
- (b) each vote cast by a member representing the City Council of Johannesburg at a value equal to one-fifth of the number of pounds notified as aforesaid as being the total valuation of the rateable property within the municipality of Johannesburg;
- (c) the vote cast by the member representing the City Council of Pretoria at a value equal to ten per cent. of the number of pounds notified as aforesaid as being the total valuation of the rateable property within the municipalities of the constituent local authorities other than the City Council of Pretoria;
- (d) each vote cast by a member representing the Transvaal Chamber of Mines at a value equal to the number obtained by dividing the total value of the votes which could be cast by the members representing the constituent local authorities, if all the members such authorities are entitled to appoint had been appointed, were present and had voted, by the number of representatives such authorities are entitled to appoint;
- (e) the vote cast by the member representing the railway administration at a value equal to five per cent. of the total value of the votes which could be cast by the members representing the constituent local authorities and the Transvaal Chamber of Mines, if all the members such constituent authorities are entitled to appoint had been appointed, were present and had voted:

Provided that in the case of any resolution taken at any meeting of the board at which all members are not present, if request is made at such meeting by members present and who voted on the resolution, the value of whose votes is equal to not less than one-fourth of the total value of the votes cast in respect of the said resolution, that such resolution shall be submitted to a further meeting of the board, which shall be held within seven days of such first mentioned meeting, it shall be so re-submitted and the decision of the board on such resolution at such further meeting shall be effective.

19. Any member of the board, either individually or as a member of a partnership, company or corporation, may, provided that he first discloses to the board that he is interested

Members' interests in contracts with the board.

making behoorlik genotuleer word, met die raad 'n kontrak aangaan of belang hê by enige werksaamheid, onderneming of bedryf van die raad, en mag winste wat daaruit ontstaan vir sy eie gebruik verkry of behou. 'n Lid van die raad mag nie stem oor 'n saak waarby hy aldus soos voormeld belang het nie.

- Notule. 20. Notule van die verrigtings van elke vergadering van die raad word opgestel en afskrifte word aan alle lede gestuur. Wanneer die notule op 'n daaropvolgende vergadering van die raad deur die persoon wat daarop voorsit onderteken is, word dit behoudens bewys van foute daarin beskou as 'n juiste optekening van die verrigtings van die vergadering waarvan dit heet notule te wees.
- Reglement. 21. Behoudens die bepalings van hierdie Wet kan die raad 'n reglement vir die reëling van die verrigtings en werksaamhede van die raad en 'n komitee van die raad en vir alle ander sake wat in verband staan met of meegebring word deur die interne bestuur van die raad en sy werksaamhede en pligte, maak, wysig en herroep.
- Komitees. 22. Die raad kan by besluit komitees vir doeleindes wat hy goed ag aanstel en ontbind en kan na goeëdunke van die pligte en bevoegdhede van die raad aan so 'n komitee opdra.
- Vergaderings van die raad moet openbaar wees. 23. Alle vergaderings van die raad is vir die publiek en die pers toeganklik, maar hierdie artikel is nie van toepassing op 'n komitee van die raad of 'n komitee van die raad as geheel nie.

HOOFSTUK III.

BEVOEGDHEDE VAN RAAD.

- Bevoegdhede van raad. 24. Benewens die bevoegdhede wat kragtens ander artikels van hierdie Wet aan die raad verleen word, het die raad die reg om binne die verskaffingsterrein water te verskaf en kan hy met daardie doel binne of buite die verskaffingsterrein—
- (a) soek, graaf en boor na water;
 - (b) van tyd tot tyd en te alle tye enige grond binne die Unie betree en daarop kampeer en kaarte daarvan opstel en opnames daarvan doen, en soek, graaf, uitgraaf, boor en enige ander werk doen wat nodig is vir die ontdekking of meet van water of vir weerkundige waarnemings op, in of onder grond wat aldus betree is: Met dien verstande—
 - (i) dat kennis van minstens sewe volle dae aan die eienaar en bewoner, as daar is, van die grond gegee word alvorens die raad dit betree;
 - (ii) dat die raad die grond so min as moontlik beskuldig en alle skade deur hom aangerig ten volle vergoed; die bedrag van die vergoeding, ingeval die partye verskil, word beslis deur arbitrasie *mutatis mutandis* op die wyse en in die vorm waarvoor voorsiening gemaak is deur die „Expropriation of Land and Arbitration Clauses Proclamation, 1902” (Proklamasie No. 5 van 1902 (Transvaal));
 - (iii) dat op, in, onder of binne honderd jaart van 'n opstal, huis, werke of geboue nie betree of gekampeer of gewerk word nie behalwe met die toestemming van die eienaar of bewoner daarvan;
 - (c) opmetings doen en planne, snyvlakke, kaarte, tekeninge en ramings opstel;
 - (d) stappe doen of tydelike werke aanlê wat nodig is om die water wat uit 'n bron, put of fontein opwel of in 'n stroom, rivier, waterloop of kanaal vloei, te peil of te meet;
 - (e) stappe doen wat nodig is om die waterspieël en die rigting waarin die water vloei in die geval van ondergrondse damme of are vas te stel;
 - (f) kantore, geboue, waterwerke, reservoirs, damme, waterlope, waterkanale, pype, leidings, waterbakke, meters, waterkrane, deurlope, filtreerbeddings, putte, skagte, pomp- en ander masjinerie en toestelle, en kables, hoofleidings en lyne op, bo of onder die grond, paaie, spoorwagslyne en rollende materiaal, brûe, walle, deurgrawings en ander werke wat met die doeleindes van die raad in verband staan, aanlê, koop, in stand hou, verander of verbeter;
 - (g) grond of regte daarin of in verband daarmee vrywillig koop, huur of ruil;

and that such disclosure is duly minuted, contract with the board or be interested in any operation, undertaking or business of the board, and may derive or retain for his own use any profits resulting therefrom. No member of the board shall vote in respect of any matter in which he is so interested as aforesaid.

20. Minutes of the proceedings of every meeting of the board shall be drawn up and copies circulated to all members. Every such minute when signed at a subsequent meeting of the board by the person presiding thereat, shall, in the absence of proof of error therein, be deemed a correct record of the proceedings of the meeting of which it purports to be a minute. Minutes.

21. Subject to the provisions of this Act, the board may make, amend and rescind standing orders for the regulation of the proceedings and business of the board and of any committee of the board, and for all other matters connected with or incidental to the internal management of the board and its business and duties. Standing orders.

22. The board may by resolution appoint and dissolve committees for such purposes as it may deem fit and may delegate to any such committee such of the duties and powers of the board as it may deem fit. Committees.

23. All meetings of the board shall be open to the public and press, but this section shall not apply to any committee of the board or to a committee of the whole board. Meetings of the board to be public.

CHAPTER III.

POWERS OF BOARD.

24. In addition to the powers vested in the board by other sections of this Act, the board shall have the right to supply water within the limits of supply and for that purpose may, whether within or without the limits of supply— Powers of board.

- (a) search, excavate and bore for water;
- (b) from time to time and at all times enter and encamp upon any land within the Union and make plans and surveys thereof, and search, dig, excavate, bore and carry out any other works necessary for the discovery or measurement of water or for meteorological observations on, in or under any land so entered upon: Provided—
 - (i) that at least seven clear days' notice be given to the owner and occupier (if any) of such land prior to the entry thereon by the board;
 - (ii) that the board shall do as little damage as may be to such land and shall make full compensation for all damage done by it, the amount thereof in case the parties differ to be settled by arbitration in manner and form *mutatis mutandis* provided by the Expropriation of Land and Arbitration Clauses Proclamation, 1902 (Proclamation No. 5 of 1902 (Transvaal));
 - (iii) that no entry or encampment shall be made or work done upon, in, under or within one hundred yards of any homestead, house, works or buildings, save with the consent of the owner or occupier thereof;
- (c) make surveys, plans, sections, maps, drawings and estimates;
- (d) take any steps or construct any temporary works necessary for the gauging or measurement of the water rising from any spring, well or fountain, or flowing in any stream, river, watercourse or channel;
- (e) take any steps necessary to determine the levels and direction of flow of water in any underground reservoirs or channels;
- Stappe om betaling af te dwing.** 85. Die eienaar van effekte ten opsigte waarvan sodanige versuim plaasgevind het, kan by 'n bevoegde hof aansoek doen om die aanstelling van 'n ontvanger van die bates belas met die betaling van die hoofsom van en rente op die effekte. By die verhoor van so 'n aansoek kan die hof so 'n bevel gee en sodanige voorskrifte uitreik as wat onder die omstandighede dienstig voorkom vir die verkryging en betaling van die verskuldigde gelde. Die hof kan in die besonder beveel en verklaar dat 'n belasting of belastings van die bedrag of bedrae wat hy vasstel, op alle belasbare eiendom en op alle eienaars van kleims, kleingebiede en mynpage binne die verskaffings-terrein deur die ontvanger gehef word op die wyse in artikels *agt-en-negentig* tot en met *honderd-en-nege* uiteengesit, en die opbrengs daarvan word geregtelik inbetaal of andersins betaal soos die hof gelas. Vir doeleindes van hierdie artikel oefen die ontvanger al die bevoegdheid om belastings te hef uit wat deur artikels *agt-en-negentig* tot en met *honderd-en-nege* aan die raad verleen is: Met dien verstande dat die uitoefening van sodanige bevoegdheid deur die ontvanger nie die toestemming van die Goewerneur-generaal nodig het nie.
- Verdere stappe.** 86. Ingeval sodanige versuim met die betaling van rente in sy geheel of gedeeltelik vir 'n verdere tydperk van drie maande voortgaan, kan voornoemde eienaar of eienaars by die hof aansoek doen om 'n verklaring dat die hoofsom van al die effekte wat op die oomblik uitstaande is, betaalbaar geword het, en die hof doen sodanige verklaring dienooreenkomstig tesame met alle sodanige gevolglike bevels en verklarings tensy hy oortuig is dat dit in die belang van eienaars van effekte raadsaam is om die aansoek anders te behandel, en in so 'n geval kan die hof die aansoek uitstel en uiteindelik 'n bevel gee of weier na gelang van omstandighede.
- Versuim met terugbetaling van hoofsom.** 87. Ingeval daar versuim van een maand plaasvind met die betaling van die hoofsom van effekte wat terugbetaalbaar geword het, kan geregtelike stappe *mutatis mutandis* soortgelyk aan dié in artikels *vyf-en-tagtig* en *ses-en-tagtig* voorgeskryf op versoek of aansoek van 'n eienaar van effekte gedoen en voortgesit word. Die hof kan ook 'n realisering van die delgingsfonds beveel of 'n verkoop van enige bates soos voormeld belas, en kan so 'n bevel gee as wat hy goed dink vir die behoorlike uitvoering van die verkoop of realisering en vir die aanwending van die geld daardeur opgelewer.
- Inagneming van begeertes van effekte-houers.** 88. (1) By die gee of weiering van 'n bevel soos voormeld neem die hof die begeertes van die effekte-eienaars as 'n geheel in ag, en kan hy gelas dat vergaderings gehou word om sodanige begeertes te verneem en alle nodige voorskrifte betreffende sodanige vergaderings uitreik, en kan hy beveel dat persone wat nie partye by die proses is nie partye gemaak word en geding word.
- (2) 'n Bevel wat gegee word, word geag gegee te wees ten behoeve van en tree in werking in belang van al die effekte-eienaars wat belang het by of geraak word deur so 'n bevel.

81. The posting by or on behalf of the board of a letter containing a cheque or draft addressed to an owner of stock at the address referred to in section *seventy-nine* shall, as regards the liability of the board or of any bank or agent entrusted with the payment of such interest, or any official thereof, be equivalent to the delivery of the same to such owner himself. Payment through
the post.

82. Where more persons than one are registered as the joint owners of stock, a cheque or draft as aforesaid in payment of the interest on such stock may be delivered or posted to any one of them, and any one of them may give an effectual receipt for any interest due, unless as to either matter notice to the contrary has been given in writing to the board, or the bank or agent aforesaid. Joint owners.

83. Any stock not previously cancelled shall, on the date fixed for redemption by the conditions of issue, become payable at the nominal amount thereof, and such amount shall, together with any interest then due, be paid to the owner of such stock. Redemption.

84. If at any time any interest due on any stock remains unpaid for three months after demand therefor in writing has been lodged with the secretary by the person entitled thereto or his duly authorized representative, proceedings to enforce payment may be instituted and proceeded with subject to the provisions contained in sections *eighty-five* and *eighty-six*. Default in
payment of
interest.

85. The owner of any stock in respect whereof such default has been made may apply to any competent court for the appointment of a receiver of the assets charged with the payment of the principal and interest of the stock. On the hearing of such application, the court may make such order and give such directions as under the circumstances shall seem expedient for raising and payment of the moneys due. In particular the court may order and declare that a rate or rates of such amount or amounts as it shall fix be levied upon all rateable property and upon all owners of claims, claim areas and mynpachts within the limits of supply by the receiver in the manner set forth in sections *ninety-eight* to and including *one hundred and nine*, and the proceeds thereof shall be paid into court or otherwise as the court shall direct. For the purposes of this section the receiver shall exercise all the powers to levy rates conferred upon the board by sections *ninety-eight* to and including *one hundred and nine*: Provided that the exercise of such powers by the receiver shall not require the sanction of the Governor-General. Proceedings
to enforce
payment.

86. In the event of such default in payment of interest in whole or part being continued for a further period of three months, the owner or owners aforesaid may apply to the court for a declaration that the principal of all the stock for the time being outstanding has become due and the court shall make such declaration accordingly with all such consequential orders and declarations, unless satisfied that in the interest of owners of stock it would be advisable to deal otherwise with the application, and in such case the court may postpone the application and may ultimately make or refuse an order according to the circumstances. Further
proceedings.

87. In case default for one month shall be made in payment of the principal of any stock which has become repayable, then the like proceedings *mutatis mutandis* as specified in sections *eighty-five* and *eighty-six* may be instituted and proceeded with at the suit or on the application of any owner of stock. The court may also order a realization of the redemption fund or a sale of any assets charged as aforesaid, and may make such order as it shall deem fit for the due carrying out of such sale or realization and for the application of moneys raised thereby. Default in
repayment of
principal.

88. (1) In making or refusing any order as aforesaid the court shall have regard to the wishes of the owners of stock as a whole, and may order meetings to be held to ascertain such wishes and give all necessary directions as to such meetings, and may direct any persons not parties to the proceedings to be made parties and to be served. Regard to
wishes of
stockholders.

(2) Any order made shall be deemed to be made on behalf of and shall inure to the benefit of all the owners of stock interested in or affected by such order.

Stappe in
geval van
nie-nakoming
van bepalinge
van Wet.

89. (1) Indien dit te eniger tyd blyk dat die raad versuim het om die vereistes van hierdie Wet na te kom met betrekking tot enige betaling, aanwending of belegging in verband met effekte of die delgingsfonds, kan enige persoon wat hom daardeur veronreg voel, of die Sekretaris van Gesondheid, die saak onder die aandag van die raad bring en versoek dat die versuim herstel word.

(2) Indien die raad in gebreke bly om aan sodanige versoek te voldoen is die hof bevoeg om op aansoek van so 'n persoon te beveel dat die bepalinge van hierdie Wet behoorlik uitgevoer moet word.

(3) Vir die doel van hierdie artikel beteken „die hof” die Transvaalse Provinsiale Afdeling of die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, en die regsbevoegdheid hierby verleen, kan op summere wyse *in camera* uitgeoefen word.

Getuienis.

90. In enige siviele of strafregtelike aksie of ander proses in verband met effekte of die regte of belange van persone wat beweer dat hulle aanspraak daarop het, of beweerde oortredings ten opsigte van effekte, is afskrifte van inskrywings in of uittreksels uit die nominale register of die effekte-oordragregisters, of enige boek of stuk van die raad of van enige bank of agent in artikels *negen-en-sestig* of *een-en-tagtig* bedoel, behoorlik deur die sekretaris of registrateur as juis gewaarmerk deur sy handtekening, toelaatbaar in getuienis in enige hof in die Unie, maar die hof waarby sodanige aksie of proses aanhangig is, kan op goeie grond beveel dat die oorspronklike van enige van voornoemde boeke of stukke oorgelê word.

Onopgeëiste
rente.

91. Indien rente te eniger tyd nie op die tyd vir betaling daarvan geëis word nie en vir 'n tydperk van twee jaar daarna onopgeëis bly, word die bedrag daarvan in die delgingsfonds gestort sonder om afbreuk te doen aan die reg van enige persoon om te eniger tyd daarna sy aanspraak op sodanige rente te bewys, wat daarop aan hom betaal word minus enige koste en uitgawe van die raad in verband met die bewys van die aanspraak, maar sonder enige rente ten opsigte van die tydperk wat sodanige bedrag onbetaal gebly het.

Onopgeëiste
effekte.

92. (1) Indien aan die einde van die tydperk waarin enige effekte afgelos moet word die raad nie in staat is om enige sodanige effekte af te los nie omdat die eienaar daarvan onbekend is of nie ter beskikking is nie, belê die raad 'n bedrag gelyk aan die nominale waarde van sodanige effekte in sekuriteite waarin die delgingsfonds belê mag word en daarop word beskou dat sodanige effekte afgelos is.

(2) Enige bedrag wat soos voormeld belê is, word, tensy dit gebruik word om aan 'n wettige eis ten opsigte van die effekte wat dit voorstel te voldoen, soos voormeld in belegging gehou vir 'n tydperk van tien jaar, waarna dit deur die raad na die Voogdyfonds oorgeplaas word.

Beskerming
van persone
wat effekte te
goeder trou
neem.

93. 'n Persoon wat te goeder trou om effekte aansoek doen by die uitgifte daarvan, of effekte koop, neem of hou nadat dit eenmaal uitgegee is, of geld te goeder trou aan die raad voorskiet vir of teen onderpand van effekte wat uitgegee is of gaan word, hoef nie ondersoek in te stel of kennis te neem of die skepping of uitgifte daarvan kragtens die uitgifte- of leningsbevoegdhede van die raad of andersins ooreenkomstig enige wetsbepalinge betreffende sodanige leningsbevoegdhede gemagtig was of nie, en of die raad of enige vergadering daarvan behoorlik saamgestel of belê was of nie, en of die verrigtings op 'n vergadering van die raad wettig en geldig of reëlmatig was of nie, en of die voorwaardes van uitgifte geldig was of behoorlik nagekom is of nie, of toe te sien nie wat betref die aanwending van enige geld deur die effekte opgelewer. As 'n effektesertifikaat, geldig wat die vorm betref, eenmaal uitgereik is, na bewering deur of namens die raad, aan 'n persoon wat dit te goeder trou en teen geldige teenprestasie neem, is dit vir alle doeleindes wettig en geldig in die besit van sodanige persoon en van enige persoon wat dit van of deur hom neem, ondanks enige gebrek, onreëlmatigheid of onwettigheid in die skepping of uitgifte van enige van die effekte ten opsigte waarvan sodanige sertifikaat uitgereik is of heet te wees, of in die opstel of uitreiking van sodanige sertifikaat, of die feit dat die bedrag van effekte wat gemagtig is of waaroor besluit is oorskry is of sal word, of die feit dat sodanige sertifikaat 'n duplikaat of herhaling is van 'n sertifikaat wat vantevore uitgereik is.

Insaë in
boeke en
rekenings.

94. (1) 'n Eienaar van effekte of 'n persoon skriftelik deur hom gemagtig kan op enige redelike tyd die boeke en rekenings van die delgingsfonds insien, en is daarop geregtig om van die sekretaris afskrifte van of uittreksels uit genoemde boeke en rekenings te verkry wat deur hom as getroue afskrifte of uittreksels gewaarmerk is.

89. (1) If it shall at any time appear that the board has failed to comply with the requirements of this Act with regard to any payment, application or investment in relation to stock or the redemption fund, any person aggrieved thereby, or the Secretary for Health, may bring the matter to the notice of the board and request that the default be made good.

Proceedings in case of non-compliance with provisions of Act.

(2) If the board shall fail to comply with such request, it shall be competent for the court on the application of such person to make an order for the due enforcement of the provisions of this Act.

(3) For the purpose of this section "the court" means the Transvaal Provincial Division or the Witwatersrand Local Division of the Supreme Court of South Africa, and the jurisdiction hereby given may be exercised in a summary manner in chambers.

90. In case of any action or other proceedings, civil or criminal, relating to stock or the rights or interests of persons alleging claims thereto, or alleged offences in respect of stock, copies of entries in or extracts from the nominal register or the stock transfer registers, or any book or document of the board, or of any bank or agent referred to in sections *sixty-nine* or *eighty-one*, duly certified as correct by the secretary or registrar in writing under his hand, shall be admissible in evidence in any court in the Union, but the court before whom such action or proceedings are pending may for good cause order the production of the original of any of the books or documents aforesaid.

Evidence.

91. If at any time any interest is not claimed at the time for payment thereof and remains unclaimed for a period of two years thereafter, the amount thereof shall be paid into the redemption fund without prejudice to the right of any person at any time thereafter to establish his claim to such interest, which shall thereupon be paid to him less any costs and expenses of the board incidental to the proof of such claim, but without any interest in respect of the period during which any such sum has remained unpaid.

Unclaimed interest.

92. (1) If at the end of the period within which any stock is required to be redeemed the board shall not be able to redeem any such stock by reason of the owner thereof being unknown or not being forthcoming, the board shall invest in any securities in which the redemption fund may be invested a sum equal to the nominal value of such stock and thereupon such stock shall be taken to have been redeemed.

Unclaimed stock.

(2) Any sum invested as aforesaid shall, unless used to satisfy any legal claim in respect of the stock represented thereby, be kept invested as aforesaid for a period of ten years, after which time it shall be transferred by the board to the Guardian's Fund.

93. A person in good faith applying for any stock on the issue thereof, or purchasing, taking or holding stock once issued, or advancing money in good faith to the board for or on the security of stock issued or to be issued, shall not be concerned to enquire or to take notice whether the creation or issue thereof was or was not authorized under the issuing or borrowing powers of the board or otherwise in accordance with any law relating to such borrowing powers, or whether or not the board or any meeting thereof was properly constituted or convened, or whether or not the proceedings at any meeting of the board were legal and valid or regular, or whether or not the conditions of issue were valid or have been duly observed, or to see to any application of any moneys raised by the stock. A certificate of stock valid as to form once issued, purporting to be by or on behalf of the board, to a person taking the same in good faith and for good consideration, shall be legal and valid for all purposes in the hands of such person and any one taking from or through him, notwithstanding any defect, informality or illegality in the creation or issue of any of the stock in respect of which such certificate is or purports to be issued, or in the making or issue of such certificate, or that the amount of stock authorized or resolved on has been or will be exceeded, or that such certificate is a duplicate or repetition of any certificate previously issued.

Protection of persons taking stock in good faith.

94. (1) Any owner of stock or person authorized by him in writing may inspect the books and accounts of the redemption fund at any reasonable time, and shall be entitled to obtain from the secretary copies of or extracts from the said books and accounts, certified by him to be true copies or extracts.

Inspection of books and accounts.

(2) Die raad kan vir sodanige insae 'n bedrag van hoogstens twee sjielings en ses pennies vorder, en vir sodanige afskrifte of uittreksels 'n bedrag van hoogstens vyf sjielings plus ses pennies vir elke vyftig woorde daarvan (drie syfers tel as een woord).

Raad nie gebind deur kennis van trusts ens. ten opsigte van effekte.

95. Die raad kan die uitvoering of behoorlike nakoming van enige trust, eis of belang, hetsy uitgedruk, veronderstel of afgelei, ten opsigte van enige effekte erken, of toesien dat dit geskied, maar is onder geen verpligting om dit te doen nie ondanks die feit dat hy kennis van sodanige trust, eis of belang ontvang het.

Oordrag van effekte vry van munisipale belastinge.

96. Alle effekte word uitgegee en kan oorgedra word vry van munisipale belasting of aanslag: Met dien verstande dat niks hierin vervat op die betaling van gelde deur hierdie Wet voorgeskryf van toepassing is nie.

Deel 6: Voorwaardes van Uitgifte van Wissels.

Uitgifte van wissels.

97. Die volgende bepalings is van toepassing op enige uitgifte van wissels kragtens artikel twee-en-sestig:

- (a) Wissels deur die raad uitgegee staan bekend as Rand-waterraad-wissels.
- (b) Wissels in die vorm voorgeskryf deur regulasies uitgevaardig ingevolge paragraaf (h) is vir die betaling van die bedrag daarin genoem op die wyse en datum daarin vermeld, sodat die datum nie minder as drie en nie meer as twaalf maande vanaf die datum van die wissel is nie.
- (c) Wissels kan te koop aangebied word op die voorwaardes en wyse wat die raad bepaal.
- (d) Geen wissel is vir 'n bedrag van minder as vyfhonderd pond nie.
- (e) Elke wissel dra die seël van die raad.
- (f) 'n Register van die wissels uitgegee en vernuwe deur die raad word gehou deur die sekretaris of 'n ander persoon wat deur die raad aangewys word, en dié register gee die bedrag aan van elke wissel, die hoofsom deur dié wissel opgelewer, die wetlike leningsbevoegdheid waarkragtens die wissel uitgegee is, die datum van uitgifte, die vervaldatum en die betaaldatum daarvan. Dié register is te alle redelike tye beskikbaar vir insae sonder betaling van enige gelde deur enige skuldeiser van die raad.
- (g) Die raad gee nie wissels uit wat aan toonder betaalbaar is nie.
- (h) Die raad kan van tyd tot tyd regulasies met betrekking tot wissels onderworpe aan en ooreenkomstig hierdie Wet maak, en verstrek 'n afskrif van enige regulasies aldus gemaak aan die Goewerneur-generaal. Geen wissel word uitgegee voordat 'n afskrif van sodanige regulasies soos voormeld verstrek is nie. Sodanige regulasies maak voorsiening vir—
 - (i) die voorbereiding, vorm, wyse van uitgifte, manier van betaling en rojering van wissels;
 - (ii) die uitgee van 'n nuwe wissel in die plek van een wat geskend is, verlore gegaan het of vernietig is;
 - (iii) die voorkoming van bedrog;
 - (iv) die behoorlike kwyting wat gegee moet word by die betaling van 'n wissel.
- (i) Die raad kan na goeddunke met enige bank reëlings tref vir die uitvoering van die bepalings van hierdie artikel met betrekking tot die uitgifte van wissels en die betaling van die hoofsom daarin genoem en alle sake wat daarmee in verband staan, en vir die behoorlike vergoeding van dié bank met betrekking daartoe. Sodanige vergoeding word uit die algemene fondse van die raad betaal.
- (j) Die bedrag aan geld deur die raad ten opsigte van 'n wissel ontvang, word beskou as die hoofsom wat deur middel van dié wissel opgeneem is, en die verskil tussen die bedrag betaalbaar ten opsigte van 'n wissel en die bedrag ten opsigte daarvan ontvang, word beskou as rente op die hoofsom wat aldus opgeneem is.
- (k) Die raad stel uit dieselfde bron beskikbaar en stort in of dra oor op die rente- en die delgingsfonds op die gepaste tye vir betaling van rente en terugbetaling van die hoofsom aldus opgeneem dieselfde fondse as wat hy sou gedoen het in die geval van die effekte in die plek waarvan sodanige wissels uitgegee is.

(2) The board may charge for such inspection a fee not exceeding two shillings and sixpence, and for such copies or extracts a fee not exceeding five shillings, with the addition of sixpence for every fifty words thereof (three figures to count as one word).

95. The board may recognize or see to the execution or due fulfilment of any trust, claim or interest, whether expressed, implied or constructive, in respect of any stock, but shall be under no obligation to do so notwithstanding that it has had notice of such trust, claim or interest.

Board not bound by notice of trusts, etc., in respect of stock.

96. All stock shall be issued and transferable free of any municipal rate or assessment: Provided that nothing herein contained shall apply to the payment of fees prescribed by this Act.

Transfer of stock free of municipal taxes.

Part 6: Conditions of Issue of Bills.

97. In any issue of bills under section *sixty-two* the following provisions shall apply: Issue of bills.

- (a) Bills issued by the board shall be called Rand Water Board bills.
- (b) Bills, in the form prescribed by regulations made in pursuance of paragraph (h), shall be for the payment of the sum named therein in the manner and at the date therein mentioned, so that the date be not less than three and not more than twelve months from the date of the bill.
- (c) Bills may be offered for purchase on such conditions and in such manner as the board may determine.
- (d) No bill shall be for an amount of less than five hundred pounds.
- (e) Each bill shall be under the seal of the board.
- (f) A register of the bills issued and renewed by the board shall be kept by the secretary or such other person as may be appointed by the board, and such register shall show the amount of each bill, the principal money raised by such bill, the statutory borrowing power in respect of which the bill is issued, the date of issue, the date when the same falls due and the date of payment thereof. Such register shall at all reasonable times be open to inspection without payment of any fee by any creditor of the board.
- (g) The board shall not issue bills payable to bearer.
- (h) The board may from time to time make regulations with respect to bills subject to and in accordance with this Act, and shall furnish to the Governor-General a copy of any regulations so made. No bill shall be issued before a copy of such regulations shall have been furnished as aforesaid. Such regulations shall provide for—
 - (i) the preparation, form, mode of issue, manner of payment and cancellation of bills;
 - (ii) the issue of a new bill in lieu of one defaced, lost or destroyed;
 - (iii) the prevention of fraud;
 - (iv) the proper discharge to be given upon the payment of a bill.
- (i) The board may enter into such arrangements as it may deem fit with any bank for carrying out the provisions of this section with respect to the issue of bills and to the payment of the principal sum named therein, and to all matters relating thereto, and for the proper remuneration of such bank with reference thereto. Such remuneration shall be paid out of the general funds of the board.
- (j) The amount of money received by the board in respect of a bill shall be deemed to be the principal money raised by means of such bill, and the difference between the amount payable in respect of a bill and the amount received in respect thereof shall be deemed to be interest on the principal money so raised.
- (k) The board shall provide from the same source and pay or transfer at the appropriate times into the interest and redemption funds the same funds for payment of interest and repayment of the principal money so raised as it would have done in respect of the stock in the place of which such bills have been issued.

- (l) Die totale bedrag betaalbaar ten opsigte van wissels wat te eniger tyd in omloop is, mag nie die bedrag van eenmiljoen pond oorskry nie behalwe met die bedrag betaalbaar ten opsigte van wissels uitgegee kort voordat enige ander wissels betaalbaar word ten einde daardie wissels te betaal.
- (m) Die raad kan, onderworpe aan die bepalings van die voorgaande paragraaf, wissels op die vervaltijd vernuwe.
- (n) Die raad kan vir die terugbetaling van die hoofsom deur middel van wissels opgeneem, geld opneem deur die skepping van effekte of die uitgifte van verdere wissels, maar, behalwe soos voormeld, word die bevoegdheid aan die raad verleen om geld deur die skepping van effekte op te neem opgeskort namate geld deur die uitgifte van wissels opgeneem is.
- (o) 'n Wissel gee die houer reg op die betaling op die vervaltijd van die bedrag wat dié wissel as betaalbaar aangee en al die inkomste van die raad word daarmee belas.

Deel 7: Spesiale Belastingsbevoegdhe.

Belasting wat raad kan hef.

98. Indien die gewone inkomste van die raad, tesame met die reserwefonds, die verbeteringsfonds en die waardevermindering- en vernuwingsfonds te eniger tyd onvoldoende is vir die betaling van rente op en die betaling verskuldig vir die affossing van lenings, kan die raad die tekort aansuiwer deur 'n belasting te hef volgens die belastingregister van die Randwaterraad op die wyse hierna uiteengesit: Met dien verstande dat geen sodanige belasting gehef word nie behalwe ingevolge 'n besluit geneem deur 'n meerderheid van twee-derdes van die waarde van die stemme van die lede van die raad aanwesig op 'n vergadering waaromtrent minstens veertien dae tevore kennis van die voorneme om dit voor te stel gegee is: Met dien verstande voorts dat so 'n belasting nie gehef word totdat die Goewerneur-generaal se goedkeuring daarvan verkry is nie.

Belasting-register.

99. Wanneer die Goewerneur-generaal ooreenkomstig artikel *agt-en-negentig* sy goedkeuring aan die heffing van 'n belasting geheg het, of wanneer die hof ooreenkomstig artikel *vyf-en-tagtig* beveel het dat 'n belasting gehef word, stel die raad 'n belastingregister op, wat bekend staan as die belastingregister van die Randwaterraad, op die wyse hierna uiteengesit. Genoemde register word in twee afdelings verdeel wat beskryf word as onderskeidelik die munisipale afdeling en die myn-afdeling.

Belastingregister: munisipale afdeling.

100. Die munisipale afdeling van die belastingregister van die Randwaterraad bestaan uit die bedrae wat ooreenkomstig artikel *honderd-en-negentien* by die sekretaris aangegee is.

Belasting-register: myn-afdeling.

101. Wanneer ookal die raad 'n belastingregister ooreenkomstig artikel *negen-en-negentig* opstel, is dit die plig van die Minister van Mynwese om op aanvraag van die raad aan die sekretaris 'n lys van alle kleims, kleimgebiede of mynpagte geleë binne die verskaffingsterrein te verstrek, met vermelding van die naam en adres van elke eienaar van sodanige kleims, kleimgebiede of mynpagte wat in die stukke van die Registrateur van Mynbriewe voorkom, en die nommer van elke sodanige kleim, kleimgebied of mynpag en die naam van die plaas waarop dit geleë is: Met dien verstande dat by die verstreking van so 'n opgaaf die gebied van elke sodanige kleimgebied of mynpag in kleims verdeel word en vir al die doeleindes van hierdie Wet as sodanig beskou word, terwyl 'n onderdeel van 'n kleim groter as die helfte as 'n kleim gereken word. Sodanige opgaaf word beskryf as die myn-afdeling van die belastingregister van die Randwaterraad.

Belasting-register word nie betwis of tersy gestel nie.

102. Geen opgaaf vervat in 'n belastingregister opgestel kragtens hierdie Wet, en geen belasting daarop gegrond, word ongeldig gemaak of geraak nie deur 'n fout of afwyking in die beskrywing van enige kleims, kleimgebiede of mynpagte daarin genoem, of in die naam van die eienaar daarvan, en geen sodanige belastingregister kan betwis of tersy gestel word op grond van enige onreëlmatigheid nie.

Metode van heffing van belastings.

103. Vir die doel van die heffing van 'n belasting in artikel *agt-en-negentig* bedoel word die bedrag wat opgeneem moet word gelyk-op in som A en som B verdeel.

Toedeling van som A.

104. Die raad deel som A toe onder die verskeie samestellende plaaslike besture volgens die bedrae aangegee in die munisipale afdeling van die belastingregister opgestel ooreenkomstig artikel *negen-en-negentig*, en elke sodanige bestuur is aanspreeklik vir die betaling van die bedrag aldus aan hom toegedeel.

Toedeling van som B.

105. Die raad deel som B toe onder die verskeie eienaars van kleims, kleimgebiede en mynpagte inbegrepe onder die myn-afdeling van die belastingregister van die Randwater-

- (l) The aggregate amount payable on bills current at any one time shall not exceed the sum of one million pounds except by the amount payable on bills issued shortly before any other bills fall due in order to pay off those bills.
- (m) The board may, subject to the provisions of the preceding paragraph, renew bills at maturity.
- (n) For the repayment of the principal money raised by bills, the board may raise money by the creation of stock or issue of further bills but, save as aforesaid, the powers given to the board to raise moneys by the creation of stock shall be suspended to the extent to which moneys have been raised by the issue of bills.
- (o) A bill shall entitle the holder to payment at maturity of the sum expressed in such bill to be payable and shall be charged on all the revenues of the board.

Part 7: Special Rating Powers.

98. If at any time the ordinary revenues of the board, together with the reserve fund, the betterment fund and the depreciation and renewals fund, are insufficient for the purposes of the payment of interest on and the payment due for the redemption of loans, the board may make good the deficiency by levying a rate on the rating roll of the Rand Water Board in the manner hereinafter set forth: Provided that no such rate shall be levied except in pursuance of a resolution passed by a majority of two-thirds of the value of the votes of the members of the board present at a meeting of which at least fourteen days' notice of intention to propose the same has been given: Provided further that no such rate shall be levied until the approval of the Governor-General thereto has been obtained.

Rate leviable
by board.

99. When the Governor-General has under section *ninety-eight* approved the levying of a rate, or when the court has under section *eighty-five* made an order for the levying of a rate, the board shall prepare a rating roll, to be called the rating roll of the Rand Water Board, in the manner hereinafter set forth. The said roll shall be divided into two sections to be described as the municipal section and as the mining section respectively.

Rating roll.

100. The municipal section of the rating roll of the Rand Water Board shall consist of the amounts notified to the secretary in terms of section *one hundred and nineteen*.

Rating roll:
municipal section.

101. Whenever the board prepares a rating roll in terms of section *ninety-nine* it shall be the duty of the Minister of Mines, on the application of the board, to forward to the secretary a list of all claims, claim areas or mynpachts situated within the limits of supply, stating the name and address of every owner of such claims, claim areas or mynpachts as appear in the records of the Registrar of Mining Titles, and the number of each such claim, claim area or mynpacht and the name of the farm on which the same is situated: Provided that in making such statement the area of each such claim area or mynpacht shall be divided into claims and shall for all the purposes of this Act be considered as such, any fraction of a claim greater than one-half being reckoned as a claim. Such statement shall be described as the mining section of the rating roll of the Rand Water Board.

Rating roll:
mining section.

102. No statement contained in any rating roll prepared under this Act, and no rate based thereon, shall be rendered void or be affected by reason of any mistake or variance in the description of any claims, claim areas or mynpachts referred to therein, or in the name of any owner thereof, and no such rating roll shall be capable of being challenged or set aside by reason of any informality.

Rating roll not
to be challenged
or set aside.

103. For the purposes of levying any rate referred to in section *ninety-eight*, the sum to be raised shall be divided equally into sum A and sum B.

Method of
levying rates.

104. The board shall apportion sum A among the several constituent local authorities according to the amounts shown in the municipal section of the rating roll prepared in accordance with section *ninety-nine*, and each such authority shall be liable for the payment of the amount so apportioned to it.

Apportionment
of sum A.

105. The board shall apportion sum B among the several owners of claims, claim areas and mynpachts included in the mining section of the rating roll of the Rand Water Board

Apportionment
of sum B.

raad volgens die getal kleims wat elkeen besit, en die verskeie eienaars van kleims is aanspreeklik vir die bedrag aldus aan elkeen toegeedeel.

Invordering
van som A.

106. Met die doel om betaling van die bedrae verskuldig onder som A te verkry reik die raad sy beveldskrif uit aan elke samestellende plaaslike bestuur waarby van hom vereis word dat hy binne die tydperk deur die beveldskrif bepaal die bedrag van som A wat ooreenkomstig artikel *honderd-en-vier* aan hom toegeedeel is, betaal, en dié bestuur moet die vereistes van dié beveldskrif nakom deur genoemde bedrag uit sy inkomste te betaal: Met dien verstande dat indien genoemde inkomste onvoldoende is vir die betaling van dié bedrag, sodanige bestuur bo en behalwe enige bevoegdhede aan hom verleen deur die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, 1933 (Ordonnansie No. 20 van 1933 (Transvaal)), of enige wysiging daarvan, 'n spesiale waterbelasting op alle belasbare eiendom soos aangegee op die belastingregister van dié bestuur kan hef op die wyse in genoemde Ordonnansie of enige wysiging daarvan bepaal: Met dien verstande voorts dat die samestellende plaaslike bestuur enige oorskot wat sodanige spesiale waterbelasting oplewer bo die bedrag waarvoor die belasting gehef is na sy eie rekening oorplaas, en dié surplus aangewend word ter vermindering van die volgende gewone belasting wat van die belastingbetalers gehef mag word met die doel om die uitgawe wat deur sodanige bestuur aangegaan mag word, te bestry.

Afdwing van
betaling van
som A.

107. In elke geval waarin 'n bydrae deur die raad van 'n samestellende plaaslike bestuur gevorder agterstallig is, kan die magistraat van die distrik waarin dié bestuur geleë is op aansoek van die raad onderteken deur die sekretaris die burgemeester of waarnemende burgemeester van dié bestuur oproep om gronde aan te voer waarom sodanige bydrae nie betaal is nie en kan die magistraat, nadat hy die klagte deur die raad ingebring aangehoor het, na goeiddunke verklaar dat dié bestuur hom aan versuim skuldig gemaak het. Nadat so 'n verklaring gedoen is, is die raad bekleed met al die bevoegdhede van die samestellende plaaslike bestuur wat ingevolge artikel *honderd-en-ses* by dié bestuur berus, en kan hy alle belastings en bedrae verskuldig ingevolge die beveldskrifte hef, insamel, afdwing en invorder asof die raad sodanige bestuur was.

Invordering
van som B.

108. Met die doel om betaling van die bedrae verskuldig onder som B te verkry, reik die raad sy beveldskrif uit aan elke eenaar van kleims waarby van hom vereis word dat hy binne die tydperk deur die beveldskrif bepaal die bedrag van som B wat ooreenkomstig artikel *honderd-en-vyf* aan hom toegeedeel is, betaal.

Afdwing van
betaling van
som B.

109. Alle bedrae verskuldig onder som B word betaal aan, en afgedwing en ingevorder deur die raad op dieselfde manier, *mutatis mutandis*, asof dit 'n belasting is wat kragtens die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, 1933 (Ordonnansie No. 20 van 1933 (Transvaal)), gehef kon word, en al die bepalinge van artikel *vyf-en-twintig* en artikels *sewe-en-twintig* tot en met *een-en-dertig* van genoemde Ordonnansie met betrekking tot die betaling, afdwing en invordering van belastings en die rente daarop, tot die prosedure vir sodanige invordering en tot die bewyslewering in sodanige prosedure is *mutatis mutandis* van toepassing op genoemde bedrae en die raad het al die bevoegdhede van plaaslike besture daarkragtens.

HOOFSTUK V.

ALGEMENE BEPALINGS.

Betalings aan
die Regering van
die Unie van
Suid-Afrika
van £240,000
en £280,000.

110. Vir doeleindes van die betaling deur die raad aan die Regering van die Unie van Suid-Afrika van die bedrae van tweehonderd-en-veertigduisend pond en tweehonderd-en-tagtigduisend pond vermeld in artikel *agt* van die Vaalrivier Uitbreidingskema Wet, 1934 (Wet No. 38 van 1934), soos gewysig deur die Vaalrivier-Uitbreidingskema-Wysigingswet, 1937 (Wet No. 4 van 1937), en die betaling van rente daarop, word dié bedrae behandel asof hulle deur die raad opgeneem is deur 'n uitgifte van effekte kragtens hierdie Wet wat, sover dit eersgenoemde bedrag betref, nie later nie as die een-en-dertigste dag van Maart 1950 aflosbaar is. Die raad hou aan om voorsiening in onderskeidelik die rente- en die delgingsfonds te maak vir die jaarlikse paaielemente ten opsigte van rente op, en die betaling van die hoofsom van sodanige bedrae ooreenkomstig die betrokke ooreenkomste tussen die Regering van die Unie van Suid-Afrika en die raad. Die paaielemente word betaal uit die geld wat van tyd tot tyd in krediet van die rente- en die delgingsfonds staan.

according to the number of claims owned by each, and the several owners of claims shall be liable for the amount so apportioned to each.

106. For the purpose of obtaining payments of amounts due under sum A, the board shall issue its precept to each constituent local authority requiring it to pay, within the time limited by the precept, the amount of sum A apportioned to it in accordance with section *one hundred and four*, and such authority shall comply with the requirements of such precept by paying the said amount out of its revenue: Provided that, should the said revenue not be sufficient for the payment of such amount, such authority may, over and above any powers conferred thereon by the Local Authorities Rating Ordinance, 1933 (Ordinance No. 20 of 1933 (Transvaal)), or any amendment thereof, impose a special water rate on all rateable property as shown upon the rating roll of such authority in the manner set forth in the said Ordinance or any amendment thereof: Provided further that the constituent local authority shall transfer to its own account any surplus arising from any such special water rate above the amount for which the rate was imposed, and such surplus shall go in reduction of the next ordinary rate that may be levied upon the ratepayers for the purpose of defraying the expenses which may be incurred by such authority.

Recovery of
sum A.

107. In every case in which any contribution requisitioned from any constituent local authority by the board shall be in arrear, it shall be lawful for the magistrate of the district in which such authority is situate, on application of the board under the hand of the secretary, to summon the mayor or acting mayor of such authority to show cause why such contribution has not been paid and, after hearing the complaint preferred by the board, if the magistrate shall think fit, to declare such authority to be in default. Upon such declaration being made, the board shall be vested with all the powers of the constituent local authority vested in such authority under section *one hundred and six*, and may impose, collect, enforce and recover all rates and sums due under the precepts as though the board were such authority.

Enforcing
payment of
sum A.

108. For the purpose of obtaining payments of amounts due under sum B, the board shall issue its precept to each owner of claims requiring him to pay within the time limited by the precept the amount of sum B apportioned to him in accordance with section *one hundred and five*.

Recovery of
sum B.

109. All amounts due under sum B shall be paid to, and enforced and recovered by the board in the same manner, *mutatis mutandis*, as if the same were a rate leviable under the Local Authorities Rating Ordinance, 1933 (Ordinance No. 20 of 1933 (Transvaal)), and all the provisions of section *twenty-five* and sections *twenty-seven* to and including *thirty-one* of the said Ordinance with respect to the payment, enforcement and recovery of rates and interest thereon, to the proceedings for such recovery and to the evidence to be used in such proceedings shall, *mutatis mutandis*, apply to the said amounts and the board shall have all the powers of local authorities thereunder.

Enforcing
payment of
sum B.

CHAPTER V.

GENERAL.

110. For the purpose of the payment by the board to the Government of the Union of South Africa of the sums of two hundred and forty thousand pounds and two hundred and eighty thousand pounds, referred to in section *eight* of the Vaal River Development Scheme Act, 1934 (Act No. 38 of 1934), as amended by the Vaal River Development Scheme (Amendment) Act, 1937 (Act No. 4 of 1937), and the payment of interest thereon, such sums shall be dealt with as though they had been raised by the board by an issue of stock in terms of this Act, redeemable in so far as the first mentioned sum is concerned not later than the thirty-first day of March, 1950. The board shall continue to make provision in the interest and redemption funds respectively for the annual instalments in respect of the interest on, and the payment of the principal amount of such sums in accordance with the relative agreements between the Government of the Union of South Africa and the board. Such instalments shall be paid from the moneys from time to time standing to the credit of the interest and redemption funds.

Payments to the
Government of
the Union of
South Africa of
£240,000 and
£280,000.

Ooreenkoms
tussen raad
en Stadsraad
van Pretoria.

111. Die raad en die Stadsraad van Pretoria besit al die bevoegdheede en magtigings wat nodig is om gevolg te gee aan die ooreenkoms (waarvan 'n vertaling in die Sesde Bylae opgeneem is) deur hulle aangegaan in September 1943 en bekragtig en bevestig deur die Private Wet tot Wysiging van die Rand-Watteraadstatute (1903-1938), 1944 (Wet No. 11 van 1944).

Verandering van
verskaffings-
terrein en
toepaslikheid
van wetgewing
buite Transvaal.

112. (1) Die Goewerneur-generaal kan van tyd tot tyd by wyse van kennisgewing in die *Staatskoerant* die gebied deur die verskaffingsterrein beslaan op enige plek in die provinsie Transvaal, en in die provinsie Oranje-Vrystaat binne 'n omtrek van vyf-en-sewentig myl van die Stadsaal, Vereeniging, uitbrei of verander.

(2) Indien die verskaffingsterrein ingevolge sub-artikel (1) tot buite die grense van die provinsie Transvaal uitgebrei word, word geag dat 'n verwysing in hierdie Wet na die Administrateur of wetgewing van Transvaal ten opsigte van enige saak wat uit die raad se onderneming in 'n ander provinsie dan Transvaal ontstaan, 'n verwysing is na onderskeidelik die Administrateur of die ooreenstemmende wetgewing van dié provinsie. Indien daar geen sodanige wetgewing bestaan nie, is die wetgewing van die provinsie Transvaal *mutatis mutandis* van toepassing.

Maksimum
hoeveelheid
water wat uit
dolomietformasie
gepomp mag
word.

113. (1) Die raad mag nie gedurende 'n tydperk van twaalf agtereenvolgende maande meer as 'n daaglikse gemiddelde van tienmiljoen gelling water pomp nie uit die dolomietformasie op, in of onder die eiendomme inbegrepe by die ondernemings in die Sewende Bylae vermeld en enige eiendomme of regte wat deur die raad kragtens paragraaf (g) van artikel vier-en-twintig verkry mag word, behoudens en behalwe met die goedkeuring van die Goewerneur-generaal.

(2) Die raad hou behoorlik boek van die hoeveelheid water wat hy daagliks uit elkeen van genoemde ondernemings neem, en sodanige boeke kan te alle redelike tye ingesien word deur die persoon of persone wat deur die Goewerneur-generaal daartoe aangewys word.

(3) Indien die raad enige oortreding van sub-artikel (1) begaan of laat begaan, verbeur hy vir elke sodanige oortreding 'n som van vyfhonderd pond wat ingevorder kan word deur 'n aksie deur die Prokureur-generaal in 'n bevoegde hof ingestel.

Aanspreeklikheid
van raad ten
opsigte van
toeëiening van
water.

114. Onderworpe aan die bepalinge van artikel honderd een-en-veertig en behalwe ten opsigte van enige werkzaamhede ingevolge die bepalinge van paragrafe (a) tot en met (e) van artikel vier-en-twintig of artikel negen-en-twintig, onthef niks in hierdie Wet vervat die raad van aanspreeklikheid nie ten opsigte van die vermindering as gevolg van sy werkzaamhede van die water van enige fontein of stroom waarvoor hy aanspreeklik sou gewees het as hierdie Wet nie bestaan het nie.

Huishoudelike
verbruik moet
voorkeur
geniet.

115. Indien die water wat die raad beskikbaar het te eniger tyd onvoldoende is om in die behoeftes van alle verbruikers te voorsien, gee die raad voorkeur aan verbruikers, hetsy hulle samestellende owerhede is of nie, wat water vir huishoudelike doeleindes of vir die redelike beskerming van openbare gesondheid nodig het.

Verdeling van
water onder
bydraers.

116. Onderworpe aan die bepalinge van artikel honderd-en-vyftien en die ooreenkoms tussen die raad en die Stadsraad van Pretoria in artikel honderd-en-elf vermeld, en met voorbehoud van die bevoegdheid van die raad om na sy goeëddunke water vir die gebruik van ander verbruikers af te sonder of uit te hou, verdeel die raad sy beskikbare watervoorraad onder die spoorwegadministrasie, die samestellende plaaslike besture en die houters van mynbriewe sodat die spoorwegadministrasie geregtig is op vyf persent van dié voorraad, die samestellende plaaslike besture gesamentlik op vyftig persent daarvan en die houters van mynbriewe gesamentlik op die res daarvan.

Beperkings op
die verkoop
van water deur
verbruikers.

117. Geen verbruiker mag sonder die toestemming van die raad water deur hom van die raad gekoop, verkoop of verskaf nie aan enige persoon aan wie die raad op die oomblik bevoeg is om water te verskaf. Indien 'n verbruiker water in stryd met hierdie artikel verkoop of verskaf, kan die raad van dié verbruiker, benewens die heffings ooreenkomstig hierdie Wet, betaling vorder vir water aan hom verskaf gedurende die tydperk van sodanige oortreding teen hoogstens driemaal die eenvormige belasting wat van tyd tot tyd gedurende sodanige tydperk van krag is.

111. The board and the City Council of Pretoria shall have all powers and authorities necessary for giving effect to the agreement (a copy of which is set out in the Sixth Schedule) entered into between them in September, 1943, and ratified and confirmed by the Rand Water Board Statutes (1903-1938) Amendment (Private) Act, 1944 (Act No. 11 of 1944).

Agreement between board and City Council of Pretoria.

112. (1) The Governor-General may by notice in the *Gazette* from time to time extend or vary anywhere in the Province of the Transvaal, and in the Province of the Orange Free State within a radius of seventy-five miles of the Town Hall, Vereeniging, the area comprised in the limits of supply.

Alteration of limits of supply and applicability of legislation outside the Transvaal.

(2) In the event of the limits of supply being extended beyond the boundaries of the Province of the Transvaal in accordance with sub-section (1), any reference in this Act to the Administrator or legislation of the Transvaal shall, in respect of any matter arising out of the board's undertaking in a province other than the Transvaal, be deemed to be a reference to the Administrator or the corresponding legislation of that province respectively. In the event of there being no such legislation, the legislation of the Province of the Transvaal shall, *mutatis mutandis*, apply.

113. (1) It shall not be lawful for the board in any period of twelve consecutive months to pump more than a daily average of ten million gallons of water from the dolomite formation existing on, in or under the properties comprised in the undertakings referred to in the Seventh Schedule, and any properties or rights which may be acquired by the board under paragraph (g) of section *twenty-four*, save and except with the approval of the Governor-General.

Maximum quantity of water which may be pumped from dolomite formation.

(2) The board shall keep proper books of account of the quantity of water drawn by it daily from each of the said undertakings and the said books shall be open to the inspection at all reasonable times of such person or persons as may be appointed thereto by the Governor-General.

(3) If the board shall commit or cause to be committed any act in contravention of sub-section (1), it shall, for every such act, forfeit a sum of five hundred pounds, which may be recovered by action brought by the Attorney-General in any court of competent jurisdiction.

114. Subject to the provisions of section *one hundred and forty-one* and save in respect of any operations under the provisions of paragraphs (a) to and including (e) of section *twenty-four* or section *twenty-nine*, nothing in this Act contained shall exempt the board from any liability in respect of the diminution of the water of any fountain or stream consequent upon its operations for which it would, were it not for this Act, have been liable.

Liability of board in respect of appropriation of water.

115. If at any time the available water of the board shall be insufficient to supply the requirements of all consumers, the board shall give preference to consumers, whether constituent authorities or not, who require water for domestic purposes or for the reasonable preservation of public health

Preference to be given to domestic consumption.

116. Subject to the provisions of section *one hundred and fifteen* and to the agreement between the board and the City Council of Pretoria referred to in section *one hundred and eleven*, and without prejudice to the power of the board at its discretion to set aside or reserve water for the use of other consumers, the board shall distribute its available water supply among the railway administration, the constituent local authorities and the holders of mining title, so that the railway administration shall be entitled to five per cent. of such supply, the constituent local authorities collectively to fifty per cent. thereof and the holders of mining title collectively to the remainder thereof.

Distribution of water among contributors.

117. No consumer shall, without the sanction of the board, sell or supply any water purchased by him from the board to any person whom the board is for the time being empowered to supply. If any consumer shall sell or supply water in contravention of this section, the board may charge such consumer, in addition to the charges made in accordance with this Act, in respect of water supplied to him during the period of such contravention, at a rate not exceeding three times the uniform rate in force from time to time during such period.

Restrictions on the sale of water by consumers.

Beperking van watervoorraad deur samestellende plaaslike besture uit ander bronne verkry.

Samestellende plaaslike besture stel raad van waardering van belasbare eiendom in kennis.

Eiendom van raad is nie belasbaar nie.

Diening van kennisgewings.

Jaarverslag.

Hierdie Hoofstuk moet saam met Wet 38 van 1934 (soos gewysig) gelees word.

Bevoegdheid om studam in stand te hou en water op te dam en uit te haal.

Beskikking oor addisionele water in studam bewaar.

118. Geen samestellende plaaslike bestuur mag sonder die skriftelike toestemming van die raad die watervoorraad wat verkry word van enige wateronderneming wat op die negen-en-twintigste dag van Junie 1914 onder sy beheer was, uitbrei of vermeerder, of water andersins dan van die raad koop nie.

119. Dit is die plig van die stadsklerk van elke samestellende plaaslike bestuur om die sekretaris tussen die eerste en die een-en-dertigste dag van Desember in elke jaar skriftelik in kennis te stel van die bedrag van die totale waardering van belasbare eiendom binne die munisipaliteit van sodanige bestuur soos aangegee op die belastingregister daarvan op die eerste dag van die vorige Julie: Met dien verstande dat indien daar op die een-en-dertigste dag van Desember geen vasgestelde en bindende belastingregister soos op die eerste dag van die vorige Julie is nie, die jongste register wat vasgestel en bindend was, as die belastingregister vir doeleindes van hierdie artikel beskou word.

120. Die eiendom van die raad wat vir doeleindes van hierdie Wet gebruik word, word nie as belasbare eiendom binne die betekenis van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, 1933 (Ordonnansie No. 20 van 1933 (Transvaal)), beskou nie.

121. (1) Behoudens andersluidende bepalings van hierdie Wet, word 'n kennisgewing, wanneer dit op enige persoon gedien moet word of aan hom gegee moet word, persoonlik op dié persoon gedien of gelaat by of as aangetekende stuk deur die pos gestuur aan sy jongste bekende besigheids- of verblyfplek.

(2) Wanneer 'n kennisgewing op 'n eienaar van grond gedien moet word, word sodanige kennisgewing, indien die eienaar nie opgespoor kan word nie, op die bewoner gedien, of indien daar geen bewoner is nie, word dit in die *Staatskoerant* gepubliseer en by die Registrateur van Aktes gelaat.

122. Die raad lê 'n jaarverslag oor sy werk aan die Gouwerneur-generaal voor en verstrekk van tyd tot tyd aan hom sodanige opgawes, statistiek en ander inligting as wat hy verlang.

HOOFSTUK VI.

BEVOEGDHEID OM WATER IN DIE VAALRVIER OP TE DAM EN DAARMEE IN VERBAND STAANDE SAKE.

123. Die bepalings van hierdie Hoofstuk word onderworpe aan en saam met die bepalings van die Vaalrivier Uitbreidingskema Wet, 1934 (Wet No. 38 van 1934), en enige wysiging daarvan gelees.

124. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Hoofstuk, kan die raad die studam in stand hou en kan hy agter die studam 'n hoeveelheid surplus-water opdam en bewaar wat op enige tyd nie meer is dan eenduisend agthonderd drie-en-negentigmiljoen tweehonderd-en-tagtigduisend kubieke voet nie, en kan hy uit die aldus opgedamde en bewaarde water 'n hoeveelheid water uithaal wat, bereken oor die tydperk van 'n kalendermaand, nie meer is dan 'n gemiddelde volume van driemiljoen tweehonderdduisend kubieke voet gedurende elke vier-en-twintig uur nie; en die raad kan voorts, ondanks die bepalings van die „Besproeiings- en Waterbewarings Wet, 1912” (Wet No. 8 van 1912), deur middel van pypleidinge dié water tot binne die verskaffingsterrein neem en voer of oorbring: Met dien verstande dat die raad te alle tye oor of deur die studam soveel water loslaat of laat vloei as wat deur die Buitengewone Waterhof, ingestel ingevolge artikel *veertien* van die Wet van 1914, vasgestel is as die normale stroming wat vir die gebruik van oewereienaars onderkant die studam deur die bewaarwerke deurgelaat moet word.

(2) Vir die voordeel van eienaars van oewergrond langs daardie gedeelte van die Vaalrivier en sy takriviere wat binne die bewaargebied van die raad se werke geleë is, aan wie permitte vir die opdam en bewaar van water kragtens die bepalings van artikel *honderd vyf-en-twintig* toegeken mag word, kan die raad agter die studam, benewens die maksimum hoeveelheid water in sub-artikel (1) bepaal, 'n hoeveelheid water opdam en bewaar wat gelyk is aan tweehonderd agt-en-tagtigmiljoen kubieke voet.

125. (1) Die bewaarruimte vir die addisionele hoeveelheid water in sub-artikel (2) van artikel *honderd vier-en-twintig* bedoel, word deur die raad uitgehou vir die voordeel van die eienaars van oewergrond langs daardie gedeelte van die Vaalrivier en sy takriviere wat binne die bewaargebied van die raad se werke geleë is, aan wie permitte toegeken mag word om ooreenkomstig hierdie artikel water daarin op te dam en te bewaar.

118. No constituent local authority shall, without the written sanction of the board, extend or increase the supply of water derived from any water undertaking which was under its control on the twenty-ninth day of June, 1914, or purchase any water otherwise than from the board.

Restricting the supply derived by constituent local authorities from other sources.

119. It shall be the duty of the town clerk of each constituent local authority, between the first and thirty-first day of December in each year, to notify to the secretary in writing the amount of the total valuation of rateable property within the municipality of such authority as shown upon the rating roll thereof as at the first day of July preceding: Provided that if by the thirty-first day of December there is no fixed and binding rating roll as at the first day of July preceding, the most recent roll which was fixed and binding shall be deemed to be the rating roll for the purposes of this section.

Constituent local authorities to notify board of valuations of rateable property.

120. The property of the board used for the purposes of this Act shall be deemed not to be rateable property within the meaning of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933 (Ordinance No. 20 of 1933 (Transvaal)).

Property of board not to be rateable.

121. (1) Save as otherwise provided in this Act, where any notice is required to be served on or given to any person, it shall be served personally on such person or left at, or sent by registered post to, his last known place of business or residence.

Service of notices.

(2) Where any notice is required to be served on the owner of any land, such notice shall, if the owner cannot be traced, be served on the occupier, or if there be no occupier, shall be published in the *Gazette* and left with the Registrar of Deeds.

122. The board shall submit to the Governor-General an annual report upon its work and shall from time to time furnish him with such returns, statistics and other information as he may require.

Annual report.

CHAPTER VI.

POWER TO IMPOUND WATER IN VAAL RIVER AND MATTERS INCIDENTAL THERETO.

123. The provisions of this Chapter shall be read subject to and in conjunction with the provisions of the Vaal River Development Scheme Act, 1934 (Act No. 38 of 1934), and any amendment thereof.

This Chapter to be read in conjunction with Act 38 of 1934 (as amended).

124. (1) Subject to the provisions of this Chapter, the board may maintain the barrage and may impound and store behind the barrage a quantity of surplus water not exceeding at any one time one thousand eight hundred and ninety-three million two hundred and eighty thousand cubic feet, and may abstract from the water so impounded and stored a quantity of water which, calculated over a period of any one calendar month, shall not exceed an average volume of three million two hundred thousand cubic feet during each twenty-four hours; and the board may further, notwithstanding the provisions of the Irrigation and Conservation of Waters Act, 1912 (Act No. 8 of 1912), take and convey or transmit such water to within the limits of supply by means of pipelines: Provided that the board shall at all times discharge or permit to flow over or through the barrage such quantity of water as has been determined by the Extraordinary Water Court constituted in terms of section *fourteen* of the Act of 1914 as being the normal flow which shall be passed through the storage works for the use of riparian owners below the barrage. •

Power to maintain barrage and to impound and abstract water.

(2) For the benefit of the owners of land riparian to that portion of the Vaal River and its tributaries within the storage area of the board's works who may be awarded permits to impound and store water under the provisions of section *one hundred and twenty-five*, the board may impound and store behind the barrage, in addition to the maximum quantity of water specified in sub-section (1), a quantity of water equal to two hundred and eighty-eight million cubic feet.

125. (1) The storage accommodation for the additional quantity of water referred to in sub-section (2) of section *one hundred and twenty-four* shall be reserved by the board for the benefit of the owners of land riparian to that portion of the Vaal River and its tributaries within the storage area of the board's works who may be awarded permits to impound and store water therein in terms of this section.

Disposal of additional water stored in barrage.

(2) Elke eienaar van oewergrond langs daardie gedeelte van die Vaalrivier en sy takriviere wat binne die bewaargebied van die raad se werke geleë is, kan van tyd tot tyd ooreenkomstig die „Besproeiings- en Waterbewarings Wet, 1912” (Wet No. 8 van 1912), by die waterhof om ’n permit aansoek doen om te eniger tyd in die bewaar ruimte wat kragtens sub-artikel (1) van hierdie artikel uitgehou moet word, so ’n volume water op te dam en te bewaar wat nie sy eweredige aandeel in die hoeveelheid wat daarin opgedam en bewaar kan word te bowe gaan nie, as wat genoemde hof mag bepaal, en dié hof is bevoeg om dié volume te bepaal.

(3) Elke eienaar in sub-artikel (2) bedoel moet volgens die omvang van die bewaar ruimte wat aan hom deur so ’n waterhof toegeken is, ’n *pro rata* bedrag bydra tot die koste deur die raad aangegaan met die voorsiening van die addisionele bewaar ruimte in sub-artikel (2) van artikel *honderd vier-en-twintig* bedoel, soos daardie waterhof mag bepaal: Met dien verstande dat geen sodanige *pro rata* bydrae deur ’n eienaar betaalbaar is nie ten opsigte van die hoeveelheid water wat bewaar kon word in die bewaarwerke wat op die negen-en-twintigste dag van Junie 1914 bestaan het en deur die bewaarwerke van die raad oorstroom is.

(4) Elke eienaar in sub-artikel (2) bedoel wat ’n permit verkry om water op te dam en te bewaar in die bewaar ruimte wat deur die raad uitgehou moet word, moet in dieselfde verhouding waarin sy bewaarregte tot die bewaarregte van die raad staan, bydra tot die koste deur die raad aangegaan met die instandhouding van die studam en die bou en instandhouding van meet- of ander toestelle wat die raad ingevolge die Wet van 1914 mag gebou het.

(5) Ondanks enige toekenning ingevolge hierdie artikel gedoen, berus die beheer en bestuur van die studam en van alle werke en toestelle wat gebou is kragtens die bevoegd hede deur die Wet van 1914 en hierdie Hoofstuk verleen, behalwe waar hierdie Hoofstuk uitdruklik anders bepaal, alleen by die raad en niemand het uit hoofde van so ’n toekenning enige eis teen die raad ten opsigte van verlies van water deur watter oorsaak ookal nie. In die geval van enige verlies van opgedamde water word die hoeveelhede water wat uit die oorskot, as daar is, geneem kan word onderskeidelik deur die raad en deur ’n persoon wat kragtens ’n toekenning ingevolge hierdie artikel gedoen daarop geregtig is, *pro rata* verminder volgens die hoeveelheid water onderskeidelik deur die raad en deur so ’n persoon ten tyde van sodanige verlies bewaar.

126. Ondanks andersluidende bepalings in artikels *vyftien* en *sesien* van die „Besproeiings- en Waterbewarings Wet, 1912” (Wet No. 8 van 1912), word geag dat hierdie Hoofstuk uitdruklik magtiging verleen vir die opdam van die hoeveelheid surplus-water wat daarkragtens geneem en opgedam kan word in alle opsigte asof sodanige magtiging ontstaan het uit ’n vergunning of reg om surplus-water te bewaar of af te keer wat tevore ingevolge daardie Wet of ’n vroeër wet toegeken of gehou is.

127. Die raad hou sodanige daaglikse aantekeninge van die meet van die hoeveelheid water ooreenkomstig die bepalings van hierdie Hoofstuk losgelaat as wat die direkteur mag vereis en sodanige aantekeninge, tesame met alle peiltoestelle, meetwalle en ander apparaat wat vir sodanige meetdoeleindes nodig is, kan op aansoek redelikerwys geïnspekteer, ondersoek en getoets word deur enige persoon wat ten aansien van die normale stroming van die rivier enige regte het of deur sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger, of op enige redelike tyd met of sonder aansoek deur die direkteur of sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger.

128. Onderworpe aan die bepalings van hierdie Hoofstuk en die behoorlike uitoefening deur ’n eienaar van die regte kragtens artikel *honderd vyf-en-twintig* deur ’n permit verleen—

- (a) berus by die raad die alleen- en uitsluitende reg om alle water te neem, uit te haal en te gebruik wat hy kragtens die bevoegd hede deur hierdie Hoofstuk verleen, kan neem, keer, dam, opdam en bewaar, hetsy sodanige water na dit opgedam is, meng of vrygelaat word om te meng met ander water van vermelde rivier al dan nie, en het die raad met inagneming van alle regte wat op die negen-en-twintigste dag van Junie 1914 bestaan het, die beheer oor die gebied wat deur voormelde werke in beslag geneem word;
- (b) mag niemand sonder toestemming van die raad water neem of gebruik wat die raad ingevolge die bevoegd hede by hierdie Hoofstuk verleen kan opdam, bewaar, afkeer of toeëien;

Bepaling in verband met artikels 15 en 16 van Wet 8 van 1912.

Meet van water losgelaat.

Regte op opgedamde water.

(2) Each owner of land riparian to that portion of the Vaal River and its tributaries within the storage area of the board's works may from time to time make application to the water court in terms of the Irrigation and Conservation of Waters Act, 1912 (Act No. 8 of 1912), for a permit to impound and store at any one time in the storage accommodation to be reserved by the board under sub-section (1), such volume of water, not exceeding his proportionate share of the quantity which can be impounded and stored therein, as the said court may determine, and such court shall have jurisdiction to determine such volume.

(3) Each owner referred to in sub-section (2) shall contribute, *pro rata* to the extent of the storage accommodation awarded to him by such water court, such an amount towards the costs incurred by the board in providing the additional storage accommodation referred to in sub-section (2) of section *one hundred and twenty-four*, as such water court may determine: Provided that no such *pro rata* contribution shall be payable by an owner in respect of that quantity of water which could be stored in storage works which, being in existence at the twenty-ninth day of June, 1914, were submerged by the storage works of the board.

(4) Each owner referred to in sub-section (2), who obtains a permit to impound and store water in the storage accommodation to be reserved by the board, shall contribute in the same proportion as his storage rights bear to the storage rights of the board towards the cost incurred by the board in maintaining the barrage and in constructing and maintaining such gauging or other apparatus as may have been constructed by the board under the Act of 1914.

(5) Notwithstanding any award made under this section, the sole control and management of the barrage and of all works and apparatus constructed under the powers conferred by the Act of 1914 and this Chapter shall, save as is expressly otherwise provided in this Chapter, be vested in the board, and no person shall by reason of any such award have any claim against the board in respect of any loss of water from any cause whatever. In the event of any loss of impounded water, the amounts of water to be drawn respectively by the board and by any person entitled under an award made under this section from the balance (if any) remaining, shall be reduced accordingly *pro rata* to the amount of water stored by the board and any such person respectively at the time of such loss.

126. Anything to the contrary notwithstanding in sections *fifteen* and *sixteen* of the Irrigation and Conservation of Waters Act, 1912 (Act No. 8 of 1912), this Chapter shall be deemed to authorize specifically the storage of the amount of surplus water which may be taken and impounded thereunder in all respects as if such authority were derived from a permission or right to store or divert surplus water previously granted or held under that Act or a prior law.

Provision in regard to sections 15 and 16 of Act 8 of 1912.

127. The board shall keep such daily records of the measurement of the quantity of water discharged in accordance with the provisions of this Chapter as may be required by the director, and such records, together with all gauges, weirs and other apparatus which may be necessary for the purpose of such measurement, shall on application be open to reasonable inspection, examination and testing by any person having any rights in respect of the normal flow of the river, or his duly authorized representative, or at any reasonable time with or without application by the director or his duly authorized representative.

Measurement of water discharged.

128. Subject to the provisions of this Chapter and to the due exercise by any owner of the rights conferred by permit under section *one hundred and twenty-five*—

Rights to impounded water

- (a) the board shall have the sole and exclusive right to take, abstract and use all water which it may take, intercept, dam, impound and store under the powers conferred by this Chapter, whether or not any such waters shall mingle or be left to mingle after being stored with any other water of the said river, and shall, subject to all rights existing as at the twenty-ninth day of June, 1914, have control over the area covered by the said works;
- (b) no person shall, without the sanction of the board, take or use any water which the board may impound, store, divert or appropriate under the powers conferred by this Chapter;

- (c) is elkeen wat paragraaf (b) oortree, by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd pond of by wanbetaling met gevangenisstraf met of sonder dwangarbeid vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of met beide sodanige boete en gevangenisstraf:

Met dien verstande dat beskou word dat niks in hierdie artikel vervat so 'n persoon van siviele aanspreeklikheid teenoor die raad of van ander strafregtelike aanspreeklikheid vir enige van voormelde dade onthef nie.

Bevoegdheid om werke en toebehorende bedryfstoerusting aan te lê.

129. Die raad kan vir die doeleindes van artikel *honderd vier-en-twintig* die werke deur die Wet van 1914 gemagtig en in die Agste Bylae beskryf van tyd tot tyd aanlê, verkry, in stand hou en gebruik op, deur of oor die grond op die gedeponeerde planne afgeteken en ooreenkomstig die hoogtes op die bybehorende snyvlakke aangegee, asook alle behoorlike studamme, damme, reservoïers, meetwalle, walle, brûe, paaie, toegange, spoorwagsylyne, weë, putte, tenks, waterbakke, verdelingsreservoïers, peiltoestelle, mengbakke, meganiese filtreerders, filtreerbakke, filtreerbeddings, standpype, damme, sluisse, oorlatings, uitlatings, uitvalle, afvoerpype, waterleidings, duikers, deurgrawings, kanale, leidings, riole, hoofpype, pype, aansluitings, kleppe, telegraaf-toestelle, telefone, kables vir die oorbring van elektriese krag, masjiene, pompe, geboue, bouwerke, toestelle en geriewe in verband met of aanvullend by vermelde werke of enigeen daarvan of nodig vir die nasien, instandhouding, reiniging, herstel, vernuwing en gebruik daarvan: Met dien verstande dat alle besonderhede van die ontwerp en bou van die studam en daarmee in verband staande werke vir die bewaring van water in die bedding van die Vaalrivier en van alle meetwalle en peiltoestelle vir die meet van water wat in en uit die reservoir vloei, of daaruit gehaal word, eers vir goedkeuring aan die Minister voorgelê moet word: Met dien verstande voorts dat die metodes van beheer en bestuur van vermelde studam en meetmiddels, voor hulle in werking gestel word, deur die Minister goedgekeur moet word.

Bevoegdheid om sydelings af te wyk van die ligging van werke, ens., op die planne aangedui.

130. Die raad kan, onderhewig aan die bepalings van hierdie Hoofstuk, by die aanleg van die werke ingevolge hierdie Hoofstuk gemagtig, van onderskeidelik die lyne of ligging daarvan soos aangedui op die betrokke planne sydelings afwyk in enige mate binne die perke van afwyking deur die planne vasgestel, en buite dié perke met toestemming van die eienaar van die grond waardeur sodanige afwyking volgens voorneme sal geskied. Waar op die planne aangedui word dat die lyn van werke langs 'n pad loop en geen perke van sydelingse afwyking op die planne aangedui word nie, kan die raad by die aanleg van dié werk sydelings in enige mate binne die grense van die pad afwyk, en die raad kan ook van die hoogtes van enige waterwerke op die planne aangedui tot hoogstens drie voet afwyk.

Bevoegdheid om grond in verband met werke te verkry.

131. Vir die doeleindes in hierdie Hoofstuk beskryf en sonder om afbreuk te doen aan die uitoefening deur die raad van al die bevoegdhede aan hom deur artikel *vier-en-twintig* verleen in verband met die verkryging en betreding van grond, die lê van pype en ander werke in verband met sy doeleindes, en onderworpe aan die bepalings van artikel *vier-en-twintig*, kan die raad deur ooreenkoms of, by gebrek aan ooreenkoms, deur gedwonge koop soos hierna bepaal, grond of 'n reg of servituut op of oor grond wat hy binne die perke op die gedeponeerde planne beskryf vir die doeleindes van hierdie Hoofstuk nodig mag hê, verkry, en kan hy die oppervlakte van grond, paaie of strate binne genoemde perke betree en opbreek, en kan hy vir gemelde doeleindes klip, klei, gruis of ander materiaal neem, gebruik en wegneem: Met dien verstande dat ten opsigte van grond, paaie of strate onder die beheer van 'n plaaslike bestuur geen vergoeding soos deur genoemde artikel bepaal, vir die betree of opbreek van die oppervlakte van grond, paaie of strate of vir die wegneem van materiaal van enige grond betaal word nie; maar vir sover dit redelik, gedoen kan word, herstel die raad die oppervlakte van so 'n pad of straat tot tevredeheid van genoemde plaaslike bestuur: Met dien verstande voorts dat vir die doeleindes van hierdie Hoofstuk geen klip, klei, gruis of ander materiaal van verboude lande of tuine of van enige plek binne 'n omtrek van tweehonderd jaart van 'n gebou op enige grond, behalwe met toestemming van die eienaar, geneem mag word nie.

Vergoeding vir grond of regte oor grond anders as deur ooreenkoms verkry.

132. (1) Wanneer die raad by die uitoefening van die bevoegdhede wat by hierdie Hoofstuk verleen word, grond of 'n reg of servituut op of oor grond nodig het, of dit nodig vind om klip, klei, gruis of ander materiaal te neem, te gebruik of weg te neem, en dié grond, reg, servituut of materiaal nie

- (c) every person contravening paragraph (b) shall on conviction be liable to a fine not exceeding one hundred pounds, or in default of payment to imprisonment with or without hard labour for any period not exceeding six months, or to both such fine and imprisonment:

Provided that nothing in this section contained shall be held or taken to exempt such person from any civil liability to the board, or other criminal liability for any of the aforesaid acts.

129. For the purposes of section *one hundred and twenty-four* the board may from time to time construct, acquire, maintain and operate the works authorized by the Act of 1914 and described in the Eighth Schedule, on, through or over the lands delineated in the deposited plans and according to the levels shown upon the sections included therein, together with all proper barrages, dams, reservoirs, weirs, embankments, bridges, roads, approaches, railway sidings, ways, wells, tanks, basins, service reservoirs, gauging apparatus, mixing tanks, mechanical filters, filter tanks, filter beds, stand pipes, dams, sluices, waste-weirs, out-lets, out-falls, discharge pipes, aqueducts, culverts, cuts, channels, conduits, drains, mains, pipes, junctions, valves, telegraphs, telephones, cables for the transmission of electric energy, engines, pumps, buildings, constructions, apparatus, and conveniences connected with or auxiliary to the said works or any of them, or necessary for inspecting, maintaining, cleansing, repairing, renewing and operating the same: Provided that all details of the design and construction of the barrage and works connected therewith for the storage of water in the bed of the Vaal River, and of all gauging weirs and gauging apparatus for the measurement of water flowing into and out of the reservoir, or abstracted therefrom, shall first be submitted to the Minister for approval: Provided further that the methods of control and management of the said barrage and gauging appliances shall, before being brought into operation, be approved by the Minister.

Power to construct works and accessory plant.

130. Subject to the provisions of this Chapter the board may, in the construction of the works authorized under this Chapter, deviate laterally from the lines or positions thereof respectively as shown on the plans relating thereto to any extent within the limits of deviation defined by the plans, and beyond those limits by consent of the owner of the land through which such deviation is proposed to be made, and where the line of any works is shown upon the plans as passing along any roads, and no limits of lateral deviation are marked on the plans, the board may in making such work deviate laterally to any extent within the boundaries of such road, and may also deviate from the levels of any water works shown on the plans to any extent not exceeding three feet.

Power to deviate laterally from position of works, etc., as shown on plans.

131. For the purposes described in this Chapter and without prejudice to the exercise by the board of all powers conferred on it by section *twenty-four* in regard to acquiring and entering upon lands, the laying of pipes, and other works incidental to its purposes, the board may by agreement or, failing agreement, by compulsory purchase as hereinafter provided, acquire any land, or any right or servitude in or over land, which it may require within the limits described in the deposited plans for the purposes of this Chapter, and may enter upon and break up the surface of land, roads or streets within the said limits, and may take, use and carry away for the said purposes any stone, clay, gravel or other material, subject always to the provisions of section *twenty-four*: Provided that in the case of land, roads or streets vested in any local authority, no compensation shall be payable as provided by the said section in respect of the entering upon or breaking up the surface of any land, roads or streets, or the taking of materials from any land; but the board shall, as far as may reasonably be done, restore the surface of any such road or street to the satisfaction of the said local authority: Provided further that for the purposes of this Chapter, no stone, clay, gravel or other material shall, except with the consent of the owner, be taken from any cultivated lands or gardens or from any place within a radius of two hundred yards from any building upon any land.

Power to acquire land in connection with works.

132. (1) Where the board in the exercise of the powers conferred by this Chapter requires any land or any right or servitude in or over any land, or to take, use or carry away any stone, clay, gravel or other materials, and such land, right, servitude

Compensation for land or rights over land acquired otherwise than by agreement.

deur ooreenkoms met die eienaar verkry kan word nie, publiseer die raad in die *Staatskoerant* en in 'n nuusblad in omloop in die distrik waarin genoemde grond geleë is, 'n kennisgewing deur die sekretaris onderteken wat die beskrywing en ligging van die grond aangee asook van die reg of servituut wat na voorneme op of oor die grond geneem sal word, of 'n beskrywing van die materiaal wat hy voornemens is om van die grond te neem, na gelang van die geval.

(2) Die raad dien ook op die eienaar 'n afskrif van die kennisgewing in sub-artikel (1) genoem en vereis van hom dat hy binne 'n tyd daarin bepaal, wat nie minder as een maand van die datum van die diening daarvan is nie, die raad skriftelik meedeel wat die aard en omvang van sy eiendomsreg of belang is en onder watter titel hy dit hou, asook wat hy as vergoeding vir die neem, verkryging of gebruik van sodanige grond, reg, servituut of materiaal eis, en die raad verklaar dat hy gewillig is om met die eienaar aangaande die bedrag van sodanige vergoeding te onderhandel.

(3) Indien die eienaar nie binne een maand nadat die kennisgewing gediens is aan die bepalings van die kennisgewing voldoen het nie, of die raad nie met die eienaar oor die bedrag van die vergoeding wat betaal moet word, ooreengekom het nie, word die bedrag aan vergoeding deur arbitrasie vasgestel, vir watter doel die raad en die eienaar elkeen 'n arbiter benoem, en daarna is die bepalings van die „Arbitration Ordinance, 1904” (Ordonnansie No. 24 van 1904 (Transvaal)), of enige wysiging daarvan, van toepassing asof sodanige arbitrasie ontstaan het uit 'n versoek om verwysing na twee arbiters met 'n skeidsregter wat deur hulle aangestel moet word.

(4) Die raad kan te eniger tyd na verloop van een maand van die datum van die diening van die kennisgewing in sub-artikel (2) genoem, en in die mate en vir die doeleindes daarin genoem, die grond of reg of servituut daarop of daaroor, of materiaal daarin genoem, betree, in besit neem en gebruik, al is die bedrag van die vergoeding nog nie vasgestel nie.

(5) Ondanks die feit dat die raad enige bevoegdhede van hierdie artikel uitgeoefen het deur grond wat grens aan of deel uitmaak van die bedding van die Vaalrivier of sy takriviere, of 'n servituut oor enige sodanige grond te verkry, behou 'n eienaar van wie dié grond of servituut verkry is die reg van toegang tot dié rivier en takriviere op die wyse deur hierdie Hoofstuk bepaal, en wanneer ookal deur die verkryging van sodanige grond of servituut aan 'n takrivier van gemelde Vaalrivier, 'n plaas geheel en al of gedeeltelik geskei is sodat dit die redelike verkeer tussen een gedeelte van die plaas met enige ander gedeelte daarvan belemmer, voorsien die raad, tensy die eienaar ingestem het dat die raad enige deel van sy grond vry van vergoeding oorstrom of andersins met die raad ooreengekom het, redelike middele tot verkeer tussen die geskeide gedeeltes van die plaas of vergoed hy sodanige eienaar vir die ongerief wat veroorsaak is.

(6) Met dien verstande dat, wanneer 'n eienaar na wie in sub-artikel (3) van artikel *honderd vyf-en-twintig* verwys word, vrygestel is van die betaling van 'n *pro rata* bydrae soos daarin bedoel, hy nie op enige vergoeding hoegenaamd uit hoofde van die oorstroming van die bewaarwerke of ten aansien van grond of ander eiendom wat oorstrom is uit hoofde van die addisionele bewaarruimte in sub-artikel (2) van artikel *honderd vier-en-twintig* bedoel, geregtig is nie.

By die vasstelling van vergoeding neem arbiters sekere sake nie in aanmerking nie.

133. By die vasstelling van die bedrag van die vergoeding wat ingevolge die bepalings van hierdie Hoofstuk betaal moet word, neem die arbiters die volgende nie in aanmerking nie:

- (a) die verhoogde of verbeterde waarde van die grond wat die uitvoering van die werke deur die Wet van 1914 en hierdie Hoofstuk gemagtig, tot gevolg mag hê;
- (b) 'n toevoeging aan of verbetering van die grond aangebring na diening van die kennisgewing in artikel *honderd twee-en-dertig* voorgeskryf, behalwe 'n toevoeging of verbetering wat nodig mag gewees het om die eiendom in 'n behoorlike toestand te hou of wat onderneem mag gewees het ingevolge verpligtings voor die diening van sodanige kennisgewing aangegaan.

or materials cannot be acquired by agreement with the owner, the board shall publish in the *Gazette* and in a newspaper circulating in the district in which the said land is situated, a notice under the hand of the secretary, setting forth the description and situation of the land and also of the right or servitude which it is proposed to take in or over the said land, or a description of the materials which it proposes to take from the said land, as the case may be.

(2) The board shall also serve upon the owner a copy of the notice mentioned in sub-section (1), and shall require him to state in writing to the board, within a time to be specified therein not being less than one month from the date of the service thereof, the nature and extent of his ownership or interest and under what title the same is held, and also what claim he makes for compensation in respect of the taking, acquisition or use of such land, right, servitude or materials, and shall state that the board is willing to treat with him as to the amount of such compensation.

(3) After the expiration of one month from the date of service of the notice, if the owner shall not have complied with the terms of the notice, or if the board shall not have agreed with the owner as to the amount of compensation to be paid, the amount of compensation shall be determined by arbitration, for which purpose the board and the owner shall each appoint an arbitrator and thereafter the provisions of the Arbitration Ordinance, 1904 (Ordinance No. 24 of 1904 (Transvaal)), or any amendment thereof, shall apply as if such arbitration had arisen on a submission providing for a reference to two arbitrators with an umpire to be appointed by them.

(4) The board may, at any time after the expiration of one month from the date of service of the notice referred to in sub-section (2), enter upon, take possession of, and use to the extent and for the purposes stated in such notice, the land or right or servitude in or over any land or any material specified therein, notwithstanding that the amount of compensation may not have been settled.

(5) Notwithstanding that the board has exercised any powers of this section by acquiring any land abutting on or forming part of the bed of the Vaal River or its tributaries, or a servitude over any such land, an owner from whom such land or servitude has been acquired shall continue to have a right of access in manner provided by this Chapter to such river and tributaries, and whenever by the acquisition of such land or servitude on a tributary stream to the said Vaal River a farm has become wholly or partially severed so as to interfere with reasonable communication from one portion of the farm to any other portion thereof, the board shall, unless the owner shall have agreed to the board submerging any of his land free of compensation or shall have otherwise agreed with the board, provide reasonable means of communication between the severed portions of the farm or shall compensate such owner for the inconvenience caused.

(6) Provided that where any owner in sub-section (3) of section *one hundred and twenty-five* referred to shall be exempt from paying any such *pro rata* contribution as therein is referred to, he shall not be entitled to any compensation whatever by reason of the submersion of the storage works or in respect of land or other property submerged by reason of the additional storage accommodation referred to in sub-section (2) of section *one hundred and twenty-four*.

133. In determining the amount of compensation to be paid under the provisions of this Chapter, the arbitrators shall not take into account:

- (a) any enhanced or improved value which may accrue to the land by reason of the carrying out of the works authorized by the Act of 1914 and this Chapter;
- (b) any addition to or improvement of the land made after service of the notice prescribed by section *one hundred and thirty-two*, except such addition or improvement as may have been necessary for maintaining the property in a proper state of repair or as may have been undertaken in pursuance of obligations entered into previous to the service of such notice.

Arbitrators not to take account of certain matters in fixing compensation.

Voorsiening in gevalle waar die eienaar van die grond, ens., regsonbevoeg is of nie gevind kan word nie.

134. (1) Indien die eienaar 'n minderjarige of ander persoon is wat onder 'n voog of kurator staan, word die voog of kurator, na gelang van die geval, hierby gemagtig in sy hoedanigheid van voog of kurator om vir die doeleindes van die Wet van 1914 en hierdie Hoofstuk in verband met die grond in alle opsigte op te tree soos die eienaar, indien hy mondig en andersins bevoeg was, sou kon optree.

(2) In elke ander geval waar die eienaar regsonbevoeg is om die grond, reg of servituut of materiaal wat die raad verlang om te verkry, oor te dra, toe te staan of van die hand te sit, of waar hy nie gevind kan word nie en geen verteenwoordiger het wat bevoeg is om namens hom op te tree nie, benoem 'n bevoegde Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, op aansoek van die raad, 'n persoon om vir die doeleindes van hierdie Hoofstuk die eienaar te verteenwoordig en namens hom op te tree, en die aldus benoemde persoon is, onderworpe aan enige bevel van die hof, gemagtig om vir die doeleindes van hierdie Hoofstuk ten aansien van die grond in alle opsigte op te tree soos die eienaar, indien hy bevoeg was en gevind kon word, sou kon optree.

Prosedure vir die verkryging van registrasie van eiendomsbewys.

135. (1) Indien die raad ingevolge die bevoegdhede deur die Wet van 1914 en hierdie Hoofstuk verleen, grond of 'n servituut op of oor grond verkry het, doen die eienaar na betaling van die koopprys of vergoeding alles wat nodig is om die eiendomsbewys van die grond, reg of servituut op naam van die raad te laat registreer.

(2) Indien die eienaar weier om ooreenkomstig sub-artikel (1) te handel, of indien hy weier om betaling van die koopprys of vergoeding te ontvang, of indien 'n geskil ontstaan oor watter persoon op dié betaling geregtig is, of indien sodanige persoon nie gevind kan word nie, gelas 'n bevoegde Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, op aansoek van die raad en by betaling van die koopprys of vergoeding aan die Meester ingeval betaling nie reeds aan die eienaar gedoen is nie, die Registrateur van Aktes om die eiendomsbewys op naam van die raad te registreer of gee hy 'n ander bevel na gelang van omstandighede.

Raad se reg op toegang tot werke.

136. Die raad en amptenare, dienare of aannemers van die raad deur hom behoorlik gemagtig, het met of sonder waens, karre, rytuie of ander voertuie vrye toegang tot en reg van deurgang na grond oor, onder en langs die lyn van werke deur die Wet van 1914 en hierdie Hoofstuk gemagtig en na en van alle ander eiendom van die raad van tyd tot tyd daarkragtens verkry, vir alle doeleindes in verband met die bou, inspeksie, instandhouding, herstel, vernuwing en gebruik van enige sodanige werke.

Toegang tot bewaarwerke van raad.

137. (1) Behoudens die spesiale bepalings van sub-artikel (2) word niks in hierdie Hoofstuk so uitgelê nie dat dit 'n eienaar van oewergrond langs daardie deel van die Vaalrivier en sy takriviere wat binne die bewaargebied van die raad se werke geleë is, sodanige toegang tot die raad se bewaarwerke ontnem as wat nodig is om hom in staat te stel om sy regte op die primêre, sekondêre en tersiêre gebruik van water soos omskryf in artikel *elf* van die „Besproeiings- en Waterbewarings Wet, 1912” (Wet No. 8 van 1912), uit te oefen.

(2) Die raad kan enige persoon toegang tot sy bewaarwerke op enige plek ontsê binne 'n duisend voet bokant die studam aan albei oewers van genoemde rivier en sy takriviere of tot enige plek op 'n oewer van die rivier wat binne driehonderd voet is van die plek waar water wettiglik deur die raad uitgehaal word of binne driehonderd voet van die plek op die teenoorgestelde oewer van die rivier geleë regoor die plek waar water uitgehaal word.

Straf vir beskadiging van, of bemoeiing met werke.

138. Enige persoon wat opsetlik die werke deur die Wet van 1914 en hierdie Hoofstuk gemagtig, beskadig, verniel, versteur, versper of onderbreek, of wat die maak, aanlê, bou of instandhouding daarvan versper, belemmer of verhinder, is by skuldige bevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd pond of by wanbetaling met gevangenisstraf met of sonder dwangarbeid vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of met beide sodanige boete en gevangenisstraf: Met dien verstande dat beskou word dat niks in hierdie artikel vervat so 'n persoon onthef van siviele of ander strafregtelike aanspreeklikheid van enige van voormelde dade waaraan hy onderworpe sou gewees het indien hierdie Wet nie aangeneem was nie.

Straf vir die verontreiniging van water, ens.

139. Enige persoon wat vaste of vloeibare rioolvuil, nywerheids- of huishoudelike afval wat die verontreiniging van die opgedamde en bewaarde water in enige van die werke deur die Wet van 1914 en hierdie Hoofstuk gemagtig, of van 'n opvang-

134. (1) Where the owner is a minor or other person under guardianship or curatorship, the guardian or curator, as the case may be, is hereby authorized in his capacity as such guardian or curator to act in relation to the land for the purposes of the Act of 1914 and this Chapter in all respects as the owner could or might act if he were of age and otherwise capable of acting.

Provision for cases where the owner of land, etc., is under disability or cannot be found.

(2) In any other case in which the owner is under any disability to transfer, grant or dispose of the land, right or servitude or material sought to be acquired by the board, or where he cannot be found and has no representative competent to act on his behalf, any Provincial Division of the Supreme Court of South Africa having jurisdiction shall, on application by the board, appoint some person to represent and act for the owner for the purposes of this Chapter, and the person so appointed shall, subject to any order made by the court, be authorized to act in relation to the land for the purposes of this Chapter in all respects as the owner could or might, if he were competent to act and could be found.

135. (1) Where under the powers conferred by the Act of 1914 and this Chapter the board has acquired any land or any right or servitude in or over land, the owner shall, on payment of the purchase price or compensation, do all such acts as may be necessary for the registration of the title to such land, right or servitude in the name of the board.

Proceedings for obtaining registration of title.

(2) If the owner shall refuse to act as required by sub-section (1) or if he shall refuse to accept payment of the purchase price or compensation, or if a dispute shall arise as to the person entitled to such payment, or if such person cannot be found, any Provincial Division of the Supreme Court of South Africa having jurisdiction, on application by the board and on payment of the purchase price or compensation to the Master, where payment has not already been made to the owner, shall direct the Registrar of Deeds to effect registration of title in the name of the board, or shall make such other order as the circumstances may require.

136. The board and any officer, servant or contractor of the board, duly authorized by it, shall with or without wagons, carts, carriages or other vehicles have free access and right of way to the land, over, under and along the line of works authorized by the Act of 1914 and this Chapter, and to and from all other property of the board acquired from time to time thereunder, for all purposes incidental to the construction, inspection, maintenance, repair, renewal and operation of any such works.

Board's right of access to works.

137. (1) Save as is specially provided in sub-section (2), nothing in this Chapter contained shall be construed so as to deprive any owner of land riparian to that portion of the Vaal River and its tributaries within the storage area of the board's works of such access to the board's storage works as is necessary to enable him to exercise his rights to the primary, secondary and tertiary uses of water as defined in section *eleven* of the Irrigation and Conservation of Waters Act, 1912 (Act No. 8 of 1912).

Access to board's storage works.

(2) The board may exclude any person from having access to its storage works at any point upstream within one thousand feet of the barrage on both banks of the said river and its tributaries, or from having access to any point on a bank of the river which is within three hundred feet of the point where water is lawfully abstracted by the board, or within three hundred feet of the point on the opposite bank of the river immediately opposite the point of abstraction.

138. Any person who shall wilfully injure, damage, disturb, obstruct or interrupt any of the works authorized by the Act of 1914 and this Chapter, or shall obstruct, hinder or prevent the forming, constructing, building or maintaining the same, shall, upon conviction, be liable to a fine not exceeding one hundred pounds, or in default of payment to imprisonment with or without hard labour for any period not exceeding six months, or to both such fine and imprisonment: Provided that nothing in this section contained shall be held or taken to exempt such person from any civil or other criminal liability in respect of any of the aforesaid acts to which he would have been subject if this Act had not been passed.

Penalty for damaging or interfering with works.

139. Any person who shall place or deposit, or who shall knowingly cause or permit to be placed or deposited in any of the works authorized by the Act of 1914 and this Chapter,

Penalty for pollution of water, etc.

 (4) Wanneer die betrekking van Rektor vakant word en totdat 'n nuwe Rektor gekies word, verrig die Ondervoorsitter van die Senaat die werksaamhede van die Rektor en besit hy al die bevoegdhede, voorregte en pligte van die Rektor ingevolge hierdie Wet.
 (5) Die Rektor kan sodanige van die bevoegdhede deur hierdie Wet aan hom verleen, en vir so 'n tydperk as wat hy bepaal, aan die Ondervoorsitter van die Senaat opdra. Die Ondervoorsitter van die Senaat kan die bevoegdhede alleen tydens die afwesigheid van die Rektor uitoefen.
 (6) Tydens die afwesigheid van sowel die Rektor as die Ondervoorsitter van die Senaat, kan die Rektor 'n lid van die Senaat benoem om die pligte wat hy aan hom opdra, uit te voer.
- Raad van die Universiteit.
7. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet berus die bestuur en die uitvoerende mag van die Universiteit by die Raad wat bestaan uit—
- vier persone deur die Goewerneur-generaal benoem; en
 - drie persone deur die donateurs en konvokasie van die Universiteit gesamentlik gekies op die wyse wat die statute voorskryf; en
 - drie persone deur die gevolmagtigdes van die oorspronklike stigters benoem; en
 - twee persone deur die trustees benoem solank die trustees 'n bedrag van minstens vyftienhonderd pond per jaar tot die fondse van die Uniyersiteit bydra; en
 - twee lede van die Senaat van die Universiteit deur die Senaat gekies; en
 - die Rektor ampshalwe:
- Met dien verstande dat indien 'n regs persoon of vrywillige vereniging wat regsbevoeg is om dit te doen die som van tweeduisend pond jaarliks tot die fondse van die Universiteit bydra en verlang om 'n verteenwoordiger in die Raad van die Uni-

(2) Such University shall exist for such purposes, with such constitution and with such rights, powers, privileges and duties as are described in this Act.

2. The name of the University shall be "Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys", and its seat shall be at Potchefstroom, in the Province of the Transvaal.

Name and seat of the University.

3. The University shall consist of—

Constitution of the University.

- (a) a Chancellor;
- (b) a Vice-Chancellor;
- (c) an officer who shall be styled the Rector of the University and who shall also be eligible for the Vice-Chancellorship of the University;
- (d) a Council;
- (e) a Senate;
- (f) a Convocation;
- (g) the professors, lecturers, other teachers and students of the faculties and departments of the University;

and shall under the name given to it in section two be a body corporate with perpetual succession and shall by that name be capable in law of suing and being sued, of acquiring, holding, and, subject to the special provisions as to alienation hereinafter contained, of alienating property, movable and immovable, and of performing such acts as bodies corporate may by law do, subject always to the provisions of this Act.

4. (1) The Chancellor of the University shall be elected by the Council of the University in the manner prescribed by the statutes.

Chancellor of the University.

(2) The powers, privileges, functions, period of office and duties of the Chancellor shall be as prescribed by the statutes.

(3) Whenever a vacancy occurs in the office of Chancellor, a new Chancellor shall be elected by the Council in the manner prescribed by the statutes.

5. (1) The Vice-Chancellor of the University shall be elected by the Council from among its members in the manner prescribed by the statutes.

Vice-Chancellor of the University.

(2) The powers, privileges, functions, period of office and duties of the Vice-Chancellor shall be as prescribed by the statutes.

(3) Whenever a vacancy occurs in the office of Vice-Chancellor, a new Vice-Chancellor shall be elected by the Council in the manner prescribed by the statutes.

6. (1) The Rector of the University shall be elected by the Council in the manner prescribed by the statutes.

Rector of the University.

(2) The powers, privileges, functions, period of office and duties of the Rector shall be prescribed by the statutes.

(3) Whenever a vacancy occurs in the office of Rector, a new Rector shall be elected by the Council in the manner prescribed by the statutes.

(4) Whenever the office of Rector shall become vacant and until the election of a new Rector, the Vice-Chairman of the Senate shall exercise the functions of the Rector and shall be vested with all the powers, privileges and duties of the Rector under this Act.

(5) The Rector may delegate to the Vice-Chairman of the Senate such powers vested in him by this Act and for such period as he may determine. The Vice-Chairman of the Senate may exercise such powers only in the absence of the Rector.

(6) In the absence of both the Rector and the Vice-Chairman of the Senate, the Rector may appoint a member of the Senate to perform such duties as he may delegate to him.

7. (1) Subject to the provisions of this Act, the government and executive authority of the University shall be vested in the Council, which shall consist of—

Council of the University.

- (a) four persons appointed by the Governor-General; and
- (b) three persons selected jointly by the donors and the Convocation of the University in the manner prescribed by the statutes; and
- (c) three persons appointed by the authorized agents of the original founders; and
- (d) two persons appointed by the trustees, as long as the trustees contribute an amount of at least fifteen hundred pounds per annum to the funds of the University; and
- (e) two members of the Senate of the University elected by the Senate; and
- (f) the Rector *ex officio*:

Provided that if any body corporate or voluntary association, competent to do so, contributes annually the sum of two thousand pounds to the funds of the University and desires to have a representative on the Council of the University,

versiteit te hê, voornoemde Raad in so 'n geval bevoeg is om sy ledetal uit te brei nadat 'n besluit te dien effekte deur die meerderheid van die lede van die Raad wat dan in funksie is, geneem is, en aan voornoemde regspersoon of vrywillige vereniging die reg te gee om een persoon as addisionele lid van die Raad van die Universiteit te benoem. Sodanige addisionele lid besit en geniet dieselfde regte en voorregte en is onderworpe aan dieselfde reëls en regulasies as die ander lede van die Raad: Met dien verstande voorts dat wanneer en solank die ledetal van die Raad aldus uitgebrei is, vir elke addisionele lid aldus benoem een addisionele lid deur die Goewerneur-generaal, een deur die gevolmagtigdes van die oorspronklike stigters en, indien die trusteees kragtens paragraaf (d) die reg het om lede te benoem, een deur die trusteees met dieselfde regte, voorregte en verpligtings benoem word. 'n Professor, lektor of ander dosent van die Universiteit is nie as lid van die Raad verkiesbaar nie, behalwe kragtens paragraaf (e). Die lede van die Raad beklee hulle amp vir sodanige tydperke as wat die statute in elke geval voorskryf.

(2) Die Raad word ingestel so spoedig moontlik nadat die eerste statute, opgestel soos hieronder bepaal, van krag geword het, en verrig sy werksaamhede vanaf die vasgestelde dag.

(3) Wanneer die ampsduur van 'n lid van die Raad verstryk het of ten einde loop, word sy plek volgens voorskrif van die statute, behoudens die bepalings van sub-artikel (1), gevul.

(4) Toevallige vakatures in die Raad veroorsaak deur dood, bedanking of ander oorsaak in die statute voorgeskryf, word volgens die vereistes van die statute, behoudens die bepalings van sub-artikel (1), gevul.

(5) Die Vise-kanselier is voorsitter van die Raad behalwe waar die Vise-kanselier ook Rektor is, in watter geval die Raad uit sy ander lede 'n voorsitter kies wat die amp beklee vir die tydperk wat deur die statute voorgeskryf word: Met dien verstande dat enige vergadering van die Raad waarop die Vise-kanselier of voorsitter, soos die geval mag wees, nie aanwesig is nie, sy eie voorsitter vir daardie vergadering kan kies.

(6) Die kworum en prosedure op vergaderings van die Raad word deur die statute voorgeskryf. Die plek of plekke waar en die tye wanneer die Raad sal vergader, word van tyd tot tyd deur die Raad vasgestel.

(7) (a) Die Raad beheer al die eiendom van die Universiteit en bestuur oor die algemeen die Universiteit en al sy sake, doeleindes en werksaamhede.

(b) Die Raad kan statute of regulasies uitvaardig wat voorsiening maak vir die instelling van komitees van die Raad en vir die benoeming van persone, of hulle lede van die Raad is al dan nie, as lede van die komitees: Met dien verstande dat die Raad nie van sy bevoegdhede of werksaamhede opdra aan 'n komitee waarvan die ledetal persone insluit wat nie lede van die Raad is nie.

(c) Die Raad kan, behoudens die bepalings van hierdie Wet, alle persone aanstel wat hy vir die doeltreffende bestuur van die Universiteit nodig ag, en sodanige persone is onderhewig aan die tugbepalings wat in die statute voorgeskryf word.

(d) Die Raad stel van tyd tot tyd alle universiteitsgelde vas.

Senaat van die
Universiteit.

8. (1) Daar is 'n Senaat van die Universiteit wat bestaan uit—

(a) die Rektor van die Universiteit, ampsshalwe, wat voorsitter is; en

(b) die Vise-kanselier, behalwe waar hy ook Rektor is, in watter geval die voorsitter van die Raad; en

(c) een verdere lid van die Raad deur hom gekies op die manier en vir die duur wat die statute voorskryf; en

(d) hoofde van sodanige afsonderlike departemente as wat die Raad op aanbeveling van die Senaat bepaal; en

(e) direkteure en hoofde van navorsings- en ander inrigtings wat die Raad op aanbeveling van die Senaat bepaal; en

(f) die Bibliotekaris van die Universiteit.

(2) Onderhewig aan bekragtiging deur die Raad kies die Senaat uit sy lede 'n Ondervoorsitter wat sy amp beklee vir die tydperk wat deur die statute voorgeskryf word: Met dien verstande dat die Rektor, die Vise-kanselier en die Voorsitter van die Raad nie as Ondervoorsitter verkiesbaar is nie.

the aforesaid Council shall be competent in any such event to increase its number by resolution to that effect passed by the majority of the members of the Council for the time being, and to grant the aforesaid body corporate or voluntary association the right to appoint one person as an additional member of the Council of the University. Such additional member shall have and enjoy the same rights and privileges and be subject to the same rules and regulations as the other members of the Council: Provided further that whenever and as long as the membership of the Council is thus increased, for every additional member thus appointed one additional member with the same rights, privileges and duties shall be appointed by the Governor-General, one by the authorized agents of the original founders, and, in the event of the trustees being entitled to appoint members under paragraph (d) one by the trustees. Except as in paragraph (e) provided, a professor, lecturer or other teacher of the University shall not be eligible for election as a member of the Council. The members of the Council shall hold office for such periods as the statutes in each case prescribe.

(2) The Council shall be constituted as soon as possible after the first statutes, framed as hereinafter provided, have become of force and effect, and shall exercise its functions as from the appointed day.

(3) Whenever the period of office of any member of the Council has expired or is about to expire, his place shall be filled in the manner provided by the statutes, subject to the provisions of sub-section (1).

(4) Casual vacancies upon the Council caused by death, resignation or other cause prescribed by the statutes, shall be filled as therein required, subject to the provisions of sub-section (1).

(5) The Vice-Chancellor shall be chairman of the Council except where the Vice-Chancellor is also the Rector, in which case the Council shall elect from amongst its other members a chairman who shall hold office as such for such period as is prescribed by the statutes: Provided that any meeting of the Council at which the Vice-Chancellor or chairman, as the case may be, is not present, may elect its own chairman for that meeting.

(6) The quorum and the procedure at meetings of the Council shall be as prescribed by the statutes. The place or places and the times at which meetings of the Council shall be held shall be determined from time to time by the Council.

(7) (a) The Council shall administer all the property of the University and shall have the general control of the University and all its affairs, purposes and functions.

(b) The Council may make statutes or regulations providing for the establishment of committees of the Council and for the appointment as members of such committees of any persons, whether they are members of the Council or not: Provided that the Council shall not delegate any of its powers or functions to a committee, the membership of which includes persons other than members of such Council.

(c) The Council may, subject to the provisions of this Act, appoint all such persons as it considers necessary for the efficient conduct of the University, and such persons shall be subject to such disciplinary provisions as the statutes may prescribe.

(d) The Council shall from time to time fix all University fees.

8. (1) There shall be a Senate of the University consisting of— Senate of the University.

(a) the Rector of the University, *ex officio*, who shall be Chairman; and

(b) the Vice-Chancellor, except where he is also the Rector, in which event the Chairman of the Council; and

(c) one additional member of the Council, chosen by it in the manner and for a period prescribed by the statutes; and

(d) the heads of such separate departments as are defined by the Council on the recommendation of the Senate; and

(e) the directors and heads of such research and other institutes as are defined by the Council on the recommendation of the Senate; and

(f) the Librarian of the University.

(2) Subject to ratification by the Council, the Senate shall elect a Vice-Chairman from amongst its members who shall hold office for such period as is prescribed by the statutes: Provided that the Rector, the Vice-Chancellor and the Chairman of the Council shall not be eligible for election as Vice-Chairman.

(3) Die toesig oor en die reëling van navorsingswerk en van die tug en onderrig in die verskeie departemente, voorlesings en klasse van die Universiteit berus by die Senaat van die Universiteit ooreenkomstig die regulasies wat deur die Senaat daarvoor opgestel en deur die Raad goedgekeur moet word.

(4) Die Senaat lê van tyd tot tyd aan die Raad voor—

- (a) verslae omtrent sy werksaamhede; en
- (b) aanbevelings wat die Senaat raadsaam ag omtrent sake van belang wat die Universiteit raak; en
- (c) aanbevelings omtrent sake wat die Raad na hom verwys het.

(5) As die lid van die Raad, kragtens paragraaf (c) van sub-artikel (1) gekies, sterf of ophou om lid van die Raad te wees of sy amp as lid van die Senaat neerlê, kies lede van die Raad iemand anders uit hul geledere om sy plek in die Senaat te vul.

(6) Die kworum en prosedure op vergaderings van die Senaat word deur die statute voorgeskryf. Die plek of plekke waar en die tye wanneer die Senaat vergader, word van tyd tot tyd deur die Senaat vasgestel.

Komitees van die Senaat.

9. Die Senaat kan van tyd tot tyd komitees by wyse van verkiesing instel en aan so 'n komitee werksaamhede opdra wat die Senaat self bevoeg is om te verrig.

Konvokasie van die Universiteit.

10. (1) Die Konvokasie van die Universiteit bestaan uit alle persone wie se name voorkom op die konvokasielys wat die Registrateur moet opstel en byhou.

(2) Die Rektor, professore, lektore, die Bibliotekaris en die Registrateur van die Universiteit is tydens hulle ampstermyn ampshalwe lede van die Konvokasie en daarop geregtig om hulle name op die konvokasielys te laat inskryf.

(3) Behoudens die bepalings van sub-artikel (4) is die volgende persone daarop geregtig om hulle name op die konvokasielys te laat inskryf, naamlik—

- (a) alle persone wat voor die inwerkingtreding van „de Potchefstroom Universiteitskollege (Private) Wet”, No. 25 van 1921, minstens een jaar student was in die Afdeling vir lettere en wetenskap van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika of aan „Het Potchefstroom Universiteitskollege voor Christelik Hoger Onderwijs” en wat terwyl hulle sodanige studente was die matrikulasie-eksamen of een van die eksamens na matrikulasie van die voornoemde afdeling of van die voornoemde kollege of van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop of van die Universiteit van Suid-Afrika afgelê het;
- (b) alle persone wat na die inwerkingtreding van die in paragraaf (a) genoemde Wet 'n graad aan die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop of aan die Universiteit van Suid-Afrika behaal het terwyl hulle studente aan die „Potchefstroom Universiteitskollege” of die „Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys” was, en wat binne twaalf maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet die Registrateur skriftelik meedeel dat hulle begerig is om lede van die Konvokasie van die Universiteit te wees; na sodanige mededeling moet dié persone hulle lidmaatskap van die Konvokasie van die Universiteit van Suid-Afrika prysgee;
- (c) alle persone wat 'n kursus van minstens drie jaar, deur die Senaat van die Kollege goedgekeur, aan die Kollege gevolg het en die diploma vir sodanige kursus toegeken, behaal het;
- (d) alle persone wat 'n graad aan die Universiteit verkry.

(4) Voordat die name van die persone in sub-artikel (3) vermeld op die Konvokasielys ingeskryf word, moet hulle 'n deur die statute vasgestelde bedrag betaal.

(5) Vergaderings van die Konvokasie word belê en gehou op die wyse en vir die doeleindes wat die statute voorskryf. Die plek of plekke waar en die tye wanneer die vergaderings gehou word, word deur die Raad bepaal.

(6) Die Konvokasie kan enige aangeleentheid bespreek wat die Universiteit raak, asook sake wat die Raad na hom verwys het, en kan sy mening daaroor aan die Raad meedeel.

Registrateur.

11. Die Raad stel 'n Registrateur vir die Universiteit aan wie se werksaamhede, bevoegdhede en pligte deur die Raad omskryf word. Die Raad kan 'n Assistent-registrateur aanstel en sy bevoegdhede en pligte omskryf.

Fakulteite.

12. Aan die Universiteit kan ingestel word—

- (a) fakulteite van lettere en wysbegeerte, teologie, natuurwetenskappe, opvoedkunde, ekonomiese wetenskappe en sosiale wetenskappe;

(3) The superintendence and regulation of research work and the discipline and instruction of the several departments, lectures and classes of the University shall be vested in the Senate thereof in accordance with regulations to be framed by the Senate for the purpose and approved by the Council.

(4) The Senate shall submit to the Council from time to time—

- (a) reports upon its work; and
- (b) such recommendations as may seem expedient to the Senate as to matters of interest affecting the University; and
- (c) recommendations as to any matters referred to it by the Council.

(5) If the member of the Council chosen under paragraph (c) of sub-section (1) dies or ceases to be a member of the Council or resigns office as a member of the Senate, the members of the Council shall choose another of their number to fill his place in the Senate.

(6) The quorum and procedure at meetings of the Senate shall be as prescribed by the statutes. The place or places and the times at which meetings of the Senate shall be held, shall be determined from time to time by the Senate.

9 The Senate may, by election, from time to time establish, committees and entrust to any such committee any functions which the Senate itself is competent to perform. Committees of Senate.

10. (1) Convocation of the University shall consist of all persons whose names appear on the Convocation roll to be framed and kept by the Registrar. Convocation of University.

(2) The Rector, professors, lecturers, Librarian and Registrar of the University, while holding office as such, shall be *ex officio* members of Convocation and shall be entitled to have their names placed on the Convocation roll.

(3) Subject to the provisions of sub-section (4) the following persons shall be entitled to have their names entered on the Convocation roll, that is to say—

- (a) all persons who before the commencement of the Potchefstroom University College (Private) Act, No. 25 of 1921, were for at least one year students in the arts and science department of "De Theologiese School van de Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika" or at "Het Potchefstroom Universiteitskollege voor Christelik Hoger Onderwijs", and who, while they were such students, passed the Matriculation Examination or any of the post matriculation examinations of the said department or of the said college or of the University of the Cape of Good Hope or of the University of South Africa;
- (b) all persons who, after the commencement of the Act mentioned in paragraph (a), became graduates of the University of the Cape of Good Hope or of the University of South Africa while they were students at the Potchefstroom University College or the "Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys", and who, within twelve months after the commencement of this Act, have signified in writing, addressed to the Registrar, that they desire to be members of the Convocation of the University; on such signification such persons shall relinquish membership of the Convocation of the University of South Africa;
- (c) all persons who pursued a course of study at the College of at least three years, approved by the Senate of the College, and obtained the diploma awarded for such course;
- (d) all persons who become graduates of the University.

(4) Before their names are entered on the Convocation roll, the persons mentioned in sub-section (3) shall pay a fee prescribed by the statutes.

(5) Meetings of Convocation shall be summoned and held in the manner and for the purposes prescribed by the statutes. The place or places and the times at which the meetings shall be held, shall be determined by the Council.

(6) Convocation may discuss any matters relating to the University, including matters which may be referred to it by the Council, and may convey its opinion thereon to the Council.

11. The Council shall appoint a Registrar of the University whose functions, powers and duties shall be as defined by the Council. The Council may appoint an Assistant Registrar and define his powers and functions. Registrar.

12. At the University may be established—

- (a) faculties of arts, theology, natural sciences, education, economic sciences and social sciences;

Faculties.

- (b) sodanige ander fakulteite as wat die Raad van tyd tot tyd na oorleg met die Senaat, met goedkeuring van die Minister en met inagneming van die statute, mag instel.

Aanstelling en ontslag van akademiese personeel.

13. (1) Die professore, lektore en ander dosente van die Universiteit word deur die Raad na oorleg met die Senaat aangestel. Van elke sodanige aanstelling moet skriftelik aan die Minister kennis gegee word.

(2) Die Raad kan professore, lektore of dosente van die Universiteit skors of ontslaan op die wyse deur die statute voorgeskryf, en die Raad kan bevoegdheid aan die Rektor verleen om so iemand te skors. In die geval waar sodanige persone se salaris geheel of gedeeltelik uit 'n regeringstoelae betaal word, is geen ontslag sonder die voorafgaande toestemming van die Minister geldig nie.

(3) Die bepalings van hierdie Wet of enige ander Wet belet nie die Raad om na oorleg met die Senaat nuwe departemente wat hy nodig ag, in te stel nie: Met dien verstande dat die Raad geen geld wat aan die Universiteit uit die Staatskas toegeken is, sonder die Minister se toestemming aan die instandhouding van 'n departement of 'n professoraat of lektoraat wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet nie ingestel is nie, mag bestee nie.

Oordrag van bate en laste van Kollege op Universiteit.

14. Alle bate, regte, bevoegdhede en voorregte van watter aard ookal wat onmiddellik voor die vasgestelde dag aan die Raad van die Kollege behoort het, of wat aan daardie Raad sou toegekom of behoort het as hierdie Wet nie aangeneem was nie, gaan sonder betaling van herereg, seëlreg of registrasiekoste vanaf daardie dag oor op die Universiteit wat vanaf die vasgestelde dag alle skulde en laste van die Raad van die Kollege ten opsigte van daardie inrigting oorneem en daarvoor aanspreeklik is, met inagneming van die voorwaardes waarop dié skulde en laste aangegaan is: Met dien verstande dat alle gelde en regte wat onmiddellik voor die vasgestelde dag kragtens 'n trust, skenking of bemaking aan die Kollege of aan sy Raad behoort het, deur die Universiteit ooreenkomstig die voorwaardes van die trust, skenking of bemaking bestee of uitgeoefen word.

Grade, diplomas en sertifikate.

15. (1) Die Universiteit is bevoeg om, behoudens die bepalings van hierdie Wet en die statute, grade van baccalaureus, magister en doktor toe te ken in enige fakulteit in artikel *twaalf* vermeld of ooreenkomstig daardie artikel ingestel, en alle ander grade wat hy raadsaam vind om toe te ken. Die benaming van elke graad in elke fakulteit word deur die statute voorgeskryf.

(2) Behoudens die bepalings van artikels *sestien*, *sewentien* en *twee-en-twintig* word geen graad deur die Universiteit aan iemand toegeken wat nie vir die tydperk wat die statute in elke geval voorskryf student aan die Kollege of aan die Universiteit was nie en wat nie in 'n eksamen of ander voorgeskrewe toets bewys gelewer het dat hy die peil van bekwaamheid wat deur die statute voorgeskryf word, bereik het nie.

(3) Die Universiteit kan, behoudens die bepalings van hierdie Wet, 'n diploma of sertifikaat uitreik aan iemand wat 'n studiekursus gevolg het wat deur die Universiteit aangebied word of aan enige ander persoon wat volgens sy oordeel die bevoegdheid vir so 'n diploma of sertifikaat besit.

Toelating tot gelyke status in Universiteit en tot lidmaatskap van Konvokasie.

16. Behoudens die bepalings van die statute kan die Raad op aanbeveling van die Senaat—

(a) gegradueerdes van 'n ander universiteit (in die Unie of elders) tot 'n status in die Universiteit toelaat wat gelykstaan met dié wat hulle in die ander universiteit besit;

(b) persone wat aan 'n universiteit of 'n inrigting wat volgens die oordeel van die Senaat op dieselfde peil as 'n universiteit staan, in eksamens geslaag het wat volgens die oordeel van die Senaat gelykwaardig is aan die eksamens wat voorgeskryf is vir die graad wat 'n voorvereiste is vir die graad wat die aansoeker wil behaal, as kandidate vir die graad magister of doktor in 'n fakulteit aanneem.

Grade *honoris causa*.

17. Behoudens die bepalings van die statute kan die Universiteit, by besluit van die Raad en van die Senaat en sonder eksamen, 'n magisters- of doktorsgraad in 'n fakulteit *honoris causa* toeken aan iemand wat hom in Suid-Afrika onderskei het in die bevordering van die lettere en wysbegeerte, die teologie, die wis- of natuurkunde, die regsgeleerdheid, die opvoedkunde of enige ander tak van die wetenskap, of aan

- (b) such other faculties as the Council may, after consultation with the Senate, with the approval of the Minister and subject to the statutes, from time to time establish.

13. (1) The professors, lecturers and other teachers at the University shall be appointed by the Council after consultation with the Senate. Notice of every such appointment shall be given in writing to the Minister. Appointment and dismissal of academic staff.

(2) The Council may suspend or dismiss professors, lecturers or teachers at the University in the manner prescribed by the statutes, and the Council may invest the Rector with the power to suspend such person. Where the salary of such persons is partly or wholly defrayed from a Government grant, no dismissal shall be valid unless the consent of the Minister has been first obtained.

(3) Nothing in this Act, or in any other law contained, shall be construed as preventing the Council from establishing, after consultation with the Senate, such new departments as it may deem fit: Provided that it shall not without the consent of the Minister apply towards the maintenance of any department or of any professorship or lectureship not established at the commencement of this Act any money granted to the University from public funds.

14. All assets, rights, powers and privileges of any kind whatever which immediately prior to the appointed day were vested in the Council of the College, or which, if this Act had not been passed, would have accrued to or vested in that Council shall, upon and as from that day, without payment of transfer duty, stamp duty or registration charges, accrue to and vest in the University, which shall, as from the appointed day, assume and be liable for all debts and liabilities of the Council of the College, in respect of that institution, subject to the conditions under which those debts and liabilities were incurred: Provided that all funds and rights vested immediately prior to the appointed day, by trust, donation or bequest, in the College, or the Council thereof, shall be applied or exercised by the University in accordance with the conditions of such trust, donation or bequest. Transfer of assets and liabilities of the College to the University.

15. (1) The University shall have power, subject to the provisions of this Act and the statutes, to confer degrees of bachelor, master and doctor in any faculty mentioned in or established in terms of section *twelve* and all such other degrees as it may deem expedient to confer. The designation of any degree in any faculty shall be prescribed by the statutes. Degrees, diplomas and certificates.

(2) Save as is provided by sections *sixteen*, *seventeen* and *twenty-two*, no degree shall be conferred by the University upon any person who has not attended for such period as may in each case be prescribed by the statutes as a student of the College or of the University, and who has not proved in examination or other prescribed test to have attained the standard of proficiency as prescribed by statute.

(3) The University may, subject to the provisions of this Act, grant a diploma or certificate to any person who has pursued a course of study provided by the University or to any other person deemed by it to possess the qualifications for such a diploma or certificate.

16. Subject to the provisions of the statutes, the Council may, on the recommendation of the Senate— Admission to equivalent status in University and to membership of Convocation.

(a) admit graduates of any other university (whether in the Union or elsewhere) to a status in the University equivalent to that which they possess in such other university;

(b) accept as candidates for the degree of master or doctor in any faculty, persons who have passed at a university or at any institution deemed by the Senate to be of university standing such examinations as are, in the opinion of the Senate, equivalent to the examinations prescribed for the degree which is a necessary prerequisite to the degree sought by the applicant.

17. Subject to the provisions of the statutes, the University may, on the resolution of the Council and the Senate, and without examination, confer a degree *honoris causa* of master or doctor in any faculty upon any person who has rendered distinguished services in South Africa in the advancement of arts, theology, science, jurisprudence, education or any other Degrees *honoris causa*.

iemand wat die Universiteit, by besluit van die Raad en die Senaat, so 'n graad waardig ag: Met dien verstande dat iemand aan wie 'n graad aldus *honoris causa* toegeken is, nie op grond van die toekenning daarop geregtig is om 'n beroep uit te oefen nie.

- Eksamens.** 18. Alle eksamens wat deur die Universiteit afgeneem word, moet ooreenkomstig die statute geskied.
- Matrikulasie.** 19. (1) Die Universiteit word in die Gemeenskaplike Matrikulasieraad, ingestel deur Wet No. 12 van 1916, verteenwoordig op dieselfde wyse as wat die Universiteite daarin verteenwoordig is. Sy verteenwoordigers word deur die Raad op aanbeveling van die Senaat benoem. Die aantal sodanige verteenwoordigers word van tyd tot tyd deur die gemeenskaplike statute van die Universiteite voorgeskryf.
(2) Die matrikulasie-eksamen van die Universiteit is die matrikulasie-eksamen wat deur genoemde Matrikulasieraad gereël en afgeneem word. Persone aan wie die Matrikulasieraad vrystellingsertifikate uitgereik het, word op dieselfde voorwaardes tot die Universiteit toegelaat as tot die Universiteite.
- Inskrywing as gematrikuleerde student van die Universiteit.** 20. Niemand word as 'n gematrikuleerde student van die Universiteit ingeskryf nie tensy hy die matrikulasiesertifikaat deur die Gemeenskaplike Matrikulasieraad uitgereik, verkry het of na die mening van die Matrikulasieraad aan die vereistes vir vrystelling van sodanige eksamen voldoen het en 'n vrystellingsertifikaat verkry het: Met dien verstande dat die Universiteit daarbenewens die bereiking van 'n bepaalde standaard in bepaalde onderwerpe by die matrikulasie-eksamen of by 'n eksamen wat deur die Gemeenskaplike Matrikulasieraad vir die doel erken word, by regulasie kan voorskryf as 'n voorvereiste vir toelating tot 'n besondere studiekursus aan die Universiteit. Elkeen wat as 'n gematrikuleerde student ingeskryf word, moet ten opsigte daarvan die inskrywingsgelde betaal wat van tyd tot tyd deur die Raad voorgeskryf word. Elkeen wat as 'n gematrikuleerde student van die Universiteit ingeskryf is, moet solank as wat hy 'n student van die Universiteit bly elke jaar sy inskrywing vernuwe en moet ten opsigte van die vernuwing die gelde betaal wat van tyd tot tyd deur die Raad voorgeskryf word.
- Weiering van toelating.** 21. Behoudens die bepalings van artikel *een-en-dertig* het die Raad die reg om, indien hy dit in belang van die Universiteit beskou, die toelating van enige student wat daarom aansoek doen, te weier.
- Studente *ad eundem gradum* vir spesiale studiekursusse en hulle toelating tot 'n graad.** 22. Iemand wat 'n graad aan 'n ander Universiteit behaal het of wat in staat is om voldoende bewys van sy bevoegdheid te lewer, kan ondanks enige bepalings van hierdie Wet deur die Gemeenskaplike Matrikulasieraad spesiaal van die matrikulasie-eksamen vrygestel word en as student tot spesiale studie- en navorsingskursusse aan die Universiteit toegelaat word en kan 'n graad behaal op ander voorwaardes as dié wat op gewone studente van toepassing is. Sulke voorwaardes word deur die statute voorgeskryf.
- Tug.** 23. 'n Student van die Universiteit is onderhewig aan die tugbepalings wat in die statute voorgeskryf word.
- Reg om te eis dat studente by goedgekeurde verblyfplekke inwoon en te bepaal waar studente onderrig moet ontvang.** 24. (a) Die Raad het die reg om te eis dat 'n student behalwe gedurende Universiteitsvakansie-tydperke by 'n verblyfplek inwoon wat vir die doel deur die Raad goedgekeur is.
(b) Die Raad het die reg om te bepaal op watter plek onder beheer van die Universiteit 'n student onderrig moet ontvang.
- Opstel van statute en regulasies.** 25. Sodra moontlik na die inwerkingtreding van hierdie Wet moet die Raad van die Kollege aan die Minister statute voorlê om aan hierdie Wet gevolg te gee en vir die algemene bestuur van die Universiteit met betrekking tot sake wat nie uitdruklik in hierdie Wet voorgeskryf word nie, asook regulasies vir die beter uitvoering van die statute: Met dien verstande dat die statute en regulasies met betrekking tot die studies, onderrig, eksamens en tug van die Universiteit nie uitgevaardig word nie behalwe na oorleg met die Senaat van die Kollege.
- Opstel van gemeenskaplike statute en gemeenskaplike regulasies.** 26. Sodra moontlik na die inwerkingtreding van hierdie Wet moet die Vise-kanseliers van die Universiteite saam met 'n verteenwoordiger van die Kollege as 'n gesamentlike komitee aan die Minister gemeenskaplike statute en gemeenskaplike

branch of learning, or upon any person whom the University may, on the resolution of the Council and the Senate, deem worthy of such a degree: Provided that the holder of such a degree, which has been conferred *honoris causa*, shall not, by the fact that he has been admitted thereto, be entitled to practise any profession.

18. All examinations held by the University shall be conducted in accordance with the statutes. Examinations.

19. (1) The University shall be represented on the Joint Matriculation Board established by Act No. 12 of 1916 in the same way as the Universities are represented on it. Its representatives shall be appointed by the Council on the recommendation of the Senate, the number of such representatives to be as prescribed from time to time by the joint statutes of the Universities. Matriculation.

(2) The matriculation examination of the University shall be the matriculation examination controlled and conducted by the said Board. Holders of certificates of exemption issued by the Board shall be admitted to the University on the same terms as to the Universities.

20. A person shall not be registered as a matriculated student of the University unless he has obtained the matriculation certificate issued by the Joint Matriculation Board or has in the opinion of that Board satisfied the conditions of exemption from such examination, and has obtained a certificate to that effect: Provided that the University may, in addition, prescribe by regulation as a prerequisite to admission to any particular course in the University the attaining of a specified standard in specified subjects at the matriculation examination or at an examination recognized for the purpose by the Joint Matriculation Board. Every person registered as a matriculated student shall, in respect of such registration, pay such fee as is from time to time prescribed by the Council. Every person registered as a matriculated student of the University shall renew his registration annually so long as he continues to be a student thereof, and shall in respect of such renewal pay such fee as is from time to time prescribed by the Council. Registration as a matriculated student of the University.

21. Subject to the provisions of section *thirty-one* the Council shall have the right to refuse admittance to any student who applies for admission should they consider it to be in the interests of the University. Refusal of admission.

22. A person who has graduated in another university, or who is able to give satisfactory evidence of his qualifications, may, notwithstanding anything contained in this Act, be specially exempted from the matriculation examination by the Joint Matriculation Board, and may be admitted as a student to courses of special study and research at the University and may proceed to a degree under different conditions from those applicable to ordinary students. Such conditions shall be prescribed by the statutes. Ad eundem students for special courses of study and their admission to a degree.

23. A student of the University shall be subject to such disciplinary provisions as the statutes may prescribe. Discipline.

24. (a) The Council shall have the right to require a student to reside for the periods during which the University is in session, at a place of residence approved for the purpose by the Council. Power to require students to reside at approved places of residence and to determine the place at which students shall receive instruction.

(b) The Council shall have the right to determine at which place under the control of the University a student shall attend for the purpose of receiving instruction.

25. As soon as possible after the commencement of this Act, the Council of the College shall submit to the Minister for giving effect to this Act and for the general government of the University in relation to matters not specifically prescribed by this Act and regulations for the better carrying out of the statutes: Provided that statutes and regulations dealing with the studies, instruction, examinations and discipline of the University shall not be made except after consultation with the Senate of the College. Framing of statutes and regulations.

26. As soon as possible after the commencement of this Act, the Vice-Chancellors of the Universities together with a representative of the College, acting as a joint committee, shall submit to the Minister joint statutes and joint regulations Framing of joint statutes and joint regulations.

regulasies vir die beter uitvoering van die gemeenskaplike statute voorlê, wat die bestaande gemeenskaplike statute en gemeenskaplike regulasies van die Universiteit omvat met die wysigings en toevoegings wat nodig geag word om die verhouding tussen die Universiteit en die Universiteite te bepaal. Die gemeenskaplike statute en gemeenskaplike regulasies is op die Universiteit en die genoemde ander Universiteite gesamentlik van toepassing en vervang die gemeenskaplike statute en die gemeenskaplike regulasies van die Universiteite.

Publikasie van statute en gemeenskaplike statute en voorlegging daarvan aan die Parlement.

27. (1) Na ontvangs van 'n statuut van die Raad van die Kollege of 'n gemeenskaplike statuut van die komitee in artikel *ses-en-twintig* bedoel, laat die Minister, indien hy dit goedkeur, dit in die *Staatskoerant* publiseer en lê hy dit in albei Huise van die Parlement ter Tafel so spoedig moontlik na die ontvangs daarvan as die Parlement dan sit of, as die Parlement nie dan sit nie, so spoedig moontlik na die aanvang van sy eersvolgende sitting.

(2) Indien albei Huise binne 'n tydperk van dertig dae nadat 'n statuut of gemeenskaplike statuut volgens voorskrif van sub-artikel (1) aan die Parlement voorgelê is, die statuut of gemeenskaplike statuut of 'n gedeelte daarvan by besluit afkeur, verval die statuut of gemeenskaplike statuut of die gedeelte daarvan waarop die besluit betrekking het.

(3) Indien voormelde tydperk van dertig dae verstryk het sonder dat die bepalings van 'n statuut of gemeenskaplike statuut by besluit van albei Huise van die Parlement afgekeur is, kan daardie statuut of gemeenskaplike statuut deur die Goewerneur-generaal goedgekeur word en word dit, by afkondiging daarvan in die *Staatskoerant*, van krag as 'n statuut van die Universiteit of (na gelang van die geval) as 'n gemeenskaplike statuut van die Universiteite.

(4) By berekening van die tydperk van dertig dae in sub-artikels (2) en (3) genoem, word dae wat val binne 'n tydperk waarin die Parlement geprorogeer is, buite rekening gelaat.

Goedkeuring van regulasies.

28. 'n Regulasie wat deur die Raad van die Kollege kragtens artikel *vyf-en-twintig* opgestel is en 'n gemeenskaplike regulasie deur die komitee kragtens artikel *ses-en-twintig* voorgelê, word aan die Minister gestuur en kan, indien die statuut of gemeenskaplike statuut op grond waarvan so 'n regulasie of gemeenskaplike regulasie (na gelang van die geval) opgestel is, van krag is en die regulasie of gemeenskaplike regulasie nie strydig of onbestaanbaar met die betrokke statuut of gemeenskaplike statuut is nie, deur die Goewerneur-generaal goedgekeur word en die regulasie of gemeenskaplike regulasie word daarop, na afkondiging daarvan in die *Staatskoerant*, van krag as 'n regulasie of 'n gemeenskaplike regulasie (na gelang van die geval).

Toekomstige statute, gemeenskaplike statute en gemeenskaplike regulasies.

29. (1) Na die vasgestelde dag is die Raad bevoeg om statute of regulasies uit te vaardig of om statute of regulasies wat van krag is, te wysig of te herroep: Met dien verstande dat statute en regulasies met betrekking tot die studies, eksamens en tug van die Universiteit nie uitgevaardig, gewysig of herroep word nie behalwe na oorleg met die Senaat.

(2) Na die vasgestelde dag is die Vise-kanseliers van die Universiteite, as 'n gesamentlike komitee, bevoeg om bykomstige gemeenskaplike statute en bykomstige gemeenskaplike regulasies uit te vaardig en gemeenskaplike statute of gemeenskaplike regulasies wat van krag is, te wysig of te herroep.

(3) Geen statuut of regulasie of gemeenskaplike statuut of gemeenskaplike regulasie of 'n wysiging of herroeping daarvan wat kragtens hierdie artikel ingevoer is, word van krag nie tensy aan die bepalings van artikels *vyf-en-twintig* en *ses-en-twintig* (na gelang van die geval) voldoen is en by die toepassing van dié twee artikels word die Raad van die Kollege en die komitee (na gelang van die geval) deur die Raad en die Vise-kanseliers soos voormeld (na gelang van die geval) vervang.

Doserende en administratiewe personeel van die Kollege.

30. Die lede van die doserende en administratiewe personeel van die Kollege wat onmiddellik voor die vasgestelde dag 'n amp beklee, bly aan as lede van onderskeidelik die doserende en die administratiewe personeel van die Universiteit en bly onderhewig aan dieselfde voorwaardes ten aansien van besoldiging en ampsduur (behoudens die bepalings van artikel *dertien*) tensy en totdat die voorwaardes deur die Raad ooreenkomstig die statute verander word.

for the better carrying out of the joint statutes, which shall comprise the existing joint statutes and joint regulations of the Universities with such amendments and additions as may be deemed necessary in order to determine the relations between the University and the Universities. Such joint statutes and joint regulations shall be common to the University and the said other Universities, and shall supersede the joint statutes and the joint regulations of the Universities.

27. (1) Upon receiving any statute from the Council of the College or any joint statute from the committee referred to in section *twenty-six*, the Minister shall, if it meets with his approval, cause it to be published in the *Gazette* and shall as soon as possible after receipt lay it upon the Tables of both Houses of Parliament, if Parliament be then in session, or, if Parliament be not then in session, as soon as possible after the commencement of its next ensuing session.

Publication of statutes and joint statutes and submission of same to Parliament.

(2) If within a period of thirty days after any statute or joint statute has been laid before Parliament as by sub-section (1) provided, both Houses pass resolutions disapproving the statute or joint statute or any part thereof, the statute or joint statute or part thereof to which the resolutions relate shall lapse.

(3) If the period of thirty days aforesaid has expired and resolutions have not been passed by both Houses of Parliament disapproving of the terms of any statute or joint statute, that statute or joint statute may be approved by the Governor-General and, on publication thereof in the *Gazette*, shall become of force and effect as a statute of the University or (as the case may be) as a joint statute of the Universities.

(4) The period of thirty days mentioned in sub-sections (2) and (3) shall be exclusive of days within a period of prorogation of Parliament.

28. Any regulation framed by the Council of the College under section *twenty-five* and any joint regulation submitted by the Committee under section *twenty-six* shall be transmitted to the Minister and may, if the statute or joint statute under which the regulation or joint regulation (as the case may be) was framed is of force and effect and the regulation or joint regulation is not repugnant to or inconsistent with the relevant statute or joint statute, be approved by the Governor-General and thereupon the regulation or joint regulation shall on publication thereof in the *Gazette* have force and effect as a regulation or joint regulation (as the case may be).

Approval of regulations.

29. (1) After the appointed day, the Council shall have the power to make statutes or regulations or to amend or repeal any statute or regulation which may then be in force: Provided that statutes and regulations dealing with the studies, examinations and discipline of the University shall not be made, amended or repealed except after consultation with the Senate.

Future statutes, joint statutes and joint regulations.

(2) After the appointed day, the Vice-Chancellors of the Universities, acting as a joint committee thereof, shall have power to make additional joint statutes and additional joint regulations and to amend or repeal any joint statute or joint regulation which may then be in force.

(3) No statute or regulation or joint statute or joint regulation or amendment or repeal thereof made under this section shall be of force and effect unless the provisions of sections *twenty-five* and *twenty-six* (as the case may be) have been observed, the Council and the Vice-Chancellors aforesaid (as the case may be) being substituted for the Council of the College and the Committee (as the case may be) in the application of either of those sections.

30. The members of the teaching and administrative staffs of the College who hold office immediately prior to the appointed day, shall continue as members of the teaching and administrative staffs respectively of the University and shall continue to be governed by the same conditions in respect of emoluments and tenure of office (subject always to the provisions of section *thirteen*) unless and until those conditions are altered by the Council in accordance with the statutes.

Teaching and administrative staffs of the College.

- Handhawing van die Christelike karakter van die Universiteit sonder toepassing van 'n denominasionale toets.
- 31.** (1) Die Raad moet by die benoeming van doserende, navorsende en administratiewe personeel sorg dra dat die Christelike karakter van die Universiteit gehandhaaf word: Met dien verstande dat geen denominasionale toets toegepas word as voorwaarde om 'n graad aan die Universiteit te verkry of te behou of om 'n professor, navorsers, lektor, dosent of lid van die administratiewe personeel aan die Universiteit te word of te bly, of om daarin 'n amp te beklee of besoldiging te ontvang of 'n voorreg uit te oefen.
- (2) Niemand word op grond van sy geloofsoortuiging verhinder om 'n student aan die Universiteit te word of te bly of 'n graad daarin te verkry of te behou nie.
- Verslag aan die Minister en voorlegging daarvan aan die Parlement.
- 32.** Die Raad moet elke jaar binne ses maande na die beëindiging van 'n akademiese jaar van die Universiteit 'n verslag van die verrigtings van die Universiteit gedurende daardie jaar aan die Minister stuur, benewens 'n volledige en georditeerde staat van sy ontvangste en uitgawe gedurende dieselfde tydperk. Die verslag en staat word so spoedig moontlik daarna deur die Minister in albei Huise van die Parlement ter Tafel gelê.
- Beperking van vervreemding van onroerende goed.
- 33.** Onroerende goed wat aan die Universiteit behoort, mag nie sonder die goedkeuring van die Minister verkoop, verhipoteker, verhuur of andersins oor beskik word nie.
- Aansluiting.
- 34.** Indien die Raad of bestuursliggaam van 'n universiteitskollege of van 'n inrigting waarvan die doel is om 'n afdeling van hoër onderwys aan te bied, wat tans bestaan of later ingestel word, met die goedkeuring van die Minister reëlings met die Universiteit getref het waarvolgens daardie kollege of inrigting by die Universiteit kan aansluit, kan die Goewerneur-generaal by proklamasie in die *Staatskoerant* verklaar dat die kollege of inrigting aldus aangesluit het en studente van dié kollege of inrigting kan daarop tot alle eksamens en grade van die Universiteit toegelaat word op die voorwaardes wat die statute moet voorskryf.
- Skole, kolleges of inrigtings.
- 35.** Die Universiteit is bevoeg om, ter beter uitvoering van sy werksaamhede, 'n gedeelte van die Universiteit as 'n skool of kollege of inrigting van die Universiteit te organiseer en vir die bestuur daarvan 'n raad, afvaardiging of kommissie van die Universiteit aan te stel wat, onderworpe aan die gesag van die Raad en die Senaat, die bevoegdheid uitoefen en die verteenwoordiging in die Senaat verkry wat in dié geval deur die statute bepaal word.
- Vakatures raak nie bevoegdhede van Universiteit of sy Raad of Senaat nie.
- 36.** Die feit dat die amp van Kanselier, Vise-kanselier of Rektor van die Universiteit vakant is of dat die ledetal van die Raad of die Senaat nie voltallig is nie, maak geen inbreuk op en raak nie die Universiteit se regs persoonlikheid of enige bevoegdhede, regte of voorregte wat deur hierdie Wet aan die Universiteit of die Raad of die Senaat verleen word nie: Met dien verstande dat geen besluit van die Raad of van die Senaat geldig is nie tensy dit geneem is op 'n vergadering waarop 'n kworum aanwesig was en tensy in alle ander opsigte voldoen is aan die statute wat op so 'n vergadering betrekking het.
- Uitbreiding van voorregte deur ander wette verleen.
- 37.** Wanneer 'n wet wat onmiddellik voor die vasgestelde dag van krag was aan iemand 'n reg of voorreg verleen op grond daarvan dat hy 'n graad aan die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop of die Universiteit van Suid-Afrika verkry het of aan een van daardie Universiteite in 'n eksamen geslaag het of 'n sertifikaat verkry het, word daardie reg of voorreg ook aan iemand verleen wat aan die Universiteit 'n gelyke graad of 'n gelykwaardige sertifikaat verkry het of in 'n gelyke eksamen geslaag het.
- Verwysing na Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys in enige wetsbepaling omvat die Universiteit.
- 38.** Wanneer die uitdrukking „Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys” voorkom in 'n wetsbepaling wat onmiddellik voor die vasgestelde dag van krag is (behalwe 'n bepaling wat deur hierdie Wet herroep word), of daarin na daardie kollege verwys word, dan word na die vasgestelde dag onder daardie uitdrukking of verwysing ook die Universiteit verstaan.
- Woordomskriving.
- 39.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—
- (i) „donateur”—
- (a) elkeen wat by wyse van 'n skenking of skenkings minstens vyf-en-twintig pond per jaar tot die fondse van die Universiteit bydra; of
- (b) elke regspersoon of vrywillige vereniging (behalwe 'n regspersoon of vrywillige vereniging wat krag-

31. (1) In appointing teaching, research and administrative staff the Council shall ensure that the Christian historical character of the University shall be maintained: Provided that no denominational test shall be applied to any person as a condition of his becoming or continuing to be a graduate of the University, or a professor, research-worker, lecturer, teacher or member of the administrative staff at the University, or of his holding any office or receiving any emolument or exercising any privilege therein.

Maintenance of Christian character of the University without application of denominational test.

(2) No person shall be prevented on the ground of his religious belief from becoming or continuing to be a student or graduate of the University.

32. The Council shall transmit annually to the Minister within six months after the termination of any academic year of the University a report of the proceedings thereof during that year, together with a complete and audited statement of the receipts and expenditure thereof during the same period. Such report and statement shall, as soon as possible thereafter, be laid by the Minister upon the Tables of both Houses of Parliament.

Report to be made to Minister and laid before Parliament.

33. Immovable property vested in the University shall not be sold, hypothecated, leased or otherwise disposed of without the approval of the Minister.

Restriction on alienation of immovable property.

34. If the Council or governing body of any university college, or of any institution which has for its objects the carrying on of any branch of higher education, now existing or subsequently to be established, has, with the approval of the Minister, made arrangements with the University whereby such college or institution may become affiliated with the University, the Governor-General may, by proclamation in the *Gazette*, declare such college or institution to be so affiliated and thereupon students of such college or institution may be admitted to any examination and degree of the University on the conditions to be prescribed by the statutes.

Affiliation.

35. For the better carrying out of its functions the University shall have power to organize any portion of the University into a school or college or institution of the University and to set up for its government a board, delegacy or commission of the University which, subject to the authority of Council and Senate, shall exercise such powers and receive such representation on the Senate as may in such case be determined in the statutes.

Schools, colleges or institutions.

36. No vacancy in the office of Chancellor or Vice-Chancellor or Rector of the University nor any deficiency in the number of members of the Council or of the Senate shall impair or affect the corporate existence of the University or any powers, rights or privileges conferred by this Act upon the University or the Council or the Senate: Provided that no resolution of the Council or the Senate shall be valid unless passed at a meeting whereat a quorum was present, and unless the statutes relating to any such meeting have in all other respects been complied with.

Vacancies not to affect powers of the University or its Council or Senate.

37. Whenever by any law in force immediately prior to the appointed day, any right or privilege is conferred upon any person by reason of his being a graduate of the University of the Cape of Good Hope or of the University of South Africa, or having passed an examination or being the holder of a certificate of either of these universities, such right or privilege shall be conferred upon a person who holds a like degree or an equivalent certificate or who has passed a like examination of the University.

Extension of privileges granted under other laws.

38. Whenever in any provision of a law in force immediately prior to the appointed day (other than a provision to be repealed by this Act) the expression "Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys" appears, or a reference to that College is made, that expression or reference shall, after the appointed day, be construed as including the University or as a reference thereto.

References in law to the "Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys" to include the University.

39. In this Act, unless inconsistent with the context—

- (i) "this Act" includes the statutes and the joint statutes; (xv)
- (ii) "College" means the "Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys"; (v)
- (iii) "the Council" means the Council, as constituted in accordance with this Act, of the University; (viii)
- (iv) "denominational test" means the requirement of membership of any Church; (iv)

Interpretation of terms.

- tens artikel *sewe* 'n verteenwoordiger in die Raad benoem het) wat regsbevoeg is om sulks te doen en by wyse van 'n skenking of skenkings minstens honderd pond per jaar tot die fondse van die Universiteit bydra; sodanige regs persoon of vrywillige vereniging word vir alle doeleindes van hierdie Wet deur sy sekretaris verteenwoordig; (v)
- (ii) „dosent” ook die direkteur of die hoof van 'n navorsingsinrigting of 'n ander inrigting en 'n beampte van sodanige inrigtings aangestel deur, en onder beheer van, die Raad; (xii)
- (iii) „die gemeenskaplike statute” die statute wat ooreenkomstig hierdie Wet opgestel is en wat op enige tydstip van krag is vir die reëling van sake wat kragtens hierdie Wet of Wet 12 van 1916 deur gemeenskaplike statute voorgeskryf moet word, en ook gemeenskaplike regulasies kragtens die gemeenskaplike statute uitgevaardig; (vi)
- (iv) „denominasionale toets” die vereiste van lidmaatskap van enige Kerk; (iv)
- (v) „Kollege” die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys; (ii)
- (vi) „Minister” die Minister van Onderwys of 'n ander Minister aan wie die Goewerneur-generaal die bestuur van sake betreffende hoër onderwys in die Unie opdra; (vii)
- (vii) „oorspronklike stigters” die lede van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, van wie die kuratore van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika en hulle ampsopvolgers die gevolmagtigdes is; (viii)
- (viii) „die Raad” die Raad van die Universiteit ooreenkomstig hierdie Wet saamgestel; (iii)
- (ix) „Rektor” die Rektor van die Kollege of van die Universiteit, na gelang van die geval; (ix)
- (x) „die Senaat” die Senaat van die Universiteit ooreenkomstig hierdie Wet saamgestel; (x)
- (xi) „die statute” in teenstelling met die gemeenskaplike statute, statute van die Universiteit wat op enige tydstip kragtens en ooreenkomstig hierdie Wet van krag is en ook regulasies kragtens die statute uitgevaardig; (xi)
- (xii) „Trustees” die kuratore voornoemd en hul ampsopvolgers in hul hoedanigheid van trustees van die fondse en eiendomme van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika; (xiii)
- (xiii) „die Universiteit” die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys deur hierdie Wet ingestel; (xiv)
- (xiv) „die Universiteite” die verskeie Universiteite in die Unie deur Wette van die Parlement ingestel; (xv)
- (xv) „hierdie Wet” ook die statute en die gemeenskaplike statute. (i)

Herroeping en wysiging van Wette.

40. (1) Vanaf die vasgestelde dag word Wet No. 25 van 1921 en Wet No. 5 van 1933 herroep. Die Wette in die Bylae van hierdie Wet uiteengesit, word vanaf die vasgestelde dag gewysig soos in die derde kolom van daardie Bylae aangetoon.

(2) Vanaf die vasgestelde dag word Proklamasie No. 102 van 1921 uitgelê asof al die woorde na „Nademaal” geskrap was.

Kort titel.

41. Hierdie Wet kan aangehaal word as die Private Wet op die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1950.

Bylae.

Wette.	Bepalings gewysig.	Omvang van wysiging.
Wet No. 12 van 1916 soos gewysig deur Wet No. 25 van 1941, Wet No. 4 van 1948, Wet No. 15 van 1949 en Wet No. 21 van 1949.	Artikel <i>sestien</i> (1).	Na die woorde „Universiteit van die Oranje-Vrystaat” voeg in „en de Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys”.
Wet No. 12 van 1916 soos gewysig deur Wet No. 15 van 1921, Wet No. 13 van 1930, Wet No. 4 van 1948, Wet No. 15 van 1949 en Wet No. 21 van 1949.	Artikel <i>drie-en-twintig</i> (1).	Na die woorde „Universiteit van die Oranje-Vrystaat” voeg in „en de Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys”.

- (v) "donor" means—
- (a) any person who contributes by way of donation in one or more sums at least twenty-five pounds per annum to the funds of the University; or
 - (b) any body corporate or voluntary association (except a body corporate or voluntary association which has appointed a representative on the Council in terms of section *seven*), which, competent to do so, contributes by way of donation in one or more sums at least one hundred pounds per annum to the funds of the University; such body corporate or voluntary association shall for all purposes of this Act be represented by its secretary; (i)
- (vi) "the joint statutes" means the statutes framed in accordance with this Act and for the time being in force for regulating matters which, under this Act, or Act No. 12 of 1916, are to be prescribed by joint statutes, and shall include also joint regulations made under the joint statutes; (iii)
- (vii) "Minister" means the Minister of Education or any other Minister to whom the Governor-General may assign the administration of matters relating to higher education in the Union; (vi)
- (viii) "original founders" means the members of the "Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika", for whom the curators of the "Theologiese School van de Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika" and their successors in office are the authorized agents; (vii)
- (ix) "Rector" means either the Rector of the College or of the University (as the case may be); (ix)
- (x) "the Senate" means the Senate, as constituted in accordance with this Act, of the University; (x)
- (xi) "the statutes" in contradistinction to the joint statutes, means statutes of the University which under and in accordance with this Act are for the time being in force, and shall include also the regulations made under the statutes; (xi)
- (xii) "teacher" includes the director or head of a research or other institution and an officer of such institutions appointed and controlled by the Council; (ii)
- (xiii) "Trustees" means the aforesaid curators and their successors in office in their capacity as trustees of the funds and properties of the "Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika"; (xii)
- (xiv) "the University" means the "Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys" established by this Act; (xiii)
- (xv) "the Universities" means the several Universities in the Union established by Acts of Parliament. (xiv)

40. (1) As from the appointed day Act No. 25 of 1921 and Act No. 5 of 1933 shall be repealed. The laws specified in the Schedule of this Act shall as from the appointed day be amended to the extent set out in the third column of that Schedule. Repeal and amendment of laws.

(2) As from the appointed day Proclamation No. 102 of 1921 shall be construed as if all the words after "Whereas" had been deleted.

41. This Act may be cited as the Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (Private) Act, 1950. Short title.

Schedule.

Acts.	Provisions amended.	Extent of amendment.
Act No. 12 of 1916 as amended by Act No. 25 of 1941, Act No. 4 of 1948, Act No. 15 of 1949 and Act No. 21 of 1949.	Section <i>sixteen</i> (1).	After the words "University of the Orange Free State" insert the words "and the Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys".
Act No. 12 of 1916 as amended by Act No. 15 of 1921, Act No. 13 of 1930, Act No. 4 of 1948, Act No. 15 of 1949 and Act No. 21 of 1949.	Section <i>twenty-three</i> (1).	After the words "University of the Orange Free State" insert the words "and the Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys".

Wette.	Bepalings gewysig.	Omvang van wysiging.
Wet No. 13 van 1916 soos gewysig deur Wet No. 25 van 1941, Wet No. 4 van 1948, Wet No. 15 van 1949 en Wet No. 21 van 1949.	Artikel <i>sewentien</i> (1).	Na die woorde „Universiteit van die Oranje-Vrystaat” voeg in „en de Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys”.
Wet No. 14 van 1916 soos gewysig deur Wet No. 25 van 1941, Wet No. 4 van 1948, Wet No. 15 van 1949 en Wet No. 21 van 1949.	Artikel <i>sewentien</i> (1).	Na die woorde „Universiteit van die Oranje-Vrystaat” voeg in „en de Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys”.
Wet No. 20 van 1917 soos gewysig deur Wet No. 15 van 1921, Wet No. 13 van 1930, Wet No. 4 van 1948, Wet No. 15 van 1949 en Wet No. 21 van 1949.	Artikel <i>een</i> ..	In die omskrywing van „Universiteit” na die woorde „Universiteit van die Oranje-Vrystaat” voeg in „en de Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys”.
" "	"	Aan die end van die omskrywing van „Universiteitswet” voeg die volgende woorde by: „en in toepassing op de Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys verstaan de Private Wet op die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1950, of een wyziging daarvan”.
" "	"	Aan die end van die omskrywing van „Universiteitsbestuur” voeg die volgende woorde by: „en in toepassing op de Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys verstaan de Raad daarvan”.
Wet No. 15 van 1921 soos gewysig deur Wet No. 13 van 1930, Wet No. 4 van 1948, Wet No. 15 van 1949 en Wet No. 21 van 1949.	Artikel <i>agtien</i> (1).	Na die woorde „Universiteit van die Oranje-Vrystaat” voeg in „en de Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.”
" "	"	Skrap die woorde „acht Universiteite” en vervang dit deur „negen Universiteite”.
" "	Artikel <i>agtien</i> (2).	Na die woorde „Universiteit van die Oranje-Vrystaat” waar dit ook al voorkom, voeg in „en de Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys”.
Wet No. 13 van 1930 soos gewysig deur Wet No. 15 van 1949 en Wet No. 21 van 1949.	Artikel <i>veertien</i> (1).	Na die woorde „Universiteit van die Oranje-Vrystaat” voeg in „en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys”.
" "	"	Skrap die woorde „ag Universiteite” en vervang dit deur „nege Universiteite”.
" "	Artikel <i>veertien</i> (2).	Na die woorde „Universiteit van die Oranje-Vrystaat” voeg in „en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys”.
Wet No. 4 van 1948 soos gewysig deur Wet No. 15 van 1949 en Wet No. 21 van 1949.	Artikel <i>neëntien</i> (1).	Na die woorde „Universiteit van die Oranje-Vrystaat” voeg in „en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys”.
Wet No. 4 van 1948 soos gewysig deur Wet No. 15 van 1949 en Wet No. 21 van 1949.	Artikel <i>neëntien</i> (1).	Skrap die woorde „ag Universiteite” en vervang dit deur „nege Universiteite”.
" "	Artikel <i>neëntien</i> (2).	Na die woorde „Universiteit van die Oranje-Vrystaat” voeg in „en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys”.

Acts.	Provisions amended.	Extent of amendment.
Act No. 13 of 1916 as amended by Act No. 25 of 1941, Act No. 4 of 1948, Act No. 15 of 1949 and Act No. 21 of 1949.	Section <i>seventeen</i> (1).	After the words "University of the Orange Free State" insert the words "and the Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys".
Act No. 14 of 1916 as amended by Act No. 25 of 1941, Act No. 4 of 1948, Act No. 15 of 1949 and Act No. 21 of 1949.	Section <i>seventeen</i> (1).	After the words "University of the Orange Free State" insert the words "and the Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys".
Act No. 20 of 1917 as amended by Act No. 15 of 1921, Act No. 13 of 1930, Act No. 4 of 1948, Act No. 15 of 1949 and Act No. 21 of 1949.	Section <i>one</i> ..	In the definition of "University", insert after the words "University of the Orange Free State" the words "and the Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys".
" "	"	At the end of the definition of "University Act" add the following words: "and in relation to the Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys means the Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (Private) Act, 1950, or any amendment thereof".
" "	"	At the end of the definition of "university authority" add the following words: "and in relation to the Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys means the council thereof".
Act No. 15 of 1921 as amended by Act No. 13 of 1930, Act No. 4 of 1948, Act No. 15 of 1949 and Act No. 21 of 1949.	Section <i>eighteen</i> (1).	After the words "University of the Orange Free State" insert the words "and the Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys".
" "	"	Delete the words "eight universities" and substitute the words "nine universities".
" "	Section <i>eighteen</i> (2).	After the words "University of the Orange Free State" wherever they occur, insert the words "and the Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys".
Act No. 13 of 1930 as amended by Act No. 15 of 1949 and Act No. 21 of 1949.	Section <i>fourteen</i> (1).	After the words "University of the Orange Free State" insert the words "and the Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys". Delete the words "eight universities" and substitute the words "nine universities".
" "	Section <i>fourteen</i> (2).	After the words "University of the Orange Free State" insert the words "and the Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys".
Act No. 4 of 1948 as amended by Act No. 15 of 1949 and Act No. 21 of 1949.	Section <i>nineteen</i> (1).	After the words "University of the Orange Free State" insert the words "and the Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys". Delete the words "eight universities" and substitute the words "nine universities".
Act No. 4 of 1948 as amended by Act No. 15 of 1949 and Act No. 21 of 1949.	Section <i>nineteen</i> (2).	After the words "University of the Orange Free State" insert the words "and the Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys".

No. 20, 1950.]

WET

Tot bekragtiging van sekere handelinge wat kragtens die wetsbepalings betreffende naturelle in stadsgebiede verrig is of heet te gewees het.

*(Afrikaanse teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)
(Goedgekeur op 1 Mei 1950.)*

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

Bekragtiging van sekere handelinge verrig kragtens Wet 25 van 1945 en sekere ander wette.

1. (1) Waar—

- (a) 'n aangeleentheid, wat volgens voorskrif van die Hoofwet na 'n Administrateur verwys moes gewees het, voor die inwerkingtreding van hierdie Wet na 'n Administrateur in Uitvoerende Komitee verwys is, word daardie aangeleentheid geag na daardie Administrateur verwys te gewees het;
- (b) 'n Administrateur in Uitvoerende Komitee voor bedoelde inwerkingtreding 'n goedkeuring heet te verleen of besluit heet te geneem of handeling heet te verrig het wat volgens voorskrif van die Hoofwet deur 'n Administrateur verleen, geneem of verrig moes gewees het, word al na die geval bedoelde goedkeuring geag deur daardie Administrateur verleen of besluit geag deur hom geneem of handeling geag deur hom verrig te gewees het.

(2) In hierdie artikel—

- (a) beteken die uitdrukking „die Hoofwet” die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, en ook enige wetsbepaling wat deur daardie Wet herroep is en enige regulasie wat kragtens daardie Wet of 'n aldus herroepe wetsbepaling uitgevaardig is of heet te gewees het; en
- (b) word 'n verwysing na 'n Administrateur in Uitvoerende Komitee geag 'n verwysing na 'n Administrateur wat heet te handel op advies of met toestemming of op gesag of onder opdrag van 'n Uitvoerende Komitee in te sluit.

Kort-titel.

2. Hierdie Wet heet die Bekragtigingswet insake Bevoegdhede van Administrateurs, 1950.

No. 20, 1950.]

ACT

To validate certain acts performed or purporting to have been performed under the laws relating to natives in urban areas.

(Afrikaans text signed by the Governor-General.)
(Assented to 1st May, 1950.)

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

1. (1) Wherever—

- (a) any matter which in terms of the principal Act was required to be referred to an Administrator, was prior to the commencement of this Act referred to an Administrator in Executive Committee, that matter shall be deemed to have been referred to that Administrator;
- (b) prior to such commencement an Administrator in Executive Committee purported to give any approval or decision or to perform any act which in terms of the principal Act was required to have been given or performed by an Administrator, that approval or decision shall be deemed to have been given or that act shall be deemed to have been performed, as the case may be, by that Administrator.

Validation of certain acts performed under Act 25 of 1945 and certain other laws.

(2) In this section—

- (a) the expression "the principal Act" means the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, and includes any law repealed by that Act and any regulation made or purporting to have been made under that Act or any law so repealed; and
- (b) any reference to an Administrator in Executive Committee includes a reference to an Administrator purporting to act on the advice or with the consent or under the authority or directions of an Executive Committee.

2. This Act shall be called the Administrators' Powers Short title. (Validation) Act, 1950.

No. 21, 1950.]

WET

Tot wysiging van die Ontug Wet, 1927, ten einde ontug tussen blankes en nie-blankes te belet, en vir daarmee in verband staande sake voorsiening te maak.

(Engelse teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)
(Goedgekeur op 1 Mei 1950.)

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

Wysiging van artikels 1, 2 en 3 van Wet 5 van 1927.

1. Artikels *een*, *twee* en *drie* van die Ontug Wet, 1927 (hieronder die Hoofwet genoem) word hiermee gewysig deur die woorde „naturellevrou” en „naturellemanspersoon”, oral waar hul voorkom, te vervang deur die woorde „nie-blanke vrou” en „nie-blanke manspersoon”, onderskeidelik.

Invoeging van artikel 2*bis* in Wet 5 van 1927.

2. Die volgende artikel word hiermee in die Hoofwet na artikel *twee* ingevoeg:

„Verweer teen aanklag. 2*bis*. Dit is voldoende verweer teen enige aanklag ingevolge artikel *een* of artikel *twee* as aan die hof of jurie wat die aanklag verhoor, tot sy oortuiging bewys word dat die aldus aangeklaagde persoon op die tydstip toe die misdryf begaan is redelike grond gehad het om te glo dat die persoon met wie hy of sy die misdryf begaan het ’n blanke is, indien die aldus aangeklaagde persoon ’n blanke is, of ’n nie-blanke is, indien die aldus aangeklaagde persoon ’n nie-blanke is.”

Vervanging van artikel 7 van Wet 5 van 1927.

3. Artikel *sewe* van die Hoofwet word hiermee deur die volgende artikel vervang:

„Woordbepaling. 7. In hierdie Wet beteken—
(i) „blanke” iemand wat volgens voorkoms klaarblyklik ’n blanke is of wat gewoonlik vir ’n blanke deurgaen; (i)
(ii) „nie-blanke” iemand wat volgens voorkoms klaarblyklik ’n nie-blanke is of wat gewoonlik vir ’n nie-blanke deurgaen; (iii) en
(iii) „ontug” buite-egtelike vleeslike gemeenskap. (ii).”

Invoeging van artikel 7*bis* in Wet 5 van 1927.

4. Die volgende artikel word hiermee in die Hoofwet na artikel *sewe* ingevoeg:

„Vermoede. 7*bis*. Iemand wat volgens voorkoms klaarblyklik ’n blanke of ’n nie-blanke skyn te wees, na gelang van die geval, word by die toepassing van hierdie Wet geag sulks te wees, totdat die teen-deel bewys word.”

Wysiging van lang titel van Wet 5 van 1927.

5. Die lang titel van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die woorde „blanke en naturelle” te vervang deur die woorde „blankes en nie-blankes”.

Kort titel.

6. Hierdie Wet heet die Ontug-wysigingswet, 1950.

No. 21, 1950.]

ACT

To amend the Immorality Act, 1927, so as to prohibit illicit carnal intercourse between Europeans and non-Europeans, and to provide for matters incidental thereto.

(English text signed by the Governor-General.)
(Assented to 1st May, 1950.)

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

1. Sections *one*, *two* and *three* of the Immorality Act, 1927 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for the word "native", wherever it occurs, of the word "non-European". Amendment of sections 1, 2 and 3 of Act 5 of 1927.

2. The following section is hereby inserted in the principal Act after section *two*: Insertion of section 2*bis* in Act 5 of 1927.

"Defence to charge. 2*bis*. It shall be a sufficient defence to any charge under section *one* or section *two* if it is proved to the satisfaction of the court or jury before whom the charge is brought that the person so charged at the time of the commission of the offence had reasonable cause to believe that the person with whom he or she committed the offence was a European if the person so charged is a European, or a non-European if the person so charged is a non-European."

3. The following section is hereby substituted for section *seven* of the principal Act: Substitution of section 7 of Act 5 of 1927.

"Inter-pretation of terms. 7. In this Act—
(i) 'European' means a person who in appearance obviously is, or who by general acceptance and repute is a European; (i)
(ii) 'illicit carnal intercourse' means carnal intercourse other than between husband and wife; (iii) and
(iii) 'non-European' means a person who in appearance obviously is, or who by general acceptance and repute is a non-European. (ii)."

4. The following section is hereby inserted in the principal Act after section *seven*: Insertion of section 7*bis* in Act 5 of 1927.

"Presump-tion. 7*bis*. Any person who seems in appearance obviously to be a European or a non-European, as the case may be, shall for the purposes of this Act be deemed to be such, until the contrary is proved."

5. The long title of the principal Act is hereby amended by the substitution for the word "natives", of the word "non-Europeans". Amendment of long title of Act 5 of 1927.

6. This Act shall be called the Immorality Amendment Act, 1950. Short title.

No. 22, 1950.]

WET

Tot wysiging van die „Wet op Patente, Modellen, Handelsmerke en Auteursrecht, 1916”.

(Afrikaanse teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)
(Goedgekeur op 6 Mei 1950.)

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

Wysiging van artikel 150 van Wet 9 van 1916.

1. Sub-artikel (1) van artikel *honderd-en-vyftig* van die „Wet op Patente, Modellen, Handelsmerke en Auteursrecht, 1916” word hiermee gewysig deur na die woord „naamlik:—” die woorde „De Bibliotheek van het Parlement van de Unie van Zuid-Afrika te Kaapstad,” in te voeg.

Kort titel.

2. Hierdie Wet heet die Outeursreg-wysigingswet, 1950.

No. 22, 1950.]

ACT

To amend the Patents, Designs, Trade Marks, and Copyright Act, 1916.

(*Afrikaans text signed by the Governor-General.*)
(*Assented to 6th May, 1950.*)

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

1. Sub-section (1) of section *one hundred and fifty* of the Amendment of Patents, Designs, Trade Marks, and Copyright Act, 1916, is hereby amended by the insertion after the word "namely," of the words "The Library of the Parliament of the Union of South Africa, Cape Town,"

Amendment of section 150 of Act 9 of 1916.

2. This Act shall be called the Copyright Amendment Act, Short title. 1950.

No. 23, 1950.]

WET

Om voorsiening te maak vir die verdeling deur die Besproeiingsraad Olifantsnek van die water onder sy beheer aan die grond wat daarop geregtig is en om die hoeveelhede water wat aan sekere grond gelewer moet word voor te skryf; om beperkings op die verandering van die lys van besproeibare grond van die Besproeiingsdistrik Olifantsnek te lê; om voorsiening te maak vir die vrystelling van sekere grond van die heffing van belasting ten opsigte van sekere besproeibare grond en vir die heffing van verskillende belastingen ten opsigte van sekere grond; om die heffing van verskillende belastingen ten opsigte van sekere grond te bekragtig; en om vir ander bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(Engelse teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)
(Goedgekeur op 6 Mei 1950.)

Aanhef.

NADEMAAL die Besproeiingsraad Olifantsnek, handelende ooreenkomstig die bepalinge van paragraaf (2) van 'n besluit wat deur die Volksraad op die sesde dag van Februarie 1935, en deur die Senaat op die sewe-en-twintigste dag van Maart 1935, geneem is, jaarliks sekere verskillende belastinge op grond binne sy besproeiingsdistrik gehef het en 'n beginsel aangeneem het vir die versekering vir sover doenlik van water vir die grond wat van water uit sy besproeiingswerke voorsien word en wat vir sitrusbou gebruik word:

EN NADEMAAL bedoelde raad die bevoegdheids wat by artikel *een-en-negentig* van die „Besproeiings- en Waterbewarings Wet 1912” (Wet No. 8 van 1912) aan hom verleen is, te buite gegaan het deur voormelde verskillende belastinge te hef:

EN NADEMAAL dit raadsaam is om die optrede van die raad ten opsigte van die heffing van sodanige verskillende belastinge te bekragtig en om aan die raad die bevoegdheid te verleen om in die toekoms sodanige belastinge te hef:

EN NADEMAAL die oppervlakte-grond wat vir sitrusbou gebruik word sedert 1935 uitgebrei het:

EN NADEMAAL die water-hulpbronne ter beskikking van bedoelde raad nie toereikend sal wees om hom in staat te stel om jaarliks voldoende water aan die grond wat daarop geregtig is te lewer nie tensy die oppervlakte van daardie gedeelte van sodanige grond wat vir sitrusbou gebruik word, beperk word:

EN NADEMAAL dit raadsaam is om bedoelde oppervlakte in sekere opsigte te beperk:

EN NADEMAAL dit raadsaam is om die verskaffing van water aan sekere besproeibare grond, in sy geheel sewe-en-dertig en 'n half morge, wat op die raad se lys van besproeibare grond van die Besproeiingsdistrik Olifantsnek voorkom, te verseker, en om voorsiening te maak vir die vrystelling van betaling van besproeiingsbelastinge ten opsigte van sodanige grond:

EN NADEMAAL dit raadsaam is om sekere basiese jaarlikse kwotas water vir gebruik op grond wat binne die Besproeiingsdistrik Olifantsnek geleë is voor te skryf en om voorsiening te maak vir die versekering vir sover doenlik van water vir gebruik op grond wat vir sitrusbou gebruik word:

EN NADEMAAL dit raadsaam is om beperkings op die wysiging van die lys van besproeibare grond van die Besproeiingsdistrik Olifantsnek te lê:

EN NADEMAAL dit raadsaam is om vir ander bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak:

WORD DIT DERHALWE BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

Woordomskriving.

1. In hierdie Wet, tensy dit met die samehang onbestaanbaar is, beteken—

- (i) „besproeiingsdistrik” die Besproeiingsdistrik Olifantsnek by Proklamasie No. 63 van 1921, soos gewysig deur Proklamasie No. 83 van 1930, ingestel; (iii)
- (ii) „Besproeiingswet” die „Besproeiings- en Waterbewarings Wet 1912” (Wet No. 8 van 1912); (ii)
- (iii) „raad” die Besproeiingsraad Olifantsnek by Proklamasie No. 63 van 1921 ingestel, (i)

No. 23, 1950.]

ACT

To provide for the distribution by the Olifantsnek Irrigation Board of the water under its control to the land entitled thereto and to prescribe the quantities of water to be delivered to certain land; to impose restrictions on the alteration of the schedule of irrigable areas of the Olifantsnek Irrigation District; to provide for the exemption of certain land from rating in respect of certain irrigable areas and for the levying of differential rates in respect of certain land; to validate the levying of differential rates in respect of certain land; and to provide for other incidental matters.

(English text signed by the Governor-General.)
(Assented to 6th May, 1950.)

WHEREAS the Olifantsnek Irrigation Board has, acting in Preamble. pursuance of the provisions of paragraph (2) of a resolution adopted by the House of Assembly on the sixth day of February, 1935, and by the Senate on the twenty-seventh day of March, 1935, levied annually certain differential rates on land within its irrigation district and has adopted a principle for the insurance as far as practicable of water for the land supplied with water from its irrigation works and upon which citrus crops are cultivated:

AND WHEREAS the said board has exceeded the powers conferred upon it by section *ninety-one* of the Irrigation and Conservation of Waters Act, 1912 (Act No. 8 of 1912), by levying the aforesaid differential rates:

AND WHEREAS it is expedient to validate the actions of the said board in respect of the levying of such differential rates and to empower the board to levy such rates in future:

AND WHEREAS the area of land upon which the said citrus crops are cultivated has increased since 1935:

AND WHEREAS the water resources available to the said board will not be adequate to enable it to deliver annually sufficient water to the land entitled thereto unless the area of that portion of such land upon which citrus crops are cultivated is restricted:

AND WHEREAS it is expedient to restrict the said area in certain respects:

AND WHEREAS it is expedient to ensure as far as practicable the supply of water to certain irrigable land totalling thirty-seven and one half morgen included in the board's schedule of irrigable areas of the Olifantsnek Irrigation District and to provide for exemption from payment of irrigation rates in respect of such land:

AND WHEREAS it is expedient to prescribe certain basic annual quotas of water for use on land situate within the Olifantsnek Irrigation District and to provide for the insurance as far as is practicable of water for use on land upon which citrus crops are cultivated:

AND WHEREAS it is expedient to impose restrictions on the alteration of the schedule of irrigable areas of the Olifantsnek Irrigation District:

AND WHEREAS it is expedient to provide for other incidental matters:

BE IT THEREFORE ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

1. In this Act, unless the context otherwise indicates— Definitions.
- (i) "board" means the Olifantsnek Irrigation Board constituted by Proclamation No. 63 of 1921; (iii)
 - (ii) "Irrigation Act" means the Irrigation and Conservation of Waters Act, 1912 (Act No. 8 of 1912); (ii)
 - (iii) "irrigation district" means the Olifantsnek Irrigation District constituted by Proclamation No. 63 of 1921, as amended by Proclamation No. 83 of 1930, (i).

en het enige uitdrukking waaraan in die Besproeiingswet 'n betekenis toegeskryf is, dieselfde betekenis waar dit in hierdie Wet gebesig word.

Verdeling van
water deur raad.

2. (1) Die raad moet maatreëls tref wat redelikerwys voldoende is om te verseker dat daar gedurende elke jaar—

(a) vir gebruik op elke stuk grond gemeld in die Eerste Bylae by hierdie Wet 'n hoeveelheid water gelewer word, wat deel uitmaak van die water binne die besproeiingswerke van die raad, gelyk aan honderd-en-dertigduisend seshonderd-en-tagtig kubieke voet water per morg vir elke morg grond wat in bedoelde Bylae ten opsigte van sodanige stuk grond aangedui word;

(b) vir gebruik op elke stuk grond gemeld in die Tweede Bylae by hierdie Wet 'n hoeveelheid water gelewer word, wat deel uitmaak van die res van die water beskikbaar vir verdeling deur die raad gedurende enige sodanige jaar, nadat voorsiening gemaak is vir die lewering van water ingevolge paragraaf (a) aan die daarin bedoelde grond, wat so na as doenlik in dieselfde verhouding tot die res van die water beskikbaar vir verdeling staan as die verhouding waarin die oppervlakte wat in bedoelde Bylae ten opsigte van sodanige stuk grond aangedui word tot die totale oppervlakte van die oppervlakte wat daarin aangedui word, staan; en

(c) uit enige oorskot van water wat weens die toepassing van die voorbehoudsbepaling by hierdie sub-artikel beskikbaar mag wees vir daardie jaar, nadat voorsiening gemaak is vir die lewering van water ingevolge paragrawe (a) en (b) aan die daarin bedoelde grond, vir gebruik op elke stuk grond wat op die lys van besproeibare grond van die besproeiingsdistrik voorkom, 'n hoeveelheid water gelewer word, wat deel uitmaak van die oorskot van water wat aldus beskikbaar is, wat so na as doenlik in dieselfde verhouding tot sodanige oorskot van water beskikbaar vir verdeling staan as die verhouding waarin die besproeibare oppervlakte wat in bedoelde lys van besproeibare grond ten opsigte van sodanige stuk grond voorkom, min sodanige oppervlakte as wat in die Eerste en Tweede Bylaes by hierdie Wet ten opsigte van sodanige stuk grond aangedui word, tot die totale oppervlakte van besproeibare grond wat op bedoelde lys van besproeibare grond voorkom, min die totale oppervlakte van die oppervlakte wat in bedoelde Eerste en Tweede Bylaes aangedui word, staan:

Met dien verstande dat die raad nie ingevolge hierdie sub-artikel in enige jaar vir gebruik op enige stuk grond wat op die lys van besproeibare grond van die besproeiingsdistrik voorkom 'n groter hoeveelheid water as honderd-en-dertigduisend seshonderd-en-tagtig kubieke voet water per morg vir elke morg besproeibare grond wat op bedoelde lys van besproeibare grond ten opsigte van sodanige stuk grond voorkom, lewer nie.

(2) Indien water nog beskikbaar is vir verdeling deur die raad gedurende enige jaar nadat aan die bepalings van sub-artikel (1) voldoen is en die raad dit goed ag om sodanige water of enige gedeelte daarvan gedurende daardie jaar te verdeel, moet die raad maatreëls tref wat redelikerwys voldoende is om te verseker dat daar vir gebruik op elke stuk grond wat op die lys van besproeibare grond van die besproeiingsdistrik voorkom 'n hoeveelheid water gelewer word wat so na as doenlik in dieselfde verhouding tot die hoeveelheid water wat verdeel moet word staan as die verhouding waarin die besproeibare oppervlakte wat in bedoelde lys ten opsigte van sodanige stuk grond voorkom tot die totale oppervlakte van besproeibare grond wat op bedoelde lys voorkom, staan.

(3) By die toepassing van hierdie artikel beteken „jaar” 'n tydperk wat op die eerste dag van Mei in enige jaar begin en op die dertigste dag van April van die eersvolgende jaar eindig.

Lys van
besproeibare
grond.

3. (1) Die lys van besproeibare grond van die besproeiingsdistrik word nie sonder die toestemming van die Minister deur die raad gewysig nie.

(2) Wanneer die raad bedoelde lys van besproeibare grond ooreenkomstig die bepalings van artikel *negentig* van die Besproeiingswet gewysig het, kan die Minister, behoudens die bepalings van sub-artikels (3) en (4) van hierdie artikel en na raadpleging met die raad, by kennisgewing in die *Staatskoerant* die Tweede Bylae by hierdie Wet wysig.

and any expression to which a meaning has been assigned in the Irrigation Act bears, when used in this Act, the same meaning.

2. (1) The board shall adopt reasonably adequate measures for ensuring that there is delivered during each year— Distribution of water by board.

(a) for use on each piece of land set out in the First Schedule to this Act a quantity of water, being portion of the water contained within the irrigation works of the board, equivalent to one hundred and thirty thousand six hundred and eighty cubic feet of water per morgen for each morgen of land indicated in the said Schedule in respect of such piece of land;

